Afrikaanse Protestantse Kerk

HANDELINGE
van die
VYFTIENDE SINODE

Gehou te Pretoria
3–6 September 2017

Besluite van die Sinode soos opgeneem in hierdie dokument is onmiddellik van krag by die publisering hiervan tensy anders vermeld.

HANDELINGE VAN DIE VYFTIENDE SINODE

Besluite van Sinode 2017 soos opgeneem in hierdie dokument, is onmiddellik van krag by die publisering hiervan, tensy anders vermeld.

Kopiereg: © 2017

Uitgewers: *Lig in Duistgernis Uitgewers*

Verskyningsdatum: 31 Januarie 2018

Tipografiese uitleg: *Lig in Duistgernis Uitgewers*

Gedruk en gebind: Exutate (Pty) Ltd
Tel.: 082 932 8400
Faks: 086 764 9210
E-pos: riaan@exutate.co.za

U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.
– Psalm 119:105 –

VOORWOORD

In u hande hou u die bewys dat die Afrikaanse Protestantse Kerk 'n lewende kerk is. Let wel, nie 'n volmaakte kerk nie, want die tekens van ons gebrokenheid is té duidelik sigbaar om op volmaaktheid aanspraak te maak. Dat die kerk egter bestaan uit mense wat hulle verlossing in Christus bely en beleef, word met die deurlees van die Handelinge duidelik.

Ons het die besondere voorreg gehad om in die herdenkingsjaar van die groot Hervorming van die sestiende eeu as kerke in kerkverband saam te kom om oor sake van gemeenskaplike belang te beraadslaag en te besluit. Ons het tydens die Broederlike Gesprek opnuut besef dat dit só maklik is om net lippediens aan ons gereformeerde belydenis te bewys. Die gereformeerde vaders se belydenis het hulle totale lewens in beslag geneem en dure offers van hulle gevra. Menigeen het sy/haar belydenis met hul eie bloed onderstreep. As kinders van die Reformasie neem ons hulle belydenis ook op ons lippe, maar dit sal hol en leeg klink as dié belydenis nie uit ons harte kom nie. Die reformatoriese slagspreuk van *sola Scriptura* verplig ons tot voortdurende reformasie, maar dan as 'n lewensverandering gegrond op en gedryf deur die onfeilbare Woord van God as hoogste norm vir ons leer en lewe.

Uitgaande van ons verhouding met die drie-enige God, ons getrouheid aan sy Woord en ons verbondenheid aan ons gereformeerde belydenisskrifte, is die sake wat op die terreine van die verskillende sinodale kommissies lê, bespreek. In afhanklikheid van die Heilige Gees en met die lig tot ons beskikking is besluite geneem wat die koers van die kerkverband vir die volgende vier jaar moet bepaal. Nou lê die taak voor om uitvoering aan hierdie besluite te gee en so die eer van God op alle terreine van die samelewing te soek. Maklik is die taak nie, want ons leef in een van die moeilikste tye in ons land, volk en kerk se geskiedenis. Ons mag egter nooit toelaat dat die omstandighede ons onderkry nie. Ons moet die groot skare Christene onthou *wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop, die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper was in die oorloë, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het. Ander weer het die proef van bespottinge en géselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis. Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel – die wêreld was hulle nie werd nie – hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond gewoon. En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie* (Hebr. 11:33-34, 36-40). Deur God se genade kan ons, soos hulle, volhou soos mense wat die onsienlike sien, met die geloofsoog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof.

Hartlike dank aan almal wat hard gewerk het om die *Handelinge 2017* in ons hande te besorg, in die besonder di. Schalk Strauss (skriba) en Henning Dafel (hulpskriba), asook die personeel van die Sentrale Kerkkantoor wat met die afronding gemoeid was. Die afhandeling van die *Handelinge* is 'n taak wat met groot sorg gedoen moet word, aangesien korrektheid en netheid van die grootste belang is. Dit neem baie tyd in beslag en gaan dikwels met groot frustrasies gepaard.

U as kerkrade het 'n verantwoordelikheid om die *Handelinge van die Sinode* onder gemeentelede se aandag te bring sodat hulle op hoogte kan bly van verwikkelinge in die kerkverband en saam uitvoering aan die besluite kan gee. Onthou: Daar in die plaaslike gemeente word kerkwees sigbaar. Baie seën op u gemeentelike werksaamhede toegebid.

JAE Adendorff
Voorsitter: Vyftiende Sinode

Inhoudsopgawe

Die inhoudsopgawe is nie 'n chronologiese lys van die gebeure nie, maar gee – buiten belangrike momente en inligting van die vergadering – 'n lys van die verslae soos deur die onderskeie permanente en tydelike kommissies gelewer. Die volgorde is soos die verslae die eerste keer gelewer is.

1. VOORWOORD i

2. VERWELKOMING **338**

3. OPENING **338**

4. SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) **340**

Verslag 340

Verslag (vervolg) 341

Verslag (vervolg) 343

Verslag (vervolg) 344

Verslag (vervolg) 345

Verslag (vervolg) 348

Verslag (vervolg) 395

5. TYDELIKE KOMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS) **344**

Eerste verslag (TKKS 1) 344

Tweede verslag (TKKS 2) 356

Derde en Vierde verslag (TKKS 3 en TKKS 4) 402

Vyfde verslag (TKKS 5) 403

6. PUBLIKASIEKOMISSIE (PK) **348**

Verslag 348

Verslag (vervolg) 351

Verslag (vervolg) 353

Verslag (vervolg) 357

7. TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG) **338**

Eerste verslag (TKG 1) 338

Tweede verslag (TKG 2) 355

Derde en Vierde verslag (TKG 3 en 4) 362

8. BROEDERLIKE GESPREK **355**

Voordrag: Ds. HSW Strauss 355

Bylae 3 420

9. *DIE BOODSKAPPER* EN *DIE JEUGBOODSKAPPER* (BYLAE PK1) **358**

Verslag 358

10. KOMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKA) **359**

Verslag 359

11. KOMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV) **361**
Verslag 361
12. GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) **363**
Verslag 363
Verslag (vervolg) 363
Verslag (vervolg) 366
13. TYDELIKE KOMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV) **368**
Eerste en Tweede verslag (TKV 1 en 2) 356
Derde en Vierde verslag (TKV 3 en 4) 368
Vyfde en Sesde verslag (TKV 5 en 6) 383
Sewende en Agtste verslag (TKV 7 en 8) 385
Negende verslag (TKV 9) 404
14. KOMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) **368**
Verslag 368
Verslag (vervolg) 370
Verslag (vervolg) 371
Verslag (vervolg) 373
15. TYDELIKE KOMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM) **373**
Eerste verslag (TKM 1) 373
Tweede verslag (TKM 2) 403
Derde verslag (TKM 3) 407
16. KOMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) **376**
Verslag 376
Verslag (vervolg) 379
17. KOMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (KSE) **385**
Verslag 385
18. KURATORIUM (KUR) **386**
Verslag (Afdeling A) 386
Verslag (Afdelng B) 389
19. *AD HOC*-KOMMISSIE VIR DIE HERSKRYF VAN VERBONDSONDERRIGBOEKE EN -HANDLEIDINGS **395**
Verslag 395
20. TYDELIKE KOMMISSIE VIR KOMMISSIES **397**
Eerste verslag (TKK 1) 397
Tweede verslag (TKK 2) 404
21. KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO) **399**
Verslag 399
22. KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL) **401**

Verslag 401
23. TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES (TKF) **402**
Verslag (TKF 1) 402
24. BEDANKINGS **407**
25. AFSLUITING **407**
26. BYLAES **408**
BYLAE 1: GROETEBOODSKAPPE 408
BYLAE 2: LYS VAN AFGEVAARDIGDES 415
BYLAE 3: BROEDERLIKE GESPREK 420
BYLAE 4: LAAT REGISTRASIE 430

MUSIEKFEES TER VIERING VAN REFORMASIE 500 ASOOK DIE 30-JARIGE BESTAAN VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK MET DIE OOG OP DIE OPENING VAN DIE VYFTIENDE SINODE, 3 SEPTEMBER 2017

'n Musiekfees is in die ZK Matthews-ouditorium, Unisa, gehou en 'n feestelike program is onder leiding van mnr. Braam van Tonder aangebied. Aan die hand van koorsang, musiek en voordrag is 31 Oktober 1517 dankbaar onthou en is daar in nederigheid teruggekyk oor die 30 jaar van die AP Kerk se bestaan.

EERSTE SITTINGSDAG – MAANDAG 4 SEPTEMBER 2017
EERSTE SESSIE: 10:00 – MIDDAGETE

1. SAMESANG

Ds. H Scherman lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

Prof. dr. JAE Adendorff, die Voorsitter van die vorige Sinode (bepaling 41E), tree as waarnemende Voorsitter op.

2. OPENING

Ds. MJ van Schalkwyk (Tuinplaas) neem die opening waar as die dienende predikant wat die oudste in jare is (bepaling 41E). Hy lees Efésiërs 4:17 – 5:2 en doen 'n gebed.

Die waarnemende Voorsitter bedank ds. Van Schalkwyk vir die opening en wens hom sterkte toe met sy vrou wat geval en haar heup gebreek het.

3. VERWELKOMING

Die waarnemende Voorsitter, prof. dr. JAE Adendorff, verwelkom al die afgevaardigdes by die Vyftiende Sinode van die AP Kerk.

Prof. dr. GDS Smit, *pastor loci*, heet die afgevaardigdes namens die kerkraad en gemeente van AP Kerk Wonderboom welkom.

4. GROETEBOODSKAPPE

Groeteboodskappe word aan die Sinode voorgehou vanaf die AP kerke Philippolis en Orkney (Kyk Bylae 1, *Handelinge 2017* bl. 408).

5. AFKONDIGINGS

Die waarnemende Voorsitter doen enkele afkondigings.

6. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG 1) [Kyk Bylae 2, *Handelinge 2017*, bl. 415]

Ds. JH Bisschoff hou die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem

2. **Opdrag** – Kennis geneem

3. **Bevinding** – Kennis geneem

3.1 Alle geregistreerdes voor 09:00 – Kennis geneem

Kyk Bylae 2 (*Handelinge 2017* bl. 415) vir die volledige lys van afgevaardigdes wat voor 09:00 geregistreer het.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.2 Die Sinode besluit om die lys van geregistreerdes as bylae in die *Handelinge 2017* op te neem.

4. KONSTITUERING

AANBEVELING GOEDGEKEUR

4.1 Die Sinode 2017 word gekonstitueer.

Die waarnemende Voorsitter verklaar die vergadering amptelik gekonstitueer as die Vyftiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse kerkverband. Van die 209 gemeentes het 120 voor 09:00 geregistreer met 237 afgevaardigdes.

5. VERSKONINGS

5.1 Gemeentes – kennis geneem

Die volgende gemeentes het volgens Kerkorde Artikel 38.3 verskoning gemaak vir Sinode 2017:

Albertinia, Balfour, Barkley-Oos, Beaufort-Wes, Bloemhof, Boshof, Britstown, Buhrmannsdrif, Calvinia, Carnarvon, Clanwilliam, Cornelia, De Aar, Dealesville, Delmas, Devon, Dewetsdorp, Douglas, Dundee/Glencoe, Engeland en Wallis, Excelsior, Fraserburg, Gelofte-Pietermaritzburg, Greylingstad, Groter Durban, Jamestown, Keetmanshoop, Kuruman, Leeudoringstad, Lindley, Memel, Messina, Meyerton, Nigel, Ottosdal, Oudtshoorn, Petrus Steyn, Phalaborwa, Piketberg, Prieska, Randfontein; Richardsbaai, Smithfield, Stella, Stellenbosch–Somerset–Strand, Steynsburg, Sutherland, Vaalharts, Vanderbijlpark, Vereeniging, Villiers, Welkom, Welwitschia, Wesselsbron, Witrivier, Worcester, Zoar.

5.2 Afgevaardigdes – kennis geneem

Die volgende afgevaardigdes van gemeentes het verskoning vir die Sinode 2017 aangeteken:

Oudl. Paul van Niekerk (Carolina)
Oudl. Herman John Booysen (Heidelberg)
Dr. JH Ellis (Tygerberg)
Oudle. Hannes du Preez en MS Erasmus (albei van Orania)
Oudl. CCJ Bester (Standerton)
Oudl. AF De Paiva (Hoedspruit)
Oudl. SJ Wilkinson (Belfast)
Oudl. J van den Berg (Bothaville)

6. STEMREG

6.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit oor die stemreg van bogenoemde gemeentes:

Ermelo – stemreg toegestaan
Krugersdorp – stemreg toegestaan
Vryheid – stemreg toegestaan
Kroonstad – stemreg toegestaan
Oos-Rand – stemreg toegestaan

AANBEVELING VERWYS NA DIE TKKS (Kyk *Handelinge 2017*, pt. 47, bl. 356):

Die Sinode besluit afsonderlik oor elke gemeente wat tot op 31 Augustus 2017 geen reëling t.o.v. agterstallige 15% oorbetalings getref het nie, nadat elkeen afsonderlik geleentheid gehad het om hul saak te stel:

<u>Bainsvlei</u> – geen stemreg totdat die TKKS die Sinode met 'n aanbeveling dien nie.

<u>Biesiesvlei</u> – geen stemreg totdat die TKKS die Sinode met 'n aanbeveling dien nie.

<u>Fonteine</u> – geen stemreg totdat die TKKS die Sinode met 'n aanbeveling dien nie.

<u>Piet-Retief</u> – geen stemreg totdat die TKKS die Sinode met 'n aanbeveling dien nie.

<u>Sanddrift</u> – geen stemreg totdat die TKKS die Sinode met 'n aanbeveling dien nie.

6.3 Stemreg Warmbad

AANBEVELING VERWYS NA TKKS (Kyk *Handelinge 2017*, pt. 23, bl. 344):

Beswaar word gemaak teen die afgevaardigdes van Warmbad se stemreg op grond daarvan dat hulle die tugproses teen hul leraar vertraag. Die afgevaardigdes het geen stemreg totdat die TKKS die Sinode met 'n aanbeveling dien nie.

7. AANWYS VAN STEMOPNEMERS EN -TELLERS

Die name van die volgende afgevaardigdes word goedgekeur as stemopnemers en -tellers:

Ds. H Scherman (sameroeper)

Ouderlinge:
Oudl. WJ de Clerck (Bloemfontein)
Oudl. GCM Ludick (Bothaville)
Oudl. AC Boshoff (Brakrivier)
Oudl. PW Möller (Grootfontein – Tvl)
Oudl. JPF Harding (Hoedspruit)
Oudl. WJF Joubert (Hoëveld-Ermelo)
Oudl. GJ van Niekerk (Hoëveld-Ermelo)
Oudl. DB Pretorius (Lebombo)
Oudl. SM Grobler (Warmbad)
Oudl. JD Fourie (Warmbad)

Leraars:
Ds. RK Combrink
Ds. HLJ Erasmus
Ds. WJ Malan

8. ORDEREËLINGS

Die vergadering neem kennis van die ordereëlings (*Sakelys* bl. ii).

9. VERKIESING: VOORSITTER

Die waarnemende Voorsitter versoek die vergadering om nominasies vir 'n voorsitter in te dien.

10. BENOEMING VAN TYDELIKE KOMMISSIES

Die waarnemende Voorsitter reël dat punt 5.1 van die SKK se verslag hier in behandeling geneem word.

5.1 REËL VAN SINODE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.1.1 Die Sinode keur die indeling van tydelike kommissies goed.

11. AFKONDIGINGS

Die waarnemende Voorsitter doen enkele afkondigings.

12. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 1]

Ds. PJ Möller hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – kennis geneem

2. VERGADERINGS – kennis geneem

3. SINODALE OPDRAGTE 2013 – kennis geneem

3.1 BEDIENING AAN LIDMATE IN DIE BUITELAND (*Handelinge 2013*, bl. 256, pt. 3.2.1–3.2.2)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat eredienste direk uitsaai of dit elektronies beskikbaar stel.

3.1.2 Die Sinode moedig steeds kerkrade aan om die name van persone in die Verenigde Koninkryk aan die gemeentes Engeland en Wallis of Pretoria-Oos deur te gee.

3.1.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK ten opsigte van bediening aan lidmate in die buiteland.

3.2 WEBBLAD VAN DIE AP KERK (*Handelinge 2013*, bl. 256–257, pt. 3.3.2)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode besluit dat terugvoer oor die webblad en multimedia-aangeleenthede voortaan in die PK-verslag opgeneem sal word.

3.3 KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE (*Handelinge 2013*, bl. 257, pt. 3.4.2)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.3.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK.

3.4 AFSNYDATUM VIR ONTVANGS VAN STUKKE VIR SINODE (*Handelinge 2013*, bl. 257, pt. 3.10)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.1 Die Sinode neem kennis dat die SKK uitvoering aan die opdrag gegee het.

3.5 PRAKTIESE HULP IN KLEINER GEMEENTES (*Handelinge 2013*, bl. 258, pt. 11.2)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.5.1 Die Sinode spreek sy waardering uit teenoor die ringe van Petrusburg en Bloemfontein vir die inisiatief geneem ten opsigte van die bediening van die gemeentes in die Suid-Vrystaat.

3.5.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor alle leraars en studente wat betrokke was by die bedieningshulp in die Suid-Vrystaat.

3.5.3 Die Sinode moedig vakante gemeentes aan om van die AP Kerk se multimedia-opsies gebruik te maak om hul bedieningsnood aan te spreek.

3.5.4 Die Sinode moedig groter gemeentes aan om kleiner gemeentes in hul sorg te neem.

3.5.5 Die Sinode wys klein gemeentes, wat sukkel om finansieel die mas op te kom, op die moontlikheid om eerder as 'n wyk by 'n ander gemeente in te skakel.

3.5.6 Die Sinode versoek die SKK om, in samewerking met die GKK en KKS, weë waarop gemeentes se finansiële en administratiewe las meer effektief bestuur

kan word, te ondersoek en, waar moontlik, te implementeer.

3.5.7 Die Sinode neem kennis van die SKK se riglyne vir bediening aan kleiner gemeentes en versoek die SKK om te soek na weë om dit te implementeer.

Die Sinode besluit om die voorgestelde amendement op punt 3.5.7 eerder as 'n nuwe punt (3.5.8) goed te keur.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

3.5.8 Die Sinode besluit om met in agneming van die riglyne soos deur die SKK voorgehou, die SKK en Kuratorium te taak om in samewerking met die leraars van die kerkverband 'n toerustingskursus vir kleiner gemeentes te ontwikkel en saam met kleiner gemeentes die implementering te beplan. Sodanige kursus kan deur die dienende leraars aangebied word wanneer hulle vir twee weke deur hul gemeentes afgestaan word vir hulp aan kleiner gemeentes.

Voorsteller: Ds. MJL Jordaan
Sekondant: Oudl. CPC Stadler

13. VERKIESING: VOORSITTER

Die waarnemende Voorsitter vra dat die vergadering uit die volgende genomineerdes sal stem vir 'n voorsitter:

Proff. JAE Adendorff; R Marè en GDS Smit; dr. JH Breytenbach; di. JH Bisschoff; PJ Möller; GCD Stoltz; WJA van Schalkwyk; WA Burger; W van Zyl en oudl. SCW van Schalkwyk.

14. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 4]

3.6 GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE (*Handelinge 2013*, bl. 259, pt. 13.6)

3.6.1 DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.6.1.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK om gesprek met die GKSA voort te sit.

3.6.1.2 Die Sinode neem met dank kennis van die konsep-memorandum en versoek kerkrade om kommentaar daaroor aan die SKK te stuur vir oorweging. Kommentaar hierop moet die SKK nie later nie as 28 Februarie 2018 bereik.

3.6.2 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.6.2.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprekvoering met die NG Kerk te hervat.

3.6.3 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.6.3.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprekvoering met die NH Kerk te hervat.

3.6.4 TUSSENKERKLIKE RAAD (TKR) – Kennis geneem

3.6.5 KONFERENSIE VAN GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (KGKSA)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.6.5.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die KGKSA se besluit.

3.6.5.2 In die lig van die skrywe van die KGKSA, besluit die Sinode om alle vorige erkenning, ooreenkomste en moontlike kanselruiling met lidkerke van die KGKSA op te skort.

3.6.5.3 Die Sinode gee opdrag aan die SKK om afsonderlik gesprek te voer met elke lidkerk van die KGKSA met die oog daarop om die verhoudings te herstel.

3.6.5.4 Die Sinode neem kennis dat die GPK Brakpan die enigste gemeente uit die KGKSA is wat sy verhouding met die AP Kerk handhaaf.

3.6.5.5 Die Sinode gee opdrag aan die KKS om Kerkorde Bylae 1 punt 1.5 te wysig om die huidige verhouding met die GPK Brakpan t.o.v. kanselruiling te weerspieël en die ander name daar te skrap.

3.6.6 GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES (GHG)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.6.6.1 Die Sinode gee die SKK opdrag om met die GHG in gesprek te tree. Sodanige gesprek behoort die volgende sake in behandeling te neem:

- **Skrifbeskouing**
- **Kerkregering**
- **Praktiese sake**

Op grond van hierdie gesprek sal die SKK gemeentes adviseer oor die hantering van lidmaatskapaangeleenthede, sakramentsbediening en dergelike sake, totdat die volgende Sinode 'n besluit kan neem oor amptelike erkenning.

3.6.6.2 Die Sinode versoek die SKK om die volgende sinode met 'n voorstel te dien ten opsigte van die amptelike erkenning van die GHG as kerkverband.

3.6.7 REFORMED CHURCH OF THE NORTH SHORE, AUCKLAND, NEW ZEALAND (RCNZ)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.6.7.1 Die Sinode neem kennis dat daar gedurende die afgelope vier jaar geen kontak met die RCNZ was nie as gevolg van die siekte en gevolglike emeritaat van die twee kontakpersone.

3.6.7.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprekke met die RCNZ weer op dreef te kry.

3.6.8 VRYE GEREFORMEERDE KERK RANDBURG

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit om die SKK te versoek om met die Vrye Gereformeerde Kerk Randburg te skakel of in gesprek te tree. Die kerk is besig om af te skei van haar moedergemeente in Nederland.

Oudl. SF Botha
Oudl. SJ Bothma

3.7 GROETEBOODSKAPPE ONTVANG (Kyk Bylae SKK4) – kennis geneem

(Foutiewe numerering reggestel. Numerering in *Sakelys 2017* 3.6.7)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.7.1 Die Sinode neem kennis van die groeteboodskappe in Bylae SKK4 (*Sakelys 2017* bl. 42).

3.7.2 Die Sinode neem kennis van die groeteboodskappe deur die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk Wilkoppies en die Reformatorisch Teologisches Seminar. Dit sal as deel van Bylae 1 in die *Handelinge 2017* opgeneem word.

15. VERKIESING: VOORSITTER

Die waarnemende Voorsitter versoek die vergadering om te stem tussen proff. JAE Adendorff en GDS Smit.

16. AFKONDIGINGS

Die waarnemende Voorsitter doen enkele afkondigings.

17. TAFELGEBED

Ds. JHE du Plessis doen die tafelgebed en die vergadering verdaag vir middagete om 13:06.

18. SAMESANG

Ds. RF Smit lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

19. AFKONDIGINGS

Die waarnemende Voorsitter doen enkele afkondigings.

'n Groeteboodskap van *GRAPKAS* (APK Middelburg Jeugaksie) word voorgehou en sal ook by Bylae 1 in die *Handelinge 2017* gevoeg word.

20. VERKIESING: VOORSITTER

Prof. dr. JAE Adendorff is as voorsitter van die 15de Sinode verkies. Die Sinode sing hom en die res van die moderatuur wat verkies sal word, die seënbede van Ps. 134:4 toe.

21. VERKIESING: ONDERVOORSITTER

Die Voorsitter versoek die vergadering om nominasies vir 'n ondervoorsitter in te dien.

22. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 9]

3.7 500-JARIGE HERDENKING VAN DIE KERKHERVORMING (*Handelinge 2013*, bl. 261, pt. 22.1 en 27)

(In die lig van die regstelling by punt 3.7 GROETEBOODSKAPPE ONTVANG, is die numerering in die SKK verslag van hier aan tegnies foutief, maar word t.w.v. vergelyking soos in die *Sakelys 2017* behou.)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.7.1 Die Sinode betuig sy diepe dankbaarheid en lofbetuiging teenoor ons hemelse Vader vir die kosbare erfenis van die Reformasie en dat die AP Kerk in hierdie erfenisskat mag deel.

3.7.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor elkeen wat betrokke was by die reëlings van die feesgeleentheid.

3.7.3 Die Sinode versoek kerkrade om ook die 400-jarige herdenking van die Sinode van Dordrecht op 'n gepaste wyse in 2018 te vier.

3.8 ELKEEN ORAL GESTUURDE (*Handelinge 2013*, bl. 261, pt. 21.1)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.8.1 Die Sinode neem kennis dat die publikasie *Jou roeping in die Koninkryk* tans deur die teologiese dosente van die AP Akademie met die oog op finale afhandeling hersien word.

3.8.2 Die Sinode dra dit aan die SKK en PK op om die publikasie ná hersiening finaal af te handel.

3.8.3 Die Sinode neem kennis daarvan dat die publikasie *Elkeen oral gestuurde* nie verander is nie, maar deel gaan word van die hersiene weergawe van *Jou roeping in die Koninkryk*.

3.8.4 Die Sinode gee opdrag aan die PK om die publikasie *Jou roeping in die Koninkryk* elektronies beskikbaar te stel.

3.8.5 Die Sinode moedig kerkrade aan om hulself te vergewis van die AP Kerk se amptelike sendingbeleid soos vervat in hierdie publikasie en hul sendingtaak daarvolgens uit te voer.

3.9 DIE OPENINGSREDE BY 'N SINODE (*Handelinge 2013*, bl. 265, pt. 44, kyk ook *Sakelys 2013*, bl. 4, pt. 3.11.1)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.9.1 In die lig van die feesgeleentheid ter herdenking van Reformasie 500, neem die Sinode kennis daarvan dat die SKK besluit het om die opening van Sinode 2017 weer eens op 'n Sondag te laat plaasvind.

3.9.2 Die Sinode versoek die SKK om steeds die moontlikheid te ondersoek om sinodes in die toekoms só te beplan dat die sinode later in die week begin, ten einde reistyd op 'n Sondag uit te skakel.

3.10 TOELATING VAN LIDMATE UIT ANDER KERKE (*Handelinge 2013*, bl.294-295, pt. 5.3, kyk ook *Sakelys 2013* bl.197, pt. 5.3) – Kennis geneem

4. STATISTIEK – 2013 tot 2016 – Kennis geneem

4.1 GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2013

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1.1 Die Sinode doen 'n dringende beroep op ringe om gehoor te gee aan die sinodebesluit wat bepaal dat alle tersaaklike dokumente aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor en Kerkargief deurgestuur moet word by ontbinding van gemeentes.

4.1.2 Die Sinode vestig opnuut kerkrade en ringe se aandag op *Kerkorde* Bepalings 37J en 37K.

23. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS 1) [Kyk *Handelinge 2017*, bl. 339]

Ds. WJA van Schalkwyk hou die verslag voor.

1. Personeel – Kennis geneem

2. Opdrag – Kennis geneem

3. Bevinding – Kennis geneem

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1 Die TKKS beveel aan dat die gemeente Warmbad met volle stemreg sitting neem omdat die gemeente nie bewustelik onkerkordelik opgetree het nie.

4.2 Die afgevaardigdes van Warmbad onderneem om binne 21 dae, voor of op 25 September 2017, die genoemde beswaarskrif ter tafel te neem en daaroor te besluit.

4.3 Die Sinode wys gemeentes opnuut op Art. 66.2.1

24. VERKIESING: ONDERVOORSITTER

Die Voorsitter versoek die vergadering om vir ondervoorsitter te stem tussen:

Prof. dr. GDS Smit; Di. WJA van Schalkwyk; HJ Dafel; PJ Möller; GCD Stoltz; WA Burger en A Boshoff

25. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 11]

4.2 LERAARS EMERITEER

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.2.1 Die Sinode neem kennis van die leraars wat geëmeriteer het.

4.2.2 Die Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die leraars wat geëmeriteer het vir hul jarelange toegewyde en lojale diens in die AP Kerk.

4.3 LERAARS UIT DIE BEDIENING

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3.1 Die Sinode neem met hartseer kennis van die leraars wat sedert Sinode 2013 die bediening verlaat het.

VOORSTEL GOEDGEKEUR (Kyk ook aanbeveling 4.6 van die Kuratoriumverslag, *Handelinge 2017*, bl. 387):

4.3.2 Die Sinode neem daarvan kennis dat die lys name van leraars wat status verloor het en/of die bediening verlaat het, soos dit verskyn op bladsye 12 en 271 van die Sakelys 2017, van mekaar verskil en ter wille van volledigheid saamgelees moet word.

Voorsteller: Ds. L Lubbe
Sekondant: Ds. JC Gericke

4.4 LERAARS OORLEDE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.4.1 Die Sinode neem met hartseer kennis van leraars wat sedert Sinode 2013 oorlede is en spreek sy meegevoel teenoor hulle naasbestaandes uit.

4.5 LERAARS TOEGELAAT EN TANS IN DIENS – Kennis geneem

5. SAKE KRAGTENS LASGEWING HANTEER

5.1 REËL VAN SINODE – Kennis geneem (kyk *Handelinge 2017* pt. 10, bl. 340)

5.2 LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET (Bylae SKK1)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor leraars wat reisende diens gelewer het en in besonder kerkrade wat dit vir hulle leraars moontlik gemaak het.

5.2.2 Die Sinode dra dit aan ringe op om toe te sien dat ouderlingerade van vakante gemeentes die besluite soos vervat in Bylae 1 van *Kerkorde 2014* nakom.

5.3 HULPBEHOEWENDE GEMEENTES EN EMERITUS-HULPFONDS (Bylae SKK2 en SKK5)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.3.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK2.

5.3.2 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK5.

5.4 SKAKELING MET DIE REGERING

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.4.1 Die Sinode neem kennis dat die SKK namens die AP Kerk kommentaar gelewer het op die regering se voorgestelde wetgewing oor haatspraak en haatmisdaad en die "Law Commission" se navraag oor openbare vakansiedae.

5.4.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om ook sélf oor aktuele sake hul profetiese stem te laat hoor.

Motivering – Kennis geneem

5.5 GESPREK MET TLU SA (*Handelinge 2013*, bl. 259, pt. 15)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.5.1 Die Sinode verseker TLU SA van sy volgehoue ondersteuning en voorbidding.

5.5.2 Die Sinode neem met leedwese kennis van die toename in geweldsmisdade en in die besonder die talle plaasaanvalle en moorde op boere in ons land.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

5.5.3 Die Sinode doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers *in ooreenstemming met Romeine 13.*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.5.4 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die spanning op plase wat deur arbeidsonrus veroorsaak word en toekomstige voedselsekerheid ernstig bedreig.

5.5.5 Die Sinode wys die regering daarop dat sy grondherverdelingsprogram aanleiding gee tot onsekerhede in landbou wat voedselsekerheid ernstig kan knou en tot verdere werkloosheid kan lei.

5.6 *AD HOC*-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.6.1 Die Sinode neem kennis van die *ad hoc*-kommissie vir advies en leiding se werksaamhede.

5.6.2 Die Sinode neem kennis daarvan dat die *ad hoc*-kommissie nie die saak van Naboomspruit bevredigend kon afhandel nie.

26. VERKIESING: ONDERVOORSITTER

Prof. dr. GDS Smit is as ondervoorsitter verkies. Hy word gelukgewens.

27. VERKIESING: AKTUARIUS

Die Voorsitter versoek die vergadering om nominasies vir 'n aktuarius in te dien.

28. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 14]

5.7 GEREFORMEERDE GESPREKSFORUM

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.7.1 Die Sinode neem kennis van die gereformeerde gespreksforum en ver-

soek die SKK om voort te gaan met die reël van toekomstige geleenthede.

5.8 EEUFEESVIERING VROUEMONUMENT

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.8.1 Die Sinode neem kennis van die kranslegging tydens die eeufeesvieringe van die Vrouemonument.

5.9 AFRIKANERMUSEUM

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.9.1 Die Sinode neem kennis van die inisiatief en moedig die SKK aan om steeds weë te ondersoek ten einde hierdie inisiatief te laat realiseer.

5.10 DEELNAME DIREKTE VERTALING VAN DIE BYBEL

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

5.10.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat prof. dr. JAE Adendorff die AP Kerk op KABA in die plek van *ds. WJA van Schalkwyk* verteenwoordig.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

5.10.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor *ds. WJA van Schalkwyk*, proff. R Marè, *GDS Smit en JAE Adendorff* vir die waardevolle bydrae wat *hulle* namens die AP Kerk by KABA gelewer het.

5.11 WOORDEBOEK VIR DIE AFRIKAANSE TAAL (WAT)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.11.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die AP Kerk die woord "gereformeerd" in die WAT teen R5000 gekoop het.

5.12 VEROOTMOEDIGINGSDAE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.12.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat erns maak met verootmoediging.

5.12.2 Die Sinode herbevestig sy standpunt dat verootmoediging 'n deurlopende handeling moet wees.

5.12.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om self inisiatief te neem met die reël van verootmoedigingsdae.

5.13 GEVANGENISBEARBEIDING

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.13.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor ds. AE van den Berg (sr.) en dr. JP Bezuidenhout vir die waardevolle diens wat hulle aan gevangenes gelewer het.

5.14 MEDIASKAKELING – Kennis geneem

5.14.1 PRETORIA FM EN ANDER RADIOSTASIES

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.14.1.1 Die Sinode bedank Pretoria FM vir die diens wat hulle lewer om leraars die geleentheid te gee om die evangelie te verkondig en tydens ander programme op te tree.

5.14.1.2 Die Sinode gee opdrag aan die SKK om twee persone aan te wys om as medewerkers van die AP Kerk se verteenwoordiger by Pretoria FM op te tree.

5.14.1.3 Die Sinode versoek kerkrade om kerknuus vir moontlike uitsending oor die radio betyds (voor die Woensdag van die week waarop dit uitgesaai moet word) na die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur.

5.14.2 VERKLARINGS

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.14.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die wye verskeidenheid aktuele sake waaroor die AP Kerk sy profetiese stem laat hoor het.

5.15 KORRESPONDENSIE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.15.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Gemeen-

skaplike Kerkkantoor vir die hantering van die korrespondensie en skakeling.

5.15.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en studente wat bereid is om met Woordverkondiging te help in gemeentes waar nood is.

5.16 SUSTERSWERKSAAMHEDE EN PREDIKANTEKONFERENSIES

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.16.1 Die Sinode bedank die gemeentesusters van AP Kerk Kimberley vir die organisering van die konferensies en moedig kerkrade aan om dit vir hulle susters en broeders moontlik te maak om die konferensies by te woon.

5.16.2 Die Sinode bedank die AP Akademie vir hulle volgehoue betrokkenheid by verdere teologiese opleiding.

5.16.3 Die Sinode roep kerkrade op om hul leraars aan te moedig en indien moontlik, finansieel in staat te stel om geleenthede vir verdere teologiese opleiding by te woon.

5.17 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.17.1 Die Sinode doen 'n ernstige oproep op diakonieë om aandag te gee aan verarming van Afrikaners in hulle omgewing en daadwerklik op te tree om die krisis af te weer.

5.17.2 Die Sinode roep diakonieë op om moontlike werkverskaffingsprojekte te beplan en waar nodig in ringsverband te organiseer.

5.17.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor elkeen wat 'n bydrae gelewer het tot droogtehulp aan ons boere.

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 RING VAN KLERKSDORP: GESPREKVOERING MET DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.1.2 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien gesprek met ander Christelike kerke reeds deel van die SKK se lasgewing is.

Motivering – Kennis geneem

6.2 RING VAN MIDDELBURG: BAND MET DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.2.1 Die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.

Motivering – Kennis geneem

6.3 RING VAN OLIFANTSHOEK: PASTORALE BEGELEIDING BY LOSMAKING

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

6.3.3 Die Sinode dra dit aan die SKK op om na weë te soek om tog in die toekoms meer effektief aan hierdie behoefte aandag te gee.

Motivering – Kennis geneem

29. VERKIESING: AKTUARIUS

Die Voorsitter versoek die Sinode om vir 'n aktuarius uit die volgende genomineerdes te stem:

Dr. JH Breytenbach en di. GCD Stoltz; RH Botes; CR Vermaak; PJ Möller; WJA van Schalkwyk; AJ Ferreira; JHE du Plessis; WJ Malan; HSW Strauss

30. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings waarna die vergadering om 15:36 vir koffie verdaag.

31. SAMESANG

Ds. PS Steyn lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

32. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 26]

6.4 RING VAN KLERKSDORP: SINODEVERSLAG OOR GEMEENTEHULP

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.4.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.4.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

6.4.3 Die Sinode gee opdrag dat die SKK in sy antwoord aan gemeentes kortliks sal motiveer waarom 'n aansoek nie goedgekeur is nie.

Motivering – Kennis geneem

6.5 RING VAN MOOINOOI: SKRIBA VAN DIE SINODE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.5.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.5.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Motivering – Kennis geneem

6.6 RING VAN OLIFANTSHOEK: SAMESMELTING VAN RINGE VAN GROBLERSHOOP EN OLIFANTSHOEK

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.6.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik

6.6.2 Die beskrywingspunt word goedgekeur.

7. BESWAARSKRIFTE

7.1 RING VAN KLERKSDORP: KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.1.1 Die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

AMENDEMENT NIE GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit:

7.1.1.1 Dat die kommissie vir kommissies, soos alle kommissies, deur die sinode self goedgekeur moet word.

7.1.1.2 Dat die kommissie vir kommissies vir die huidige Sinode sal bestaan uit die uittredende voorsitters van permanente kommissies van die 14de Sinode.

7.1.1.3 Die Sinode dra dit aan die kommissie vir kommissies op om staande die Sinode, die Sinode te bedien met 'n voorstel oor die samestelling van permanente kommissies, om deur die Sinode goedgekeur te word.

Voorsteller: Prof. SD Nel
Sekondant: Ds. OG Van Rooyen (sr.)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.1.2 Die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering – Kennis geneem

33. VERKIESING: AKTUARIUS

Die Voorsitter versoek die vergadering om te kies uit dr. JH Breytenbach en di. PJ Möller en WJA van Schalkwyk.

34. VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 55]

Ds. LD Greyling hou die verslag voor.

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK) – Kennis geneem

2. PERSONEEL IN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor dr. CA Swanepoel (tot en met Desember 2015) en ds. HSW Strauss (vanaf 1 Februarie 2016) wat as afdelingshoof en redakteur van *Die Boodskapper* hulle taak met onderskeiding behartig het.

2.2 Die Sinode neem met groot waardering kennis van die diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word.

3. VERGADERINGS – Kennis geneem

4. OPDRAGTE VAN SINODES

4.1 KONKORDANSIE VAN DIE PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK (*Handelinge 2007*, bl. 338, 6.1)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.1.1 Die Sinode spreek sy opregte dank teenoor ds. HJ Dafel en mnr. Christo van Rooyen uit vir die ontwikkeling van die elektroniese konkordansie en die gratis beskikbaarstelling daarvan.

4.2 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (*Handelinge 2004* bl. 400, pt. 4.2.6; *Handelinge 2007*, bl. 339; *Handelinge 2010* bl. 274, pt. 3.9; *Handelinge 2013*, bl. 311, pt. 6)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die volgehoue voorsiening van die huidige Verbondsonderrigmateriaal vir gebruik binne gemeentes.

4.3 ENGELSE WEERGAWE VAN *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK* (*Handelinge 2007*, bl. 340)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die vertaling van *Skriflig op Kerk en Volk* in Engels en die toekomstige beskikbaarheid daarvan in elektroniese formaat.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

4.3.2 Die Sinode dra dit aan die KKCE op om die finale weergawe van die Engelse vertaling *te keur* voordat die publikasie elektronies beskikbaar gestel word.

4.4 *DIE BOODSKAPPER* IN ELEKTRONIESE FORMAAT (*Handelinge 2004*, bl. 405 pt. 9.5)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.4.1 Die Sinode neem met dank kennis van die beskikbaarheid van *Die Boodskapper* in elektroniese formaat en moedig mense aan om hiervan gebruik te maak, veral in die buiteland wanneer posgeld te duur word.

4.5 PUBLIKASIE: *ELKEEN ORAL GESTUURDE* (*Handelinge 2013*, pt. 21, bl. 261)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.5.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK en die PK (kyk *Handelinge 2017* pt. 3.8, bl. 343).

4.6 BYBELKENNISEKSAMEN (*Handelinge 2013*, pt. 4, bl. 278)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.6.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die bestek so spoedig moontlik nadat dit van die KJV ontvang is, in *Die Boodskapper* geplaas word.

4.6.2 Die Sinode neem kennis daarvan dat die vraestelle so spoedig moontlik nadat dit van die KJV ontvang is, op die webblad van die AP Kerk gelaai word.

4.6.3 Die Sinode dra dit aan die KJV op om toe te sien dat die bestek vir 'n betrokke jaar se Bybelkenniseksamen die kantoor van *Die Boodskapper* reeds voor die helfte van Augustus van die vorige jaar bereik, ten einde dit in die Novemberuitgawe van *Die Boodskapper* te publiseer.

4.6.4 Die Sinode dra dit aan die KJV op om toe te sien dat die vraestelle en antwoordstelle vir 'n betrokke jaar se Bybelkenniseksamen die Gemeenskaplike Kerkkantoor betyds bereik sodat dit voor die 1ste April op die kerk se webblad geplaas kan word.

4.7 SONDAGVIERING (*Handelinge 2013*, pt. 4.2, bl. 293) – Kennis geneem

4.8 PUBLIKASIE VAN STUDIESTUKKE (*Handelinge 2013*, pt. 5.3, bl. 294-295)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.8.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die PK nie uitvoering aan hierdie opdrag gegee het nie.

4.8.2 Die Sinode besluit om voortaan aan te dui watter studiestukke goedgekeur is vir publikasie deur die PK.

4.8.3 Die Sinode gee opdrag aan die PK om, in samewerking met die betrokke kommissie verantwoordelik vir 'n bepaalde studiestuk(ke), alle vorige studiestukke inhoudelik te beoordeel met die oog op moontlike publikasie. Sodanige studiestukke sal in 'n elektroniese bundel, tesame met 'n behoorlike indeks, as 'n gratis publikasie op die kerk se webblad beskikbaar gestel word.

4.8.4 Die Sinode gee opdrag dat die PK toekomstige goedgekeurde studiestukke by hierdie bundel sal voeg.

Motivering – Kennis geneem

4.9 ANDER PUBLIKASIES (*Handelinge 2013*, pt. 5.3, bl. 297)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.9.1 Die Sinode versoek die GKK om daadwerklik aandag te skenk aan die uitbreiding van die multimedia-afdeling om die kerkverband se boodskap op so 'n manier wyer te versprei.

4.10 VERSPREIDING VAN *DB* EN *DJB*: Maart 2010 – Maart 2013 (*Handelinge 2013*, pt. 6, bl. 298)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.10.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die redaksie van *Die Boodskapper* voortdurend poog om die taalgebruik in *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* so verstaanbaar as moontlik te hou ten einde die publikasies vir lesers van alle vaardigheidsvlakke toeganklik te maak.

4.11 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (*Handelinge 2010*, pt. 3.9, bl. 274) – Kennis geneem (Kyk *ad hoc*-kommissie vir die herskryf van Verbondsonderrighand-boeke se verslag)

5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

5.1 SINODAAL-GOEDGEKEURDE PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2013 VERSKYN HET:

5.1.1 *KERKORDE 2014*

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.1.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die aantal eksemplare van *Kerkorde 2014* wat gedruk en versprei is.

5.1.2 *KERKJAARBOEK 2014, 2015, 2016* EN *2017*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.1.2.1 Die Sinode herbevestig dat die Kerkjaarboek as 'n uiters belangrike publikasie beskou word.

5.1.2.2 Die Sinode moedig almal wat by die produksie van die Kerkjaarboek betrokke is (soos skrywers van dagstukkies, keurders, verskaffers van gegewens en die publikasiebeampte) aan om hul uiterste bes te doen om steeds van dié publikasie 'n besondere produk tot eer van die Here te maak.

5.1.2.3 Die Sinode versoek kerkrade en kolporteurs tot samewerking om die Kerkjaarboek optimaal te versprei – binne én buite ons kerkverband.

5.1.2.4 Die Sinode betuig sy dankbaarheid dat die Kerkjaarboek goed verkoop en moedig ook die toekomstige aankoop, gebruik en lees daarvan by elke lidmaat aan.

5.1.2.5 Die Sinode doen 'n dringende beroep op skribas van gemeentes en ringe om betyds te reageer op die versoek om gegewens aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur vir opname in die volgende jaar se Kerkjaarboek.

5.2 VERBONDSONDERRIGPUBLIKASIES (LEERBOEKE EN LESGIDSE/HANDLEIDINGS) WAT SEDERT SINODE 2013 VERSKYN HET – Kennis geneem

5.3 ANDER PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2013 VERSKYN HET – Kennis geneem

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die publikasies wat verskyn het.

5.3.2 Die Sinode spreek sy besorgdheid uit oor die klein hoeveelheid eksemplare van elke publikasie wat verkoop word.

5.3.3 Die Sinode moedig skrywers aan om hul vaardighede te slyp en publikasies daar te stel waarop die kerkverband trots kan wees. Die PK word versoek om in samewerking met die APA gereelde skryf-/vaardigheidskursusse/ slypskole te ontwikkel en aan te bied vir voornemende skrywers.

5.3.4 Die Sinode besluit die GKK en PK moet na weë soek om die Publikasie-afdeling winsgewend/selfonderhoudend te maak deur byvoorbeeld die uitbreiding van die multimedia-afdeling en die skep van nuwe poste en produkte wat die omset kan verhoog.

5.4 ANDER BEPLANDE PUBLIKASIES:

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.4.1 Die Sinode neem kennis van die beoogde publikasies en sien met verwagting daarna uit.

5.4.2 Die Sinode neem met dank kennis van die elektroniese preekbank wat begin is vir leespreke en roep predikante op om preke vir die preekbank aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur.

5.4.3 Die Sinode moedig gemeentes waarin leesdienste gehou moet word, aan om van die preke in die preekbank gebruik te maak.

35. VERKIESING: AKTUARIUS

Die Voorsitter versoek die vergadering om te stem tussen dr. JH Breytenbach en ds. WJA van Schalkwyk.

36. VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 62]

5.5 DIVERSE PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2013 VERSKYN HET:

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die diverse publikasies en herdrukke wat sedert 2013 verskyn het.

5.6 PUBLIKASIES VAN BUITE (ANDER UITGEWERS):

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.6.1 Die Sinode neem kennis van buite-publikasies wat in die Boekwinkel verkoop word.

5.6.2 Die Sinode neem met dank kennis van die nuwe afdeling op die webblad waar gratis materiaal oor die Afrikaner se geskiedenis beskikbaar is.

5.7 PAMFLETTE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die pamflette wat verskyn het.

5.7.2 Die Sinode vestig opnuut die aandag van kerkrade en lidmate op die verskeidenheid pamflette wat by die Boekwinkel en elektronies beskikbaar is en moedig kerkrade aan om die pamflette optimaal te benut.

5.8 VERTALINGSPROJEK: *Gay children straight parents – a Plan for family healing*.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.8.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werk aan hierdie uiters relevante publikasie.

5.9 HERDRUK VAN DIE *PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK*

Die Sinode staan 'n spreekbeurt aan dr. GJ Meijer (GKSA) toe.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.9.1 Die Sinode neem kennis van die feit dat daar weens die hoë koste daaraan verbonde, afgesien is van die druk van 'n slapband-uitgawe van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*.

5.9.2 Die Sinode spreek sy dank uit vir die inisiatief om 'n unieke slimfoon-toepassing vir die AP Kerk se liederebundel, belydenisskrifte en formuliere te ont-

wikkel met die moontlikheid van verdere uitbreiding.

5.9.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om bogenoemde toepassing aan lidmate bekend te stel en die gebruik daarvan aan te moedig.

5.9.4 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die SKK, die PK, asook personeel van die Afdeling Publikasies vir hulle harde werk met die voorbereiding en versorging van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* se derde uitgawe.

5.9.5 Die Sinode herbevestig die besluit dat gemeentes wat die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* elektronies vertoon, verantwoordelik is om die nodige lisensiegeld aan die CCLI oor te betaal vir die wettige gebruik van die produk ooreenkomstig die AP Kerk se ooreenkoms met die CCLI.

5.9.6 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van die GKSA se toestemming om die Totius-berymings soos tans in die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*, tot 2021 te mag gebruik.

5.9.7 Die Sinode gee aan die PK opdrag om spoedig saam met die GKSA se Deputate Publikasies te werk aan 'n eenvormige Totius-teks waarin taalkundige veranderinge (byvoorbeeld Hollandismes en argaïsmes) deur die AP Kerk, sover moontlik as voetnotas aangebring moet word ter wille van verstaanbaarheid, sodat die eenvormige teks gereed sal wees wanneer 'n volgende oplaag van ons sangbundel gedruk moet word.

5.9.8 Die Sinode gee opdrag aan die GKK om die kontraktuele verbintenis vir die uitgee van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* met Bybel-Media, waar nodig, te hersien.

37. VERKIESING: AKTUARIUS

Ds. Willem van Schalkwyk is as aktuarius verkies.

38. VERKIESING: SKRIBA

Die Voorsitter versoek nominasies vir die verkiesing van 'n skriba.

39. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

40. TAFELGEBED

Ds. HLJ Erasmus doen die tafelgebed en die vergadering verdaag om 17:40 vir aandete.

41. SAMESANG

Ds. GCD Stoltz lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

42. VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 65]

6. BEMARKING

6.1 DIE BEMARKINGSFUNKSIE IN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van 'n elektroniese bestellingsdiens wat ons publikasies effektief ook na buite kan bemark.

6.2 DIE KOLPORTEURSTELSEL

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.2.1 Die Sinode doen opnuut 'n beroep op al die gemeentes in die kerkverband om die kolporteurstelsel van harte te ondersteun sodat die literatuur van ons kerk so effektief moontlik tuisgebring kan word.

6.2.2 Die Sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te skenk.

6.2.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor al die kolporteurs vir die besondere wyse waarop hulle die kerk en koninkryk dien, asook vir die gesindheid van hartlike samewerking met die Gemeenskaplike Kerkkantoor en Boekwinkel wat hulle aan die dag lê.

6.2.4 Die Sinode moedig ringe en gemeentes aan om op eie onkoste die Boekwinkel uit te nooi na ringsvergaderings en gemeentes vir die bekendstelling van publikasies en opleiding van kolporteurs.

7. LIG IN DUISTERNIS-PRYS

7.1 KATEGORIEË EN BEOORDELING VAN PUBLIKASIES

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.1.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die prys sedert 2013 vir die eerste keer weer in 2016 toegeken is en wel aan ds. MC Adendorff vir sy publikasie *Hoséa vir vandag*.

7.1.2 Die Sinode wens ds. MC Adendorff van harte geluk met die prestasie.

7.2 SPESIALE VERMELDINGS – Kennis geneem

8. MULTIMEDIA

8.1 WEBWERF

8.1.1 VIDEOPREKE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1.1.1 Die Sinode neem kennis dat opnames van videopreke nie meer in die ateljee van die Gemeenskaplike Kerkkantoor gemaak word nie.

8.1.1.2 Die Sinode bedank gemeentes wat die inisiatief geneem het om hul eredienste elektronies beskikbaar te stel.

8.1.1.3 Die Sinode moedig gemeentes aan wat oor sodanige fasiliteite beskik en hul eredienste op internetplatforms publiseer, om die inligting aan die Afdeling Publikasies deur te gee sodat 'n skakel daarheen op die amptelike webwerf geplaas kan word.

8.1.1.4 Die Sinode moedig veral klein of vakante gemeentes aan om van hierdie fasiliteit gebruik te maak.

Motivering – Kennis geneem

8.1.2 KOFFIETAFELGESPREKKE EN VIDEO-OPNAMES

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

8.1.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die beskikbaarheid van koffietafelgesprekke en video-opnames op die amptelike webwerf van die kerk.

8.1.3 KOMMENTAAR

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die gereelde verskyning van kommentaarartikels van aktuele aard.

8.1.3.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor skrywers en medewerkers wat gereeld bydraes lewer.

8.1.4 REDAKTEURSFORUM

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1.4.1 Die Sinode neem met dank teenoor Pretoria FM kennis van die kerk se gereelde deelname aan die insetsel *Redakteursforum*.

8.1.4.2 Die Sinode moedig lidmate aan om na die insetsel te luister tydens uitsending (ook op DSTV oudiokanaal 887) of as webgreep op die kerk se amptelike webblad.

8.1.5 *7-VOOR-7* PRETORIA FM

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1.5.1 Die Sinode bedank leraars wat bydraes gelewer het vir Pretoria FM se *7-voor-7*-insetsel.

8.1.5.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om lidmate bewus te maak van die beskikbaarheid van sodanige uitsendings op die kerk se amptelike webblad.

8.1.6 BASUINGEKLANK

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1.6.1 Die Sinode neem met opgewondenheid kennis van die produksie *Basuingeklank*.

8.1.6.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om hierdie program aan lidmate bekend te stel en waar moontlik, ook ná 'n erediens aan lidmate te vertoon as deel van die afkondigings.

8.1.7 GRATIS PUBLIKASIES EN HULPBRONNE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1.7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die afdeling *Gratis publikasies en hulpbronne* op die kerk se amptelike webblad.

8.1.7.2 Die Sinode moedig kerkrade en lidmate aan om hiervan gebruik te maak en dit ook in hulle gemeentes bekend te stel.

8.1.8 AANLYN BOEKWINKEL – Kennis geneem

8.1.9 DIE BOODSKAPPER AANLYN – Kennis geneem

8.1.10 SKK-VERKLARINGS

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

8.1.10.1 Die Sinode neem met dank kennis daarvan dat die verklarings van die SKK op die kerk se amptelike webblad beskikbaar is.

8.1.11 AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

8.1.11.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat belangrike inligting van die AP Akademie wat die kerkverband raak, ook op die kerk se amptelike webblad verskyn.

8.1.12 VRAAG EN ANTWOORD

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

8.1.12.1 Die Sinode neem met dank kennis van die nuwe vraag en antwoordafdeling op die kerk se webblad en moedig kerkrade aan om dit aan hulle lidmate bekend te stel.

8.2 FACEBOOK-BLAD

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die kerk se amptelike Facebook-blad (https://www.facebook.com/apkerk/) en die belangrike kommunikasie- en getuienisfunksie wat dit vervul.

8.2.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om van die kerk se amptelike Facebook-blad gebruik te maak en dit aan lidmate bekend te stel.

8.3 AKTIVERING: YOUTUBE-KANAAL

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

8.3.1 Die Sinode neem kennis van die aktivering van 'n YouTube-kanaal vir die kerkverband.

8.4 INRIG VAN ATELJEE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

8.4.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die ateljee voltooi is en reeds gebruik word.

9. BESKRYWINGSPUNTE – Kennis geneem

10. BESWAARSKRIF: FORMAAT VAN DIE *KERKJAARBOEK*

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR:

10.1 Die Sinode besluit dat dit voortaan nie nodig is om die gemeentelike statistiek en dagstukkies in een bundel saam te bind nie.

10.2 Die Sinode besluit om voortaan die name en statistiek van die gemeentes waaruit die AP kerkverband (vgl. KO Art. 1.1) saamgestel is, op die intekengedeelte van die webblad te publiseer. Dit kan op aanvraag gedruk word.

10.3 Die Sinode wys die KKS daarop dat bogenoemde besluit die bewoording van

10.4 Artikel 1.1 in die *Kerkorde* gaan beïnvloed en versoek hulle om die Artikel soos volg te wysig:

Die Kerkorde is die gemeenskaplike akkoord deur die plaaslike kerke (gemeentes), soos vervat op die amptelike webwerf van die AP Kerk, wat in die kerkverband met mekaar saamlewe, gegrond op die eenheid in Skrif en Belydenis.

10.4 Die Sinode laat dit aan die PK oor om oor die mees geskikte formaat vir die gemeentelike statistiek en dagstukkies te besluit.

43. KENNIS VAN REVISIE:

Ds. HSW Strauss gee kennis van revisie op die besluit geneem by punt 10 van die PK se verslag (Later is revisie oor hierdie besluit geneem, kyk *Handelinge 2017*, pt. 145, bl. 406).

44. BROEDERLIKE GESPREK: Ds. HSW Strauss

Ds. HSW Strauss lewer die broederlike gesprek met die tema: *Semper Reformanda.* (kyk Bylae 3 *Handelinge 2017*, bl. 420)

Die Voorsitter bedank ds. Strauss vir die lewering van die referaat en laat bespreking toe.

45. VERKIESING: SKRIBA

Die Voorsitter versoek die vergadering om te kies uit: Prof. SD Nel; di. HSW Strauss; PJ Möller; A Boshoff; W van Zyl; HJ Dafel; AJ Ferreira; HLJ Erasmus; HJ Kok; RK Combrink; AP Boshoff en oudl. ST Schoeman.

46. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG 2) [Kyk Bylae 4 *Handelinge 2017*, bl. 430]

Ds. JH Bisschoff hou die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem
2. **OPDRAG** – Kennis geneem

3. **BEVINDING**

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR

3.1 Laat registrasie tot en met 12:00

Die Sinode verleen sittingsreg aan die afgevaardigdes wat laat geregistreer het. Van die 209 gemeentes het 124 voor 12:00 geregistreer met 241 afgevaardigdes.

3.2 Die Sinode besluit om die lys van laat registrasies as bylae in die *Handelinge* op te neem.

4. GEMEENTES AFWESIG SONDER VERSKONING – Kennis geneem

47. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS 2)

Ds. WJA van Schalkwyk hou die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem
2. **OPDRAG** – Kennis geneem

AANBEVELING GOEDGEKEUR (Kyk *Handelinge 2017*, bl. 339):

3. Die kommissie is van mening dat die erns van die besluit van Sinode 2010 tuisgekom het. Tegnies behoort die Sinode nie aan die gemeentes stemreg te gee nie (Sinodebesluit 2010). Op grond van die Kerkorde hanteer ons die saak egter nie soos 'n wêreldse hof nie, maar is ons bereid om die gemeentes as vaderlike opsieners tegemoet te kom aangesien hulle tydens die ontmoeting hul bereid verklaar het om 'n reëling met die GKK te tref. Daarom maak die TKKS die volgende aanbevelings aan die Sinode:

3.1 Die Sinode besluit dat die broeders binne 30 dae 'n eerbare reëling met die GKK sal tref.

3.2 Die Sinode besluit dat by hierdie Sinode aan die volgende gemeentes stemreg toegestaan word:

Bainsvlei
Biesiesvlei
Piet-Retief
Sanddrift

AP Kerk Fonteine word nie by hierdie besluit ingesluit nie.

48. VERKIESING: SKRIBA

Ds. HSW Strauss is as skriba verkies.

49. VERKIESING: HULPSKRIBA

Die Voorsitter versoek die vergadering om nominasies vir 'n hulpskriba in te dien.

50. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 1 en 2)

Ds. MR Burger hou die verslae voor.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word goedgekeur:

Nel, SD Hartbeespoort	
11:45 – 17:30	04/09/2017
Van Schalkwyk, MJ Tuinplaas	
10:30 – einde	04-06/09/2017
Uys, JP Viljoenskroon	
17:30	04/09/2017
Botha, HJ Witbank	
Heeldag	04-05/09/2017
Janse van Rensburg, P Dendron	
10:15	05/09/2017
Swanepoel, JP Magaliesburg	
16:00	04/09/2017
Coetzee, DJ Rustenburg	
09:00	05/09/2017
Lubbe, L Moot-Sentraal	
08:00	05/09/2017
Möller, LJ Potgietersrus	
10:00	05/09/2017
Van Zyl, A Middelburg	
19:00	04/09/2017
Grové, J Vaalwater	
Heeldag	05/09/2017
Olivier, NG Waterberg	
Heeldag	05/09/2017
Grobbelaar, HF Waterberg	
08:00	05/09/2017
Ludick, GCM Bothaville	
Heeldag	05/09/2017
Cilliers, JA Philippolis	
10:30	06/09/2017

51. VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 72]

11. BEGROTING – Kennis geneem

12. DANKBETUIGING

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

12.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor:

12.1.1 Die lede van die Publikasiekommissie vir hul getrouheid in die werk van die Kommissie, hul harde arbeid in die keuring van publikasies en die nougesette wyse waarop 'n wakende oog oor die gehalte van ons publikasies gehou word.

12.1.2 Alle personeel wat betrokke is by ons publikasies vir die bekwame wyse waarop hulle hul take behartig.

12.1.3 Alle skrywers, voorlopige beoordelaars en keurders wat daartoe meewerk dat die standaard van ons publikasies hoog bly.

52. AFSLUITING

Ds. CJ Denysschen sluit af met gebed waarna die vergadering om 21:15 verdaag.

53. SAMESANG

Ds. GJH Kruger lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

54. BIDSTONDE

Oudl. WE Smith (Alfa) lees Hand. 9:1-19 en doen 'n gebed.

55. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

56. VERKIESING: HULPSKRIBA

Die volgende broeders is genomineer: Prof. SD Nel; di. LD Greyling; F Pretorius; AJ Ferreira; RK Combrink; HJ Dafel, A Boshoff; PJ Möller en oudl. ST Schoeman.

57. VERSLAG: *DIE BOODSKAPPER* EN *DIE JEUGBOODSKAPPER* (BYLAE PK1) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 73]

Ds. HSW Strauss hou die verslag voor.

1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER (DB)* – Kennis geneem

2. *DIE JEUGBOODSKAPPER (DJB)* – Kennis geneem

3. PERSONEEL – Kennis geneem

4. VERGADERINGS – Kennis geneem

5. AANTAL UITGAWES – Kennis geneem

6. VERSPREIDING *DB* en *DJB*: Maart 2014 – Maart 2017

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode bevestig opnuut dat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* as uiters belangrike kommunikasiemiddele gesien word waardeur kerknuus, maar ook inligting versprei word om lidmate op te bou en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd. Die Sinode ag *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* verder as belangrike middele vir die opbou van 'n gemeenskaplike etos in die kerkverband.

6.2 Die Sinode herhaal sy versoek tot kerkrade om noulettend toe te sien dat *Die Boodskapper* by elke besoekpunt tuiskom – verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat eksemplare van *Die Jeugboodskapper* gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.

6.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat 5 gratis eksemplare per uitgawe van *Die Boodskapper* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.

7. VESTIGING VAN 'N LEESKULTUUR

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.1 Die Sinode roep kerkrade weer eens met die grootste erns op om alles in hulle vermoë te doen om 'n leeskultuur by ons verbondsouers en –kinders te help vestig. Klem behoort gereeld gelê te word op die lees van ons kerklike tydskrifte en ander publikasies. Ouers behoort ook versoek te word om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en om elke maand gepaste gedeeltes uit die jeugblad aan hulle kleuters voor te lees en die inhoud as gesinne te bespreek.

7.2 Die Sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by geleentheid van eredienste waarneem, om moeite te doen om elke nuwe maand se *Die Boodskapper*, te adverteer. Die Sinode wys daarop dat gereelde bekendstelling van artikels, berigte, ensovoorts in *Die Boodskapper* die leeslus prikkel.

8. KOSTE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle

***Boodskapper*-rekeninge so getrou betaal het.**

8.2 Die Sinode versoek kerkrade weer eens om hulle intekengeld getrou te vereffen.

9. DANKWOORD

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

9.1 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor alle medewerkers wat meehelp om van *Die Boodskapper* 'n lesenswaardige publikasie te maak.

9.2 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Publikasie-afdeling in die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir hulle bydrae tot die beplanning, versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*.

9.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van ons kerkblaaie: lesers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuise binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die Sinode spreek die bede uit dat die Here *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.

58. VERKIESING: HULPSKRIBA

Die Voorsitter versoek die vergadering om te stem tussen di. A Boshoff en HJ Dafel.

59. WISSELING VAN VOORSITTER

Die Ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in.

60. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKARGIEF (KKA) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 78]

Ds. LD Greyling hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem

2. VERGADERINGS – Kennis geneem

3. OPDRAGTE VAN DIE VEERTIENDE SINODE – Kennis geneem

3.1 AANSTELLING VAN KERKARGIEF-ASSISTENT (*Handelinge 2013*, pt. 6.1, bl. 266)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor mev. Le Roux vir waardevolle hulp verleen in die Argief en wens mev. Smit seën toe in die pos.

3.2 ATA-VERGADERINGS IN STELLENBOSCH (*Handelinge 2013*, pt. 8.1, bl. 267)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode herbevestig sy besluit dat die voorsitter van die KKA en die Argivaris jaarliks die vergadering van die ATA in Stellenbosch sal bywoon en dra dit aan die volgende kommissie op om jaarliks daarvoor te begroot.

3.3 WEBWERF VIR SENTRALE KERKARGIEF (*Handelinge 2013*, pt. 8.2, bl. 267)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.3.1 Die Sinode herhaal die opdrag van die Veertiende Sinode, maar verwys dit na die Publikasiekommissie met die versoek dat die webblad van die AP Kerk uitgebrei word om die Kerkargief te akkommodeer.

3.4 OPLEIDING VAN LERAARS, STUDENTE EN ADMINISTRATIEWE PERSONEEL (*Handelinge 2013*, pt. 8.4, bl. 267)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.1 Die Sinode herhaal die opdrag aan die volgende KKA.

4. WERKSAAMHEDE

4.1 GEMEENTELIKE STATISTIEK

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor skribas van gemeentes en ringe wat gereeld die gemeentes se dokumente soos vereis, instuur.

4.1.2 Die Sinode doen 'n beroep op die groot getal gemeentes wat nie jaarliks hul statistiek aan die Kerkargief stuur nie, om dit voortaan gereeld te doen. (Die Kerkargief kan gekontak word om vas te stel of elke gemeente se statistiek op datum is.)

4.2 VISITASIEVERSLAE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.2.1 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes wat nie jaarliks visitasieverslae aan die Kerkargief stuur nie, om dit voortaan gereeld te doen.

4.3 AFSKRIFTE VAN DOOP- EN LIDMATEREGISTERS

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3.1 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes wie se registerafskrifte by die Kerkargief nie op datum is nie, om dit onverwyld op datum te bring en voortaan jaarliks op datum te hou.

4.4 GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.4.1 Die Sinode spreek gemeentes aan wat versuim om jaarliks geouditeerde finansiële state na die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur en versoek alle kerkrade om toe te sien dat dit jaarliks gedoen word.

4.5 HUWELIKSREGISTER

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.5.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars wat gereeld registerblaaie van ons kerkverband se huweliksregister voltooi en instuur.

4.5.2 Die Sinode versoek leraars wat nie gereeld registerblaaie van ons kerkverband se huweliksregister voltooi en instuur nie, om dit voortaan gereeld te doen.

4.5.3 Leraars word sterk aangeraai om afskrifte te maak van die staat se registerblaaie voordat dit by die Departement van Binnelandse Sake ingehandig word en dit ook na die Kerkargief te stuur vir bewaring.

4.6 DIGITALE VERSLAE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.6.1 Die Sinode herinner gemeentes daaraan dat alle verslae en registers ook in digitale formaat, volgens vorige sinodale voorskrifte, in die Kerkargief bewaar kan word.

4.7 GEMEENTELIKE ARGIVALIA – Kennis geneem

4.8 NOTULES

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR:

4.8.1 Skribas van gemeentes word versoek om gereeld afskrifte (op skrif en/of elektronies) van notules van alle vergaderings in die gemeente na die Kerkargief te stuur vir bewaring.

4.9 FOTO'S

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.9.1 Skribas en lidmate word versoek om gereeld foto's wat geneem is by gemeentelike funksies na die Kerkargief te stuur. Foto's waarop persone voorkom, moet voorsien word van onderskrifte met die betrokke persone se name asook die geleentheid waartydens die foto geneem is.

4.10 RINGSDOKUMENTE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.10.1 Die Sinode wys ringskribas op Bep. 37E en versoek dat daaraan uitvoering gegee word.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 RING VAN MIDDELBURG: VERTROULIKHEID VAN KERKAADSVERSLAE EN DOKUMENTASIE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.1.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt formeel ontvanklik is.

5.1.2 Die Sinode besluit om die beskrywingspunt in beginsel goed te keur.

5.1.2.1 Die Sinode dra dit aan die GKK op om ondersoek te doen na die finansiële implikasies en praktiese haalbaarheid van die voorstel met verslag aan die volgende Sinode.

Motivering – Kennis geneem

6. ARGIVARISPOS

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode versoek die GKK om voortdurend in sy besinning oor personeel en poste ook die werksaamhede van die Kerkargief in ag te neem deur die skep en vul van voltydse en deeltydse poste soos dit deurlopend nodig is.

7. IN MEMORIAM (Bylae KKA1)

AANBEVELING GOEDGEKEUR

7.1 Die Voorsitter reël dat die Sinode op gepaste wyse meelewing betoon met die afsterwe van leraars sedert die vorige Sinode.

61. WISSELING VAN VOORSITTER

Die Voorsitter neem weer die voorsitterstoel in.

62. VERKIESING: HULPSKRIBA

Ds. HJ Dafel is as hulpskriba verkies.

63. VERKIESING: GKK-LEDE

Die Voorsitter versoek die vergadering om nominasies vir lede van die GKK in te dien.

64. VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 96)

Ds. NJ Swart hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem

2. VERGADERINGS – Kennis geneem

3 WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE – Kennis geneem

3.1 VERBONDSONDERRIGKURSUS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit vir die aanbieding van die Verbondsonderrigkursus.

3.1.2 Die Sinode neem kennis dat die kommissie die beskikbaarstelling van die opleidingsmateriaal op DVD verder ondersoek.

3.2 BYBELKENNISEKSAMEN

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die opstel van vraestelle en toesig van die Bybelkenniseksamen.

3.2.2 Die Sinode besluit dat die jaarlikse Bybelkenniseksamen op enige Sondag vanaf 1 Mei geskryf kan word.

3.2.3 Gemeentes word steeds aangemoedig om betrokke te bly in die groei van Bybelkennis deur die jaarlikse skryf van die eksamen vir die dooplidmate asook vir belydende lidmate.

3.2.4 Die Sinode neem kennis van die verandering in werkswyse.

3.3 OPSTEL VAN HANDBOEKE VIR VERBONDSONDERRIG – Kennis geneem

4. BESKRYWINGSPUNTE

4.1 RING VAN KLERKSDORP: BEVORDERING VAN BYBELKENNIS ONDER DIE JEUG

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

4.1.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

4.1.3 Die Sinode verwys die saak na die PK met verslag aan die volgende Sinode.

Motivering – Kennis geneem

4.2 RING VAN KLERKSDORP: JEUG EN VERBONDSONDERRIG-STRATEGIE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.2.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt nie formeel ontvanklik is nie.

4.2.2 Die Sinode versoek kerkrade om die aanvaarde publikasie *Riglyne vir jeugbearbeiding binne die AP kerkverband* te gebruik.

4.2.3 Die Sinode versoek kerkrade om met vrymoedigheid by die KJV advies aan te vra oor jeugbearbeiding.

Motivering: – Kennis geneem

5. SLOT – Kennis geneem

65. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG 3 en 4)

Ds. JH Bisschoff hou die verslag voor.

TKG 3

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die volgende personeelwisselings goed:

Nuwe afgevaardigdes:
Frankfort: Ds. Zacharias Janse van Rensburg.

Heilbron: Oudl. Hendrik Francois Naudé.

Wisseling van afgevaardigdes:
Bronkhorstspruit: Oudl. Christo van Wyk word vervang met oudl. Jacobus van der Linde.

Vaalwater: Oudl. Johannes Grové word vervang met oudl. Jacobus Johannes Hendrik Du Toit.

Viljoenskroon: Oudl. Johan Petrus Uys word vervang met oudl. Walter Otto Kurten.

Waterberg: Oudl. Nicolaas Gerrit Olivier word vervang met oudl. Jacobus Frederick van der Merwe.

Van die 209 gemeentes is 124 teenwoordig met 243 afgevaardigdes.

TKG 4

Nuwe afgevaardigdes
Magaliesburg: Oudl. Jacobus Hercules de la Rey

Wisseling van afgevaardigdes
Piet Retief: Oudl. Nicolaas Johannes Grobler word vervang met oudl. Frederick Jacobus Johannes Botha.

Vrede: Oudl. Johannes Petrus van der Merwe Riekert word vervang met oudl. Hendrik Cornelius Geldenhuys.

Van die 209 gemeentes is 125 teenwoordig met 244 afgevaardigdes.

66. STEMREG: FONTEINE

Ds. AQ Campbell vra die vergadering se toestemming om stemreg te kry op dieselfde voorwaarde as wat die ander gemeentes gekry het wat ook met hulle 15%-oorbetalings agterstallig was. Hy vra ook om verskoning dat hy die vergadering sonder toestemming verlaat het.

BESLUIT:

Die Sinode verleen stemreg aan ds. AQ Campbell (Fonteine).

67. WISSELING VAN VOORSITTER

Die Ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in.

68. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 100]

Prof. dr. JAE Adendorff hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem

1.1 LEDE DEUR DIE SINODE VERKIES – Kennis geneem

1.2 LEDE BENOEM – Kennis geneem

1.3 AMPSDRAERS – Kennis geneem

1.4 DAGBESTUUR – Kennis geneem

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR

1.4.1 Die Sinode neem kennis van prof. IA Brink se emeritering op 31 Desember 2016.

1.4.2 Die Sinode bedank prof. IA Brink vir die elf jaar wat hy die kerk getrou gedien het as direkteur van kerkadministrasie en het groot waardering vir die gesindheid en toewyding waarmee hy sy roeping nagekom het.

1.4.3 Die Sinode neem kennis dat ds. JL Schütte benoem is as direkteur van kerkadministrasie vanaf 1 Januarie 2017.

1.4.4 Die Sinode bid ds. JL Schütte die Here se seën toe op hierdie taak.

1.4.5 Die Sinode bedank mnr. LJ Korkie vir die 26 jaar diens aan die kerkverband en bid hom die Here se seën toe op sy nuwe lewe in die VSA.

69. MOSIE

Die vergadering sing die nuwe direkteur van kerkadministrasie, ds. Johan Schütte, die seënbede van Ps. 134:4 toe.

70. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) (VERVOLG) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 101]

1.5 PROSEDURE VIR DIE BENOEMING VAN DIREKTEUR VAN KERKADMINISTRASIE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

1.5.1 Die Sinode neem kennis van die "Prosedure vir die benoeming van Direkteur van Kerkadministrasie."

Motivering – Kennis geneem

1.6 EIENDOMSKOMITEE

AANBEVELING GOEDGEKEUR

1.6.1 Die Sinode bedank die lede van die eiendomskomitee vir die tydrowende dienswerk wat hulle die afgelope vier jaar aan die kerkverband gelewer het.

1.7 RAAD VAN TRUSTEES/ WAAKSAAMHEIDSKOMITEE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS – Kennis geneem

1.8 VERTEENWOORDIGER OP DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE – Kennis geneem

1.9 *AD HOC*-KOMITEES – Kennis geneem

2. VERGADERINGS – Kennis geneem

3. PERMANENTE PERSONEEL – Kennis geneem

3.1 GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR – Kennis geneem

Die Sinode neem kennis van die permanente personeel soos gelys in 3.1.1 – 3.1.21.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.1.22 Die Sinode neem daarvan kennis dat die GKK uitgawes op die begroting moes inperk deur vakante poste nie te vul nie en dat daar tans nie vir hierdie poste begroot word nie.

3.1.23 Die Sinode neem daarvan kennis dat die GKK deurlopend aandag skenk aan die personeelbehoeftes.

3.1.24 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel in die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir die dienste wat elkeen tot voordeel van die hele kerkverband lewer.

3.1.25 Die Sinode versoek die GKK om die moontlikheid van groter finansiële ondersteuningsdienste aan gemeentes te ondersoek en ook spoedig beskikbaar te stel.

3.2 AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE – Kennis geneem

4. SINODALE OPDRAGTE 2013 – Kennis geneem

4.1 OPRIGTING VAN NUWE KANTORE, BOEKWINKEL EN KERKARGIEF

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1.1 Die Sinode spreek sy dank teenoor ons hemelse Vader uit vir sy beskikking van die nodige eiendomme op presies die regte oomblik.

4.1.2 Die Sinode neem kennis van al die eiendomstransaksies wat sedert die vorige Sinode plaasgevind het.

4.2 GEMEENTES EN LERAARS WAT NIE VERPLIGTINGE TEENOOR DIE KERKVERBAND NAKOM NIE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR MET DIE *BYVOEGING* VAN 4.2.3:

4.2.1 Die Sinode herbevestig die besluit geneem in 2013 dat gemeentes en leraars wat nie sinodale verpligtinge en reëlings teenoor die kerkverband nakom nie, hulle aanspraak op dienste en hulp vanaf die Gemeenskaplike Kerkkantoor in die gedrang kan bring.

4.2.2 Die Sinode herbevestig sy besluit geneem in 2013 dat gemeentes en leraars wat nie hulle verpligtinge of reëlings in dié verband teenoor die kerkverband nakom nie, nie aankope vanaf die Boekwinkel, met inbegrip van *Die Boodskapper*, op rekening kan doen nie en ook nie sinodale publikasies teen die gesubsidieerde prys mag aankoop nie, maar die volle prys moet betaal en ook net indien kontant daarvoor betaal word.

4.2.3 *Die saak van die gemeentes Jagersfontein/Fauresmith en Koffiefontein word na die TKKS verwys* (Kyk *Handelinge 2017*, pt. 129, bl. 402).

4.3 MOONTLIKE SKEIDING VAN AP AKADEMIE EN GKK

4.3.1 OOREENKOMS TUSSEN GKK EN AP AKADEMIE MSW (Bylae GKK3)

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

4.3.1.1 Die Sinode neem *goedkeurend* kennis van die ooreenkoms (Bylae GKK3) tussen die AP kerkverband en die Afrikaanse Protestantse Akademie MSW.

4.3.2 WAARBORGSTELLING TEN BATE VAN AP AKADEMIE MSW

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3.2.1 Die Sinode neem met groot dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader daarvan kennis dat die AP Akademie in die vermoë gestel is om voortaan self die nodige waarborgstelling te kan voorsien.

4.4 TRAKTEMENTSKALE VAN LERAARS

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.4.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die voorgestelde aanpassings ten opsigte van leraars se traktementskale.

4.5 SALARISSKALE VAN PERSONEEL EN DOSENTE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.5.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die aanpassings ten opsigte van personeel en dosente se vergoeding.

4.6 REISKOSTETARIEF

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.6.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die voorgestelde aanpassings ten opsigte van die reiskostetarief.

4.7 TRUSTFONDS TOELAEVERHOGING

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.7.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die jaarlikse 5% verhoging ten opsigte van toelaes vanuit die trustfonds.

4.7.2 Die Sinode keur die volgende maandelikse bydrae tot die APK Trustfonds goed en bedank kerkrade vir die getroue oorbetaling daarvan:

Getal lidmate	R per maand
Tot 20	40.00
21-50	50.00
51-100	70.00
101-150	90.00
151-200	110.00
201-250	130.00
251-300	150.00
301 en meer	220.00

4.7.3 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om dit te oorweeg om 'n groter bydrae tot die Trustfonds te maak indien dit enigsins moontlik sou wees.

4.8 MEDIESE FONDS – Kennis geneem

5. GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE – Kennis geneem

5.1 GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE 2016

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.1.1 Die Sinode neem kennis van die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK vir 2016 – kyk Bylae GKK4, *Sakelys 2017* bl. 130.

5.1.2 Die Sinode neem kennis van die AP Akademie Ontwikkelingstrust se finansiële jaarstate vir 2016 – kyk Bylae GKK4.1, *Sakelys 2017* bl.147.

5.1.3 Die Sinode neem kennis van die ouditverslae vir die jare 2014 en 2015 – kyk Bylae GKK4.2, *Sakelys 2017* bl. 153.

5.1.4 Die Sinode neem kennis van die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK en die AP Akademie Ontwikkelingstrust vir 2013 – kyk Bylae GKK4.3, *Sakelys 2017* bl. 157.

5.2 FINANSIËLE VERSLAG 2013 TOT 2016

5.2.1 LYNGRAFIEK WAARIN TOTALE UITGAWES EN TOTALE 15% ONTVANG AANGEDUI WORD. KYK BYLAE GKK4.4 – Kennis geneem

5.2.2 METING VAN DIE WERKLIKE BEDRAE TEEN DIE BEGROTING VIR DIE JARE GEËINDIG 31 DESEMBER 2013; 31 DESEMBER 2014; 31 DESEMBER 2015 EN 31 DESEMBER 2016. KYK BYLAE GKK4.5 EN 4.6 – Kennis geneem

5.2.3 KOMMISSIEWERK VIR DIE JARE 2013–2016. KYK BYLAE GKK4.7 – Kennis geneem

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 RING VAN DENDRON

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.1.2 Die Sinode besluit om nie die beskrywingspunt goed te keur nie.

Motivering – Kennis geneem

7. BESWAARSKRIFTE

7.1 RING VAN OLIFANTSHOEK: SAMESTELLING VAN DIE GKK

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

7.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie aanvaar nie.

71. AFKONDIGINGS

Die Ondervoorsitter doen enkele afkondigings en die vergadering verdaag om 10:33 vir teetyd.

72. SAMESANG

Ds. A Swart lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

73. AFKONDIGINGS

Die Ondervoorsitter doen enkele afkondigings.

74. MOSIE: KORREKTE TAALGEBRUIK

BESLUIT:

Die Sinode neem kennis van die mosie.

75. GOEDKEURING VAN NOTULE

BESLUIT:

Die Sinode keur die notule van Dag 1 Sessie 1-3 met enkele redaksionele wysigings goed.

76. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) (VERVOLG) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 110]

7. BESWAARSKRIFTE

7.1 RING VAN OLIFANTSHOEK: SAMESTELLING VAN DIE GKK

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

7.1.3 Die Sinode besluit die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) word soos volg saamgestel:

- **vier ouderlinge, plus sekundi deur die sinode verkies;**
- **een lid, met sekundus deur elk van die volgende sinodale kommissies uit eie geledere benoem: die Sentrale Kerkekommissie (SKK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS);**
- **'n verteenwoordiger van die Fakulteit Teologie van die Afrikaanse Protestantse Akademie;**
- **die direkteur van kerkadministrasie en afdelingshoofde binne die Gemeenskaplike Kerkkantoor dien in adviserende hoedanigheid.**

Motivering – Kennis geneem

7.2 GKK: KERKORDE ARTIKEL 38.2

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.2.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is ontvanklik.

7.2.2 Die Sinode besluit om Artikel 38.2 soos volg te wysig:

Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes:

38.2 'n teologiese dosent(e) en/of direkteur van kerkadministrasie en/of redakteur van *Die Boodskapper* wat in adviserende hoedanigheid sitting moet neem, tensy hy/hulle met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en volgens artikel 38.1 deur die kerkraad afgevaardig word.

7.3 RING VAN DENDRON: KOOP EN VERKOOP VAN KERKLIKE EIENDOM

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.3.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif nie formeel ontvanklik is nie.

AANBEVELING VERVAL:

7.3.2 Die Sinode besluit om die beswaarskrif nie goed te keur nie.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.3.3 Die Sinode besluit om die lasgewing van die GKK uit te brei met die volgende punt: 5.6.2.4. in die geval van die moontlike vervreemding van onroerende bates, handel die GKK eers nadat inligting aan die kerkrade van die kerke in kerkverband deurgegee is en geleentheid vir reaksie gebied is.

Motivering – Kennis geneem

7.4 GKK: MEDIESE FONDS – HULP AAN EMERITI

AANBEVELING GOEDGEKEUR

7.4.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.

AANBEVELINGS 7.4.2 – 7.4.11 WORD VERWYS NA TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES (Kyk *Handelinge 2017*, pt. 128, bl. 402)

7.4.2 Die Sinode besluit om die beswaarskrif goed te keur en herroep die besluite van Sinode 2013, bl. 273, pt. 4.9.1. en ook Sinode 2004, bl. 364, pt. 26.1.1.

7.4.3 Die Sinode besluit dat slegs leraars wat binne die AP kerkverband geëmeriteer het, vir subsidie ten opsigte van hulle mediese fonds kwalifiseer. 'n Leraar wat binne 'n ander kerkverband geëmeriteer het, kan nie op hierdie subsidie aanspraak maak nie.

7.4.4 Die Sinode besluit om die veranderinge aan subsidie ten opsigte van mediese fonds aan kwalifiserende emeriti vanaf 1 Januarie 2019 in werking te stel.

7.4.5 Die Sinode besluit die subsidie word beperk tot die Klassieke Spaarplan van Discovery Health of 'n gelykstaande bedrag sou die lid 'n ander plankeuse uitoefen.

7.4.6 Die Sinode besluit om die subsidie slegs aan emeriti ouer as 70 te verleen en dan wel volgens die volgende ouderdomsglyskaal:

- **20% subsidie aan lede tussen 70 en 78 jaar**
- **50% subsidie aan lede tussen 78 en 85 jaar**
- **80% subsidie aan lede 85 jaar en ouer**

7.4.7 Die Sinode besluit dat wanneer 'n emeritus in die ouderdom tussen 65 – 70 jaar 'n beroep volgens Beroepsbrief D na 'n gemeente aanvaar het om vir 'n beperkte dienstermyn daar te werk, die verdeling van bydraes tot die mediese fonds vanaf 1 Januarie 2019 soos volg bereken word: lidbydrae 50%; gemeente-bydrae 50%.

7.4.8 Die Sinode besluit dat wanneer 'n emeritus in die ouderdom tussen 70 – 78 jaar 'n beroep volgens Beroepsbrief D na 'n gemeente aanvaar het om vir 'n beperkte dienstermyn daar te werk, die verdeling van bydraes tot die mediese fonds vanaf 1 Januarie 2019 soos volg bereken word: lidbydrae 40%; gemeente-bydrae 40%, GKK bydrae 20%.

7.4.9 Die Sinode besluit dat wanneer 'n emeritus in die ouderdom tussen 78 – 85 jaar 'n beroep volgens Beroepsbrief D na 'n gemeente aanvaar het om vir 'n beperkte dienstermyn daar te werk, die verdeling van bydraes tot die mediese fonds vanaf 1 Januarie 2019 soos volg bereken word: lidbydrae 25%; gemeente-bydrae 25%, GKK bydrae 50%.

7.4.10 Die Sinode besluit dat die GKK 'n komitee van maatskaplike werkers vanuit die kerkverband moet saamstel met die opdrag om die emeriti se posisie deurlopend te ondersoek met verslag aan die GKK vir handeling.

7.4.11 Die Sinode herbevestig die vorige sinodebesluit dat emeriti individueel by die GKK aansoek om addisionele hulp kan doen en wys daarop dat daar ook aansoek gedoen kan word om deur die SKK vanuit die Emeritushulpfonds gehelp te word.

7.5 GKK: BEROEPSBRIEFWYSIGING

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.5.1 Die Sinode besluit dat punt 9 van Beroepsbriewe A – C gewysig word om te lui: 9. Sestig persent van die ledegeld neergelê deur die mediese skema met wie die GKK 'n ooreenkoms het volgens die reëls van die skema, terwyl u self veertig persent van die ledegeld dra. U en die kerkraad moet jaarliks voor 30 November onderhandel aangaande die plankeuse wat vir die volgende jaar uitgeoefen moet word.

Motivering – Kennis geneem

8. VOORLOPIGE BEGROTING VIR 2018 – KYK BYLAE GKK5 – Kennis geneem

8.1 ONTVANGSTE – Kennis geneem

8.2 UITGAWES

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.2.1 Die Sinode neem kennis van die voorlopige uitgawebegroting vir 'n totale bedrag van R16,137,900.00.

8.2.2 Die Sinode herbevestig die besluit dat geen uitbetaling van oorskryde bedrae gedoen word sonder die vooraf goedkeuring van die GKK nie.

9. BEDANKING – Kennis geneem

77. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 3 en 4)

Ds. MR Burger hou die verslae voor.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word goedgekeur:

Smit, RF. Ermelo 08:00	06/09/2017
Struthers, MM. Ermelo 08:00	06/09/2017
Volschenk, CJ. Ermelo 08:00	06/09/2017
Van Wyk, DS. Arnot-Hendrina 11:00	06/09/2017
Bierman, LJ Kemptonpark 08:00	06/09/2017
Van der Merwe, JJ. Vryburg 08:00	06/09/2017
Breytenbach, SJ. Vryburg 08:00	06/09/2017
Riekert, JPvdM. Vrede 13:00	05/09/2017
Schoeman, ST. Mosselbaai 10:30 05/09/2017	
Nieuwhof, A. Ellisras 17:00 –19:00	05/09/2017
Kruger, AJ. Ellisras 17:00 –19:00	05/09/2017
De Villiers, DCJ. Delareyville 14:00	06/09/2017
Hough, JA. Delareyville 14:00	06/09/2017
Viljoen, AP. Frankfort 18:00	06/09/2017
Viljoen, J. Frankfort 15:00	05/09/2017
Gericke, TJ. Wesmoot Heeldag	06/09/2017
Du Toit, JH. Vaalwater Heeldag	06/09/2017
Van der Merwe, JF. Waterberg Heeldag	06/09/2017
Aucamp, P. Piet Retief Heeldag	06/09/2017
Botha, PW. Reitz Heeldag	06/09/2017
Swanepoel, LP. Magaliesburg Heeldag	05/09/2017
Kurten, WO. Viljoenskroon 18:00	05/09/2017
Van der Linde, J. Bronkhorstspruit Heeldag	06/09/2017
Du Plessis, JJP. Sanddrift 15:30	06/09/2017
Snyman, IM. Hoopstad Heeldag	06/09/2017

78. WISSELING VAN VOORSITTER

Die Voorsitter neem weer die voorsitterstoel by die Ondervoorsitter oor.

79. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) [Kyk *Sakelys 2017 bl.* 188]

Prof. dr. GDS Smit hou die verslag voor.

1. LEDE VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

1.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die lede wat sedert die Sinode van 2013 op die KKCE gedien het.

2. VERGADERINGS VAN DIE KOMMISSIE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

2.1 Die Sinode neem kennis van die vergaderings van die KKCE sedert die vorige sinode.
2.2 Die Sinode moedig kommissies aan om sover moontlik *ad hoc*-sake per e-pos

af te handel om koste te spaar en steeds kommissiewerk sinvol te doen.

3. OPDRAGTE VAN SINODES

3.1 STUDIESTUK OOR SONDAGVIERING (*Handelinge 2010*; bl. 234, pt. 4.10.2 en *Handelinge 2013*; bl. 295, pt. 116 en bl. 312, pt. 169)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.1.1 Die Sinode neem kennis van die werkswyse van die KKCE ten opsigte van die *Studiestuk oor Sondagsviering* sedert die vorige Sinode.

3.1.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor prof. dr. R Marè, wat ten spyte van werksdruk, insette gelewer het om die Studiestuk afgehandel te kry.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Onderstaande voorstel is van toepassing op pt. 3.3.2 bl. 201 van die *Sakelys*. Vervang die volgende woorde op bl. 201, punt 3.3.2, derde sin in die Sakelys:

"Daarom laat ons ons gedrag deur die Heilige Gees bepaal" met

"Daarom word die gelowige se gedrag deur die Heilige Gees bepaal"

<u>Motivering:</u>

Die woorde "Laat ons ons gedrag bepaal" roep die charismatiese siening dat die mens besluit of hy God/Christus/die Heilige Gees "sal toelaat" om in hom te werk, asof die mens se wil so deurslaggewend is dat die Here daar niks aan kan doen nie. Die voorgeskrewe wysiging is in volle harmonie met die res van die betrokke paragraaf.

Voorsteller: Prof. dr. R Marè
Sekondant: Oudl. HN Bekker

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR:

3.1.3 Die Sinode keur die *Studiestuk oor Sondagsviering*, soos gewysig, goed (Bylae KKCE1).

3.1.4 Die Sinode besluit om die *Studiestuk oor Sondagsviering* in pamfletvorm te publiseer en versoek die PK om uitvoering te gee aan dié besluit.

80. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

81. BOEKBEKENDSTELLING

Ds. HSW Strauss, afdelingshoof: Publikasies, stel enkele publikasies aan die Sinode bekend.

82. TAFELGEBED

Ds. JS Coetzee doen die tafelgebed en die vergadering verdaag om 13:05 vir middagete.

83. SAMESANG

Ds. NJ Swart lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

84. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

85. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 189]

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die sinode versoek 'n *ad hoc*-kommissie bestaande uit die teologiese dosente van die APA, ds. WJA van Schalkwyk en dr. JH Breytenbach om die verhouding Sabbat/ Sondag te ondersoek en aan die volgende sinode verslag te doen oor:

1) Die vraag waarom die rusdag op Sondag en nie op Saterdag gevier word nie.
2) Die viering van Sondag as rusdag.

Dr. JH Breytenbach
Ds. WJA van Schalkwyk.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die vergadering neem kennis van ds. WJA van Schalkwyk se voorstel, naamlik dat die rusdag sy oorsprong vind in die rus van God op die sewende dag en dat alle denke oor die rusdag, God se rus as vertrekpunt moet neem. In hulle besinning oor die saak, behoort die *ad hoc*-kommissie ook aandag te skenk aan ds. Van Schalkwyk se voorstel.

3.2 STUDIESTUK OOR *KINDERKERK* (*Handelinge 2010*, bl. 233, pt. 4.9.2; *Handelinge 2013* bl. 294, pt. 115).

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (Later met revisie gewysig. Kyk *Handelinge 2017*, pt. 146, bl. 406):

3.2.1 Die Sinode neem met leedwese kennis dat, met die uitsondering van een kerkraad, geen amptelike terugvoer vanuit die kerkverband gekom het ten opsigte van die vraagstuk oor die *kinderkerke* nie.

3.2.2 Die Sinode keur die Studiestuk van die KKCE oor *Kleuterkerke* (Bylae KKCE2) goed.

3.2.3.1 Die Sinode bevestig dat die erediens op 'n Sondag 'n erediens vir almal in die verbondsgesin is en besluit dat dit sodanig gehandhaaf word.

3.2.3.2 Die Sinode herbevestig sy vorige besluite rakende hulpmiddels en kinderdienste, nl. dat versigtig met hulpmiddels omgegaan sal word by die hou van kinderdienste tydens die erediens.

3.2.3.3 Die Sinode wys leraars opnuut daarop dat daar deeglik rekening gehou moet word met die kleuters en kinders in die erediens.

3.2.3.4 Die Sinode besluit dat die gebruik van kleuterkerke nie ongekwalifiseerd en ongereguleerd goedgekeur kan word nie.

Di. DFM Cronjé, WJ Theron, prof. R. Marè, oudle. BD Pretorius en NJ Strydom vra dat hulle beswaar teen die gebruik van die term "kinderkerk/kleuterkerk" genotuleer word.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR:

3.2.3.5 Die Sinode besluit dat indien daar kleuterkerke gehou word, dit streng volgens die riglyne soos neergelê deur die Sinode gedoen sal word. 'n Deel van die riglyne sal wees dat slegs kinders onder 5 jaar dit bywoon; kinders die erediens eers saam met hulle ouers bywoon en dan op 'n gegewe stadium die kerk verlaat met die sing van 'n lied; daar 'n soortgelyke liturgie as dié van die gemeente s'n gevolg word; dieselfde Skriflesing aan die orde gestel word saam met die dieselfde slotsang. Dit bring mee dat die gesin in verbondsverband ná afloop van die diens genoegsame gemeengrond het en saam kan gesels oor die erediens en die preek. Die leraar neem verkieslik die diens waar en indien dit nie moontlik is nie, bedien 'n ouderling of manlike lidmaat die Woord aan die kinders nadat die leraar die "preek" goedgekeur het. Daar moet ouderlingetoesig wees.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.2.3.6 Die Sinode besluit dat indien 'n ouderlingeraad die hou van kleuterkerke goedkeur, dit slegs by uitsondering per geleentheid (bv. een maal per maand of per kwartaal) en nie as reël toegepas moet word nie.

86. KENNIS VAN REVISIE:

Ds. WJA van Schalkwyk gee kennis van revisie t.o.v. punt 3.2.2 en die daaropvolgende besluite van die KKCE verslag, bl. 189 (Later is revisie oor hierdie besluit geneem, kyk *Handelinge 2017*, pt. 146, bl. 406)

87. KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 190]

3.3 TOELATING VAN LIDMATE UIT ANDER KERKE (*Handelinge 2013*, bl. 294, 295, pt. 155).

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die positiewe gesprekke tussen die AP Kerk en die GKSA sedert die vorige Sinode.

3.3.2 Die Sinode neem kennis dat daar op plaaslike vlak gesprekke plaasgevind het tussen die AP Kerk, die NGK en die NHKA, maar dat formele gesprekke nog nie kon plaasvind nie.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

3.3.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die KKCE en die SKK om te poog om gesprek te voer met die NGK en die NHKA oor die verhouding tussen die kerke met betrekking tot die toelating van lidmate. *Die Sinode neem die sake in die beskrywingspunt van die Ring van Middelburg (Sakelys 2017 bl. 19) in ag as riglyne by die gesprek met die NGK en die NHKA*

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.3.4 Die Sinode besluit om die bestaande verhouding tussen die NGK en NHKA te handhaaf totdat die AP Kerk geleentheid kry om die saak met hulle te bespreek en aan die volgende Sinode verslag te lewer.

3.3.5 Die Sinode neem kennis dat voorstelle rondom nouer samewerking met die GKSA in die verslag van die SKK ter tafel kom.

4. KORRESPONDENSIE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode neem kennis van die leerstellige en etiese adviese deur die KKCE hanteer.

4.2 Die Sinode neem kennis dat daar 'n groeiende behoefte by lidmate, kerkrade en leraars bestaan om advies te ontvang oor sake van leerstellige en etiese belang.

4.3 Die Sinode versoek leraars wat sake van aktuele belang in hulle gemeentes aanbied om die stukke aan die KKCE beskikbaar te stel sodat 'n databasis van aktuele sake saamgestel kan word om die KKCE te help om nie elke keer stukke van voor af te moet opstel nie.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 RING VAN STELLENBOSCH: STANDPUNT TEEN DIE EVOLUSIELEER (Die KKCE het ook 'n voorstel vir 'n studiestuk van die Ring ontvang, aangeheg as Bylae KKCE3)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.1.2 Die beskrywingspunt word in beginsel goedgekeur (verwys na 5.1.3).

5.1.3 Die Sinode neem kennis van Bylae KKCE3 en verwys die saak terug na die KKCE, KJV en PK om, met inagneming van die voorstelle van die Ring van Stellenbosch in Bylae KKCE3, gesamentlik ondersoek in te stel in hoe 'n mate die skeppingsleer in die leerplanne van die Verbondsonderrighandboeke ingewerk kan word met verslag aan die Sinode.

6. BESWAARSKRIFTE

6.1 RING VAN KLERKSDORP EN DR. DG VD MERWE: DIE PROSEDURE VAN DIE KKCE EN SY VERSLAG TYDENS DIE SINODE 2010 MET BETREKKING TOT DIE GRONDTEKS VAN DIE NUWE TESTAMENT

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.

AANBEVELING VERVAL:

6.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie goedgekeur nie.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.1.3 Die Sinode besluit om 'n *ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling aan te wys om die AP Kerk te adviseer oor Bybelvertaling en die bronteks, indien nodig, met verslag aan die volgende Sinode.

Motivering – Kennis geneem

88. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings waarna die vergadering vir koffie verdaag.

89. SAMESANG

Ds. WJ Theron lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

90. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 195]

6.2 BESWAARSKRIF: LASGEWING VAN PERMANENTE SINODALE KOMMISSIES, KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK, *KERKORDE 2014*, BLADSY 175, PT. 3.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.2.1 Die Sinode keur die beswaarskrif goed en wysig die KKCE se Lasgewing punt 3 om voortaan te lui: Die kommissie kan enige van die dosente aan die AP Akademie nader om advies te lewer.

7. VERSOEKE OM ADVIES AAN DIE SINODE

7.1 VERKLARING VAN KERKORDE ART. 59.3.4 TEN OPSIGTE VAN ERGERLIKE SONDES

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR. TERUGVERWYS NA KKCE

7.1.1 Die Sinode keur Bylae KKCE5 goed.

7.1.2 Die Sinode besluit dat Bylae KKCE5 wat Kerkorde Art. 59.3.4 definieer ten opsigte van wat as "ergerlike sondes" beskou word, as bylae opgeneem moet word in die volgende uitgawe van *Die Kerkorde* met 'n verwysing in die artikel na dié bylae.

7.2 VERKLARING VAN WAT DIE SINODE AS TENTMAKERBEDIENING BESKOU

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.2.1 Die Sinode volstaan met die besluit dat die tentmakerbediening nie in die AP Kerk aanvaar word nie.

7.2.2 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat selfs geringe tyd aan 'n inkomste buite die ooreenkoms soos vervat in sy beroepsbrief wy, die belang aan die plaaslike kerkraad as werkgewer moet openbaar wat besluit of die aard en omvang daarvan aanvaarbaar is of nie.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

7.2.3 Die Sinode besluit dat die KKCE en SKK gesamentlik ondersoek moet doen om die volgende Sinode te voorsien van 'n studiestuk oor wat as "tentmakersbediening" beskou kan word. *Die sinode versoek die KKCE en SKK om in die ondersoek aandag te gee aan die leraar se roepingsbewustheid t.o.v. sy verantwoordelikheid as hoof van sy gesin, asook as bedienaar van die Woord.*

8. BEGROTING

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

8.1 Die Sinode neem kennis van die begroting van die KKCE, soos uiteengesit in die verslag van die GKK.

91. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE MEDIASKAKELING (TKM 1)

Ds. A Boshoff hou die verslag voor.

1. **Personeel –** Kennis geneem

2. **Verslag 3 en 4 September:**

2.1 Die Sinode keur die volgende aanbevelings goed om aan die media bekend gestel te word:

2.1.1 Die 500ste herdenking van die Reformasie, sowel as die 30ste bestaansjaar van die Afrikaanse Protestantse Kerk, is met 'n luisterryke musiekfees op Sondag 3 September 2017 gedenk. 'n Massakoor van AP kerklidmate, sowel as 'n orkes en gaskunstenaars het opgetree in 'n program wat God se werk deur die geskiedenis, met spesiale fokus op die

Kerkhervorming, uitgelig het. Dit was 'n heerlike ervaring en hartlike samesang van die gehoor het hierdie belewenis iets baie besonders gemaak. Dit was waarskynlik lanklaas dat Psalms en Gesange so luid in die Z. K. Matthews teater van UNISA weerklink het. Die AP Kerk is dankbaar dat daar op hierdie wyse by die viering van die Reformasie aangesluit kon word.

2.1.2 Die Vyftiende Sinode van die AP Kerk het op 4 September 2017 gekonstitueer met 241 afgevaardigdes uit 126 gemeentes. Die sinode het ook met leedwese kennis geneem van baie gemeentes wat afwesig is, hetsy met verskoning of selfs daarsonder.

2.1.3 Ds. MJ (Schalk) van Schalkwyk, die oudste dienende leraar (88 jaar), het die Sinode geopen met Skriflesing uit Efésiërs 4:17-5:2 en gebed.

2.1.4 Prof. dr. JAE Adendorff het almal verwelkom by die 30-jarige herdenking van die AP Kerke se bestaan in die feesjaar waarin die 500ste herdenking van die Reformasie gevier word. In so 'n erfenis word die Woord van God sentraal geplaas en is die bede dat die AP Kerk steeds getrouer getuies van die ewige Woord, Jesus Christus, in die wêreld sal wees. Daartoe spoor Psalm 19:15 ons aan: *Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser.*

2.1.5 Verskeie groeteboodskappe is aan die Sinode gestuur, onder meer deur die NG Kerk Vrystaat, BCVO, TLU SA, die Reformatorisch Theologisches Seminar Heidelberg Duitsland en die NHKA.

2.1.6 Die volgende persone is as ampsdraers van die Sinode verkies:

Voorsitter: Prof. dr. JAE Adendorff.
Ondervoorsitter: Prof. dr. GDS Smit
Aktuarius: Ds. WJA van Schalkwyk
Skriba: Ds. HSW Strauss
Hulpskriba: Ds. HJ Dafel

2.1.7 Daar is gemeentes wat eredienste direk op die internet uitsaai en sulke eredienste elektronies beskikbaar stel. Lidmate in die buiteland en platteland word aangemoedig om hiervan kennis te neem en daarvan gebruik te maak. Skakels na sodanige uitsendings is beskikbaar op die amptelike webblad van die AP Kerk (www.apk.co.za). Daar word ook spesifieke aandag gegee aan die nood van klein gemeentes op die platteland. Daar is met dankbaarheid kennis geneem van groter gemeentes wat op besondere wyses hierby betrokke is.

2.1.8 Openhartige gesprekke met ander kerkverbande het plaasgevind en hierdie gesprekke sal voortgesit word. Dit is vir die AP Kerk belangrik om in 'n tyd waarin die Woord van God so maklik geminag word, met almal in gesprek te bly wat bely dat hulle dieselfde Here aanbid en sy Woord eer.

2.1.9 Daar is nege predikante oorlede sedert die vorige Sinode. Die Sinode spreek sy meegevoel teenoor hulle naasbestaandes uit. Daar is ook nege predikante sedert die vorige Sinode tot die bediening toegelaat. Tans is daar 79 voltydse leraars in die kerkverband. Daar is 18 emeriti met beperkte dienstermyn in gemeentes betrokke en 35 emeriti wat nie aan gemeentes verbind is nie.

2.1.10 Die Sinode het met leedwese en toenemende kommer kennis geneem van die toename in geweldsmisdade, plaasaanvalle en moorde op die boere in ons land. Die Sinode doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers volgens die opdrag van die Skrif in Romeine 13:1-4. Die Sinode is ook bekommerd oor spanning op plase wat deur arbeidsonrus veroorsaak word en toekomstige voedselsekerheid ernstig bedreig.

2.1.11 Op inisiatief van die AP Kerk het daar tydens drie geleenthede 'n gereformeerde gespreksforum plaasgevind met gereformeerd-gesindes uit ander kerkverbande. Verskeie teologiese sake het aan die orde gekom. Die Sinode het die SKK versoek om voort te gaan met die reël van toekomstige geleenthede.

2.1.12 Tydens die Eeufeesviering van die Vrouemonument in 2013 het die SKK 'n krans namens die AP Kerk gelê.

2.1.13 Bestaande Afrikanermuseums gaan toenemend agteruit. Die moontlikheid van 'n unieke Afrikanermuseum is ondersoek en die Sinode het dit aan die SKK opgedra om weë te ondersoek om hierdie inisiatief te laat realiseer.

2.1.14 Die Sinode het sy dank uitgespreek teenoor ds. WJA van Schalkwyk, proff. R Marè en JAE Adendorff vir die waardevolle bydraes wat gelewer is op die Kerklike Advieskommissie vir die Bybel in Afrikaans (KABA).

2.1.15 Die AP Kerk het deelgeneem aan die "borg/koop-'n-woord-projek" van die WAT en het die woord "gereformeerd" teen R5 000 gekoop.

2.1.16 Daar is verskeie verootmoedigingsdae deur die SKK gereël. Tog wys die Sinode gelowiges daarop dat verootmoediging 'n deurlopende handeling behoort te wees. Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat erns maak met verootmoediging en moedig kerkrade aan om self inisiatief te neem met die reël van verootmoedigingsdae.

2.1.17 Pretoria FM het nog altyd 'n oop oor vir SKK-verklarings. Hulle betrek die AP Kerk gereeld by godsdiensuitsendings en -programme wat 'n baie groot diens aan baie lidmate lewer. Kerknuus word gereeld gestuur na Pretoria FM, Radio Lichtenburg en Radio Rosestad. Die Sinode het sy dank uitgespreek teenoor radiostasies wat die SKK-verklarings en kerknuus uitsaai en leraars die geleentheid bied om die kerk se profetiese stem te laat hoor en die evangelie te verkondig.

2.1.18 SKK-verklarings is op die kerk se amptelike webblad beskikbaar. Hierdie verklarings dek 'n wye verskeidenheid aktuele sake waaroor die AP Kerk sy profetiese stem laat hoor het. Verklarings is onder meer uitgereik oor plaasmoorde, die plek van godsdiens in skole, selfdegeslagverhoudings en geweld by universiteite.

2.1.19 Die Sinode het kennis geneem van 'n konferensie oor blanke verarming wat deur *Helpende Hand* gereël is. Die omvang van blanke verarming is 'n groot bron van kommer vir die kerk. Diakonieë word opgeroep om aandag te gee aan die verarming van Afrikaners en daadwerklik op te tree om die krisis af te weer.

2.1.20 Die Sinode het sy dank uitgespreek teenoor elkeen wat 'n bydrae gelewer het tot droogtehulp aan ons boere.

2.1.21 By die verslag van die Publikasiekommissie is met dankbaarheid en opgewondenheid kennis geneem van 'n wye verskeidenheid belangrike publikasies wat beskikbaar is. 'n Elektroniese konkordansie van die Psalms en Gesange is ontwikkel en is gratis op die webwerf beskikbaar. 'n Unieke kenmerk van hierdie konkordansie is dat dit nie net spesifieke trefwoorde soek nie, maar ook sinonieme woorde in die Psalms en Gesange kan opsoek. 'n Engelse weergawe van *Skriflig op Kerk en Volk*, die AP Kerk se beleid oor volkereverskeidenheid, sal binnekort as gratis e-publikasie op die webwerf beskikbaar wees. *Die Boodskapper*, die kerk se amptelike blad, is ook in elektroniese formaat beskikbaar. Sinodale studiestukke, oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe, sal ook binnekort as 'n gratis elektroniese bundel, tesame met 'n behoorlike indeks, op die webblad beskikbaar wees. 'n Elektroniese preekbank is beskikbaar vir gemeentes waar leesdienste gehou moet word.

2.1.22 Daar het sedert die vorige Sinode 'n hele aantal nuwe publikasies verskyn, waaronder *Hosea – 'n Bybelstudie vir vandag* deur ds. MC Adendorff. Dit is 'n werk van hoogstaande gehalte waarvoor hy bekroon is met die Lig in Duisternis-prys. Nuwe publikasies wat in die vooruitsig gestel is, sluit reekse vir lidmaattoerusting, Bybelse kerkwees, Bybeltoerusting, Die Kerkvaders en verskeie Bybelstudies in. Gekeurde publikasies van ander uitgewers is in die Boekwinkel beskikbaar. Pamflette is in gedrukte en elektroniese formaat beskikbaar en sluit pamflette oor die Franse Hugenote, valse leraars, die vrou in die amp, kinders by die nagmaal, ensovoorts, in. 'n Vertalingsprojek van 'n

boek oor 'n baie relevante onderwerp is byna afgehandel – Richard Cohen se *Gay Children Straight Parents – a Plan for Family Healing* is binnekort in Afrikaans beskikbaar.

2.1.23 Die Sinode het met groot dank kennis geneem van 'n elektroniese bestellingsdiens waardeur alle publikasies deur die webblad bestel kan word. Die bestellingsdiens moet uitgedra word na buite sodat ons publikasies ook effektief na buite bemark kan word. Die Sinode het sy hartlike dank uitgespreek teenoor al die gemeentes se kolporteurs vir die besondere wyse waarop hulle in die koninkryk en kerk dien. Kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, word versoek om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te gee.

2.1.24 Die Sinode het sy dank uitgespreek vir die inisiatief om 'n unieke selfoontoepassing vir die AP Kerk se liederebundel, belydenisskrifte en formuliere te ontwikkel en moedig kerkrade aan om die toepassing aan lidmate bekend te stel en te gebruik.

2.1.25 Die Sinode het met dank kennis geneem van die bediening deur middel van multimedia. Op die webwerf is videopreke beskikbaar vir klein gemeentes en lidmate in die buiteland, koffietafelgesprekke in beeld, kommentaarartikels oor aktuele onderwerpe, ensovoorts. Onderwerpe wat behandel is by die redakteursforum op Pretoria FM, is as klankgrepe op die kerk se webblad beskikbaar; so ook Pretoria FM se insetsels *7-voor-7*. *Basuingeklank*, 'n joernaalprogram oor die kerklike lewe, is ook op die webblad beskikbaar en word deur middel van die kerk se Facebook-blad versprei.

2.1.26 Die kerk se amptelike Facebookblad word mooi uitgebou en sy volgelinge groei sterk. Die AP Kerk erken die positiewe waarde van sosiale media. 'n YouTube-kanaal gee ons meer bandwydte om video's te plaas en word sterk aanbeveel by lidmate.

2.1.27 Ds. Schalk Strauss het 'n broederlike gesprek gelei uit Sagaría 7:1-14 met die tema *Semper Reformanda*.

Die vraag wat aan die orde gestel is, is: Moet 'n mens verander bloot ter wille van verandering? Of behou bloot ter wille van behoud? Daar is 'n toets vir die onderskeid tussen ware godsdiens en vormgodsdiens – hoe heilig is jou lewe? Die Here vra in Sagaría 7:5 *Het julle werklik ter wille van My gevas?* Die Here sélf bevraagteken die opregtheid waarmee mense sekere dinge doen. Uiterlike kwessies oor vorm moet met 'n heilige lewenswandel bevestig word. Die formele kwessies van leerstellige korrektheid, kleredrag, liturgie, ensovoorts moet nie so opgestel word dat dit belangriker geag word as 'n lewe waar die Here opreg gedien word nie. Leer en lewe gaan hand-aan-hand. In alles wat die kerk doen, gaan dit voor alles oor die Here en Hom aan wie die eer en die dank toekom. Ook wanneer ons oor ou of nuwe vorme besin, is die vraag nie verandering of behoud nie, maar of ons werklik vanuit die Woord besin en of God se eer daarin gesoek word. *Soli Deo Gloria!*

92. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 228]

Ds. WJA van Schalkwyk hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem

2. VERGADERINGS – Kennis geneem

3. SAKE IN OPDRAG VAN DIE VEERTIENDE SINODE (2013)

3.1 ATTESTAAT

AANBEVELING VERWYS NA TKKS (kyk *Handelinge 2017*, pt. 129, bl. 403)

3.1.1 Die Sinode besluit om die attestaat soos volg te wysig:

ATTESTAAT

Hiermee getuig die Ouderlingeraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

.....
(Naam, bv. Germiston)
oor die volgende belydende lidmate:

……
ID-nommer
……
ID-nommer
……

Aangaande hulle/sy/haar:
Erediensbywoning: _____
_____
Meelewing in gemeente-aktiwiteite:
_____
Lewenswandel: _____
_____
Regsinnigheid: _____
_____
Verbondsonderrigbywoning van kinders:
_____
Lewenswandel van kinders: _____
_____

Onlangse optrede van die ouderlingeraad ten opsigte van opsig en tug: _____
_____
_____
_____
_____

Die volgende dooplidmate word ook aan u sorg toevertrou:
……
ID-nommer
……
ID-nommer
……
ID-nommer
……
ID-nommer
……
ID-nommer
……

Adres van intrekkers in nuwe gemeente:
……
……
Selfoonnommers van lidmate:
……
……

Namens die ouderlingeraad wat hierdie attestaat uitreik:
Skriba:
……
Voorsitter:
……

Datum: ……

3.2 KERKREGWOORDEBOEK

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode besluit om beide die kort en lang weergawe te publiseer.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

3.2.2 Die Sinode dra dit aan die KKS en die PK op om die publikasie te versorg en te publiseer. Leraars en kerkrade wat insette wil lewer voordat die publikasie gefinaliseer word, moet 'n elektroniese afskrif by die PK bekom en wysigings aan bogenoemde kommissies voorlê vir oorweging. *Kommentaar moet voor die einde van 2017 ingedien word.*

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.2.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor prof. dr. R Marè vir die groot werk wat hy met die saamstel van die Kerkregwoordeboek gelewer het.

4. AANBEVELINGS EN KERKORDELIKE WYSIGINGS: LASGEWING PUNT 7

4.1 ARTIKEL 4.3

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.1.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

… opname ná goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke of van die gemeente van herkoms insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap (ná approbasie deur die gemeente) wat deur belydende lidmate vanuit ander erkende gereformeerde (of gereformeerdgesinde) kerke as aansoek om lidmaatskap ingelewer is.

4.2 BEPALING 4F

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.2.1 Die Sinode keur die skrapping goed.

4.3 ARTIKEL 10.6

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik dat die huidige Artikel 10.6 geskrap en by die lasgewing van die Kuratorium gevoeg word.

4.4 ARTIKEL 10.7

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.4.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

Sinodes besluit wanneer nodig oor die finansiële subsidiëring van die AP Akademie en reël dit in die ooreenkoms tussen die Akademie en die GKK.

4.5 ARTIKEL 13

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.5.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die reg om, voor verstryking van die periode van approbasie, skriftelike beswaar aan te teken by die kerkraad op grond van onreëlmatigheid in verband met die beroep of by die ouderlingeraad op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van die beroepene.

4.6 BEPALING 13A

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.6.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

Wanneer die voorsitter of skriba van die beroepende gemeente se kerkraad of ouderlingeraad die beswaar ontvang, word 'n vergadering onverwyld belê om die beswaar te oorweeg.

4.7 BEPALING 13B

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.7.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

Die kerkraad handel die beswaar ten opsigte van die onreëlmatigheid in verband met die beroep af.

4.8 BEPALING 14E

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.8.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

Die beroepende kerkraad gee kennis van die bevestiging in die amptelike blad van die Kerk en aan die gemeenskaplike kerkkantoor, sodat kennis aan die Registrateur van Huwelike gegee kan word, en waar van toepassing, aansoek gedoen kan word vir die aanstelling as huweliksbevestiger deur die staat, en met die oog op pensioen- en mediese fondsvereistes.

4.9 ARTIKEL 17.2

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.9.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

Indien die ring die aansoek om oorgang goedkeur, verbeur die bedienaar sy status as bedienaar van die Woord met onmiddellike effek.

93. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

94. TAFELGEBED

Ds. L Lubbe doen die tafelgebed en die vergadering verdaag vir aandete.

95. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 237]

4.10 ARTIKEL 19.1 en 19.2

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.10.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe Redaksie:

19.1 Wanneer 'n bedienaar van die Woord self of 'n kerkraad (of gekombineerde kerkraad) oordeel dat hy nie langer tot stigting in die plaaslike kerk (of kombinasie) kan dien nie, moet:

Vervang huidige 19.2 in sy geheel met:

19.2.1 die bedienaar van die Woord sy besluit skriftelik aan die kerkraad bevestig, met dien verstande dat sy besluit nie mondeling of skriftelik herroep kan word nadat die kerkraad die besluit oorweeg en goedgekeur het vir deursending na en hantering deur die ring volgens Artikel 19.3 nie;

19.2.2 die kerkraad die saak na die ring deurstuur, met behoorlike skriftelike bewyse hoedat daar gepoog is om die verhouding te beredder.

4.11 ARTIKEL 19.3

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.11.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

Wanneer 'n ring die besluit van 'n bedienaar van die Woord of van 'n kerkraad (of gekombineerde kerkraad) ontvang het, stel die ring behoorlik, *maar spoedeisend* ondersoek in (wat insluit dat die ring hom deeglik daarvan moet vergewis dat die saak nie in werklikheid onder die tugartikels behandel moet word nie) en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente (of kombinasie) losgemaak moet word. Alle partye word skriftelik van die besluit in kennis gestel (kyk ook Bepaling 56A).

4.12 Artikel 19.3.1

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.12.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik dat Artikel 19.3.1 geskrap word.

4.13 ARTIKEL 19.3.2

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.13.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

Indien die aanbeveling van die ring losmaking is, maak die kerkraad as die werkgewer, tydens 'n buitengewone kerkraadsvergadering (Bepaling 34B) sonder meer die band los; met skriftelike kennisgewing aan die leraar.

4.14 ARTIKEL 19.7

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.14.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

Die vergadering wat die band losmaak moet onmiddellik, deur middel van publikasie in *Die Boodskapper*, aan die kerke in kerkverband kennis gee dat die betrokke leraar losgemaak en beroepafwagtend is. Die ring moet sorg dra dat die kerkraad of die gekombineerde kerkraad aan die predikant 'n dokument gee dat hy volgens Artikel 19.3 of Artikel 19.4 (waar van toepassing) losgemaak is (Bylae 6.3). Hierdie dokument sal by 'n volgende gemeente in die plek van die akte van demissie dien (kyk Bepaling 4H in verband met lidmaatskap).

4.15 ARTIKEL 31 – Wysiging van opskrif

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.15.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

<u>Nuwe redaksie:</u>

BESWAARSKRIFTE EN APPÈLLE

Hierdie saak sal ook in *Die Kerkorde* Bylae 4 reggestel word sodat dit lui:

<u>In sake wat na die Sinode deurgegee word,</u> word die goedgekeurde beraming en verdeling na die GKK verwys vir invordering.

4.16 ARTIKEL 36.1

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.16.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

<u>Nuwe redaksie:</u>

Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee ouderlinge <u>uit elke gemeente in die ringsressort</u>.

4.17 ARTIKEL 37.3

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.17.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

<u>Nuwe redaksie:</u>

… die stigting, <u>afstigting</u> en ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade; …

4.18 ARTIKEL 37.6

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.18.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

<u>Nuwe redaksie:</u>

… tugondersoeke saam met ouderlingerade en naburige ringe

4.19 BEPALING 37J

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.19.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

<u>Nuwe redaksie:</u>

Waar 'n kerkraad nie meer bestaan nie, neem die ring die inisiatief om lidmate te begelei tot 'n gemeentelike tuiste <u>in 'n ander AP kerk</u>.

4.20 BEPALING 37K

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.20.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

<u>Nuwe redaksie:</u>

Wanneer 'n gemeente ontbind volgens Artikel 37.3 word uitvoering gegee aan Bepaling 37J, met dien verstande dat die bates saam met die meerderheid van die gemeentelede gaan <u>na die AP Kerk waarin hulle tuiskom. Indien die bates nie saam met die meerderheid van die gemeentelede na 'n ander AP Kerk oorgaan nie, word die bates, hetsy deur die laaste kerkraad of die ring, aan die Bedieningsfonds van die SKK oorgedra (kyk Bepaling 32B.2)</u>.

4.21 ARTIKEL 38.3

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.21.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik dat die artikel voortaan as Bepaling 38A in *Die Kerkorde* sal staan.

4.22 NUWE BEPALING 53E

AANBEVELING *<u>GEWYSIG</u>* GOEDGEKEUR:

4.22.1 Die Sinode keur die toevoeging van Bepaling 53E goed, naamlik:

Enige persoon (*<u>ongeag of hy/sy 'n lidmaat in 'n plaaslike kerk is</u>*) kan as getuie geroep word, met dien verstande dat die ondersoekvergadering sekerheid verkry oor die integriteit en betroubaarheid van alle getuies.

4.23 ARTIKEL 57.4.2 en 57.4.3

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.23.1 Die Sinode keur die wysigings goed.

Nuwe redaksie (Artikel 57.4.2):

... sensuur deur die ouderlingeraad en skorsing deur die kerkraad wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktement, behuisings-, mediese en pensioenvoordele, maar met verlies van ander toelaes en met opskorting van die voorreg om beroep te word;

Nuwe redaksie (Artikel 57.4.3):

... sensuur deur die ouderlingeraad en afsetting deur die kerkraad uit die diens op besluit van die ouderlingeraad ná aanbeveling deur die ring ooreenkomstig Artikel 56.3.5, wat nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente.

4.24 ARTIKEL 58.1, 58.2.1 en 58.2.2

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.24.1 Die Sinode keur die wysigings goed.

Nuwe redaksie:

58.1 'n Lidmaat wat hom/haar in 'n tugsaak deur die uitspraak van 'n kerkvergadering veronreg voel, het die reg tot appèl tot by die sinode.

Skrap Artikel 58.2.

4.25 LASGEWING VAN DIE KKS PUNT 3

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.25.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe redaksie:

... adviseer lidmate (insluitende kerkraadslede), kerkrade, ouderlingerade, ringe en permanente kommissie t.o.v. kerkregtelike sake (wat insluit die hulp met klagtes, beswaarskrifte, appèlle, ens.) indien advies gevra word. Die kommissie vergewis homself eers deeglik van die feite van alle kante in verband met die saak voor advies gegee word.

5 BESWAARSKRIFTE

5.1 BESWAARSKRIF BLOEMFONTEIN-NOORD: EGSKEIDING EN STATUS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Teenstem: Oudl. WJ de Clerck

5.1.3 Die Sinode besluit dat 'n predikant ná afsetting ingevolge van Artikel 57.4.3 of losmaking van die amp ingevolge Artikel 17.1 of gemeenteverlating ingevolge van Artikel 17.4, eers ná drie jaar (al is sensuur toegepas wat reeds vroeër opgehef is) weer by die Kuratorium om status aansoek kan doen.

5.1.4 Die Sinode keur in beginsel goed dat 'n predikant ná afsetting besondere pastorale sorg ontvang ('n pad van heling loop).

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

5.1.5 Die Sinode versoek die *SKK* en KKS om 'n studie te doen oor die inhoud van die besondere pastorale versorging en aan die volgende Sinode verslag te lewer. Die Sinode versoek kerkrade/ouderlingerade om voorstelle in die verband aan die KKS te stuur.

VOORSTEL VERWYS NA DIE TKKS (Kyk *Handelinge 2017*, pt.131, bl. 403):

Die Sinode besluit om in ooreenstemming met Kerkorde Art. 59.3.4 verlof tot herstel in die amp aan br. AE van den Berg vanaf 5 September 2017 te verleen.

Oudl. FJ van Eeden
Oudl. WJ de Clerck

Motivering – Kennis geneem

5.2 BESWAARSKRIF KKS: EGSKEIDING

AANBEVELINGS *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

5.2.1 Die Sinode *besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.*

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR:

5.2.2 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat in 'n egskeiding betrokke is, uit die amp afgesit moet word ingevolge Artikel 57.4.3.

5.2.3 Die Sinode besluit dat, indien daar bevind is dat 'n leraar Bybelse gronde vir die egskeiding het en aan die Bybelse eise vir die amp voldoen, hy by die Kuratorium aansoek mag doen om herstel in die amp ingevolge Artikel 59.3.3, onmiddellik nadat die egskeiding finaal in 'n bevoegde hof beveel is.

5.3 BESWAARSKRIF DERBY – BEPALING VAN 'N KWORUM

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.3.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.3.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

5.3.3 Die Sinode besluit om 'n nuwe Ordereël 6, met die opskrif *KONSTITUERING*, goed te keur. Die numerering van die Ordereëls wat daarop volg, sal dan gewysig word.

Ordereël 6: 'n Vergadering konstitueer voordat hy open en met sy werksaamhede begin. Om as wettige vergadering te kan konstitueer, stel die aanwesige lede vas of daar:

1) behoorlik kennis gegee is van die vergadering (KO Bep. 34A en 34B); en

2) 'n kworum aanwesig is (Huidige Ordereëls 6 en 8).

Motivering – Kennis geneem

5.4 BESWAARSKRIF DERBY: *KERKORDE* BYLAE 1 Punte 1.3 & 1.4

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.4.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.4.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Teenstem: Ds. DJ Malan

5.4.3 Die Sinode besluit dat die *status quo* volgens Bylae 1.3 en 1.4 gehandhaaf word en beklemtoon dat dit slegs by hoë uitsondering en as tydelike maatreël en met medewete en goedkeuring van die SKK en/of die Dagbestuur van die Kuratorium, mag plaasvind.

5.4.4 Die Sinode dra dit aan die SKK op om, deur die kantoor van die Direkteur, uitvoering te gee aan die sinodebesluite van 1988 en 2004, wat die bediening in kleiner gemeentes raak.

5.4.4.1 Die Sinode besluit dat elke kerkraad, waar 'n voltydse leraar is, telefonies gekontak word om 'n reëling te tref wanneer hul leraar in hierdie diens kan help. Hierdie hulpdiens moet baie spesifiek ook sakramentsbediening insluit.

5.4.4.2 Die Sinode besluit dat die gemeente waar die hulp verleen word, verantwoordelik is vir die reiskoste na hul gemeente asook 'n addisionele vergoeding vir die leraar (soos deur die SKK bepaal). Die SKK oordeel oor bedieningshulp indien nodig.

Motivering – Kennis geneem

5.5 BESWAARSKRIF MOOINOOI: BENOEMINGS DEUR DIE SINODE OP DIE RAAD VAN DIE APA

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.5.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.5.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering – Kennis geneem

5.6 BESWAARSKRIF NEWCASTLE: SAMESTELLING VAN SINODALE KOMMISSIES

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.6.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.6.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

5.6.3 Die Sinode moedig kommissies aan om emeriti te koöpteer soos nodig.

Motivering – Kennis geneem

5.7 BESWAARSKRIF NEWCASTLE: WISSELING VAN LEDE OP SINODALE KOMMISSIES.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.7.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.7.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

5.7.3 Die Sinode versoek die Kommissie van kommissies om toe te sien dat leraars wat op twee kommissies benoem is, nie as eerste sekundus op enige ander kommissie benoem word nie.

Motivering – Kennis geneem

5.8 BESWAARSKRIF AP KERK PRETORIA-OOS: ARTIKEL 3

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.8.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is tegnies nie ontvanklik nie.

ORDEMOSIE GOEDGEKEUR:

Die sinode volstaan met Aanbeveling 5.8.1. Dit beteken dat die Sinode kennis neem van Aanbeveling 5.8.2 en Aanbeveling 5.8.3 en dit nie ter tafel neem nie.

Motivering:

1. Dit is onregverdig en sinloos dat so 'n saak ter tafel geneem en bespreek word op grond van skrywes van twee kerkrade van gemeentes van die kerkverband terwyl die kerkverband uit meer as 200 gemeentes bestaan. Om die saak regverdig en sinvol ter tafel te neem en te bespreek, moet die sinode ook hierdie kerkrade se insae verkry.

2. Die Kommissie se aanbeveling by 5.8.2 en 5.8.3 is teenstrydig met die aanbeveling by punt 5.8.1 dat die beswaarskrif nie ontvanklik is nie. Hoe kan 'n beswaarskrif wat nie ontvanklik is nie, ter tafel geneem word en dan bespreek word? Die regte pad is dat dit teruggewys word na die opsteller van die beswaarskrif.

Voorsteller: Ds. JCG Janse van Vuuren

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR:

5.8.2 Die Sinode besluit om die beswaarskrif van Pretoria-Oos wel ter tafel te neem en te bespreek.

5.8.3 Die Sinode versoek die kerkraad van Pretoria-Oos om, in die lig van die bespreking, 'n beswaarskrif vir die volgende Sinode voor te berei.

Motivering – Kennis geneem

5.9 BESWAARSKRIF KKS: KERKREGWOORDEBOEK

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.9.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is ontvanklik.

5.9.2 Die Sinode herroep die besluit van Sinode 2013 en keur die nuwe bewoording goed, nl.:

Die Sinode besluit om dit aan die PK op te dra om die Kerkregwoordeboek op die mees bekostigbare wyse aan die kerkverband beskikbaar te stel.

5.9.3 Die Sinode gee uitvoering aan aanbeveling 3.2.2

6. APPÈLLE – Kennis geneem

96. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 5 en 6)

Ds. MR Burger hou die verslae voor.

AANBEVELING GOEDGEKEUR;

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word goedgekeur:

Van der Merwe, HJ. Naboomspruit	
21:00	05/09/2017
Prinsloo, LÊ. Waterberg	
21:00	05/09/2017
Keyter, WJ. Rustenburg	
21:00	05/09/2017
Grobler, NJ. Rustenburg	
21:00	05/09/2017
Durrheim, TR. Brakpan	
21:00	05/09/2017
Van der Lith, JF. Marble Hall	
21:00	05/09/2017
Bosch, ML. Kleinfontein	
21:00	05/09/2017
Swanepoel, JL. Kleinfontein	
21:00	05/09/2017

Du Toit, JN. Vaalwater	
21:00	05/09/2017
Hartzenberg, MJ. Kleinfontein	
21:00	05/09/2017
Stadler, LPC. Suidkus	
21:00	05/09/2017
Myburgh, K. Vryburg	
21:00	05/09/2017
Herselman, JM. Brakpan	
21:00	05/09/2017
Swart, A. Sanddrift	
21:00	05/09/2017
Du Plessis, JJP. Sanddrift	
21:00	05/09/2017
Brits, APS. Sanddrift	
21:00	05/09/2017

97. AFSLUITING

Ds. NJ Coetzee (Amajuba) sluit af met gebed en die vergadering verdaag om 21:45.

98. SAMESANG

Ds. WJ van der Westhuizen lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

99. BIDSTONDE

Oudl. CC Oosthuizen (Amajuba) lei die bidstonde vanuit Mt. 5:1-12 en doen 'n gebed.

100. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

101. OOMBLIK VAN STILTE

Die Voorsitter versoek 'n oomblik van stilte ter herinnering aan die sluipmoord op dr. HF Verwoerd (6 Sept. 1966) asook al die seer in ons land.

102. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 7 en 8)

Ds. MR Burger hou die verslae voor.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word goedgekeur:

Burger, WA. Krugersdorp 14:00 – 21:30	06/09/2017
Naudé, H. Heilbron 14:00	06/09/2017
Mouton, WJ. George 16:00	06/09/2017
Mertz, R. Standerton 08:00	06/09/2017
De Vries, JJ. Benoni 11:00	06/09/2017
Pretorius, F. Potchefstroom 14:00	06/09/2017
Du Preez, LJ. Potchefstroom 14:00	06/09/2017
Nienaber, J. Viljoenskroon 16:00	06/09/2017

103.WISSELING VAN VOORSITTER

Die Ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in.

104. VERSLAG: KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (KSE) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 262]

Ds. GCD Stoltz hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem

2. VERGADERINGS – Kennis geneem

3 LASGEWING – Kennis geneem

3.1 KOÖRDINEER

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.1.1 Die Sinode neem kennis van die bedieningswerk wat gedoen word in Botswana.

3.1.2 Die Sinode versoek gemeentes om betrokke te raak by hierdie bedieningswerk deur middel van voortdurende, ernstige gebed en ook, waar moontlik, deur finansiële ondersteuning. Vir inligting oor moontlike hulp kan die leraar van die AP Kerk Dendron gekontak word.

3.2 ADVIES

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode neem kennis dat daar nie enige navraag betreffende advies vanuit enige gemeente gerig was insake sending- en evangelisasie-aksies nie.

3.3 STAND VAN SENDING IN DIE AP KERKVERBAND

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.3.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die feit dat so min gemeentes gereageer het op 'n skrywe rakende die ondersoek na die stand van sending in die AP kerkverband.

3.3.2 Die Sinode versoek ouderlingerade om aandag te skenk en te reageer wanneer daar weer in die toekoms 'n ondersoek gedoen word na die stand van sending in die AP kerkverband aangesien dit deel is van die lasgewing van die KSE om by elke sinode verslag te doen.

3.3.3 Die Sinode versoek alle ouderlingerade om vertroud te wees met die beleid van die AP kerkverband rakende sending en evangelisasie en indien gemeentes advies en leiding nodig het, die KSE te nader.

3.3.4 Die Sinode versoek alle kerkrade om seker te maak dat hulle wel 'n kommissie het wat die belangrike roeping van sending en evangelisasie ondersoek en sorg dra dat dit uitgevoer word ooreenkomstig die beleid van die AP kerkverband.

4. WERKSAAMHEDE

4.1 RINGE

4.1.1 RING VAN LICHTENBURG – Kennis geneem

4.1.2 RING VAN MIDDELBURG – Kennis geneem

4.1.3 RING VAN POTGIETERSRUS – Kennis geneem

4.1.4 RING VAN KIMBERLEY – Kennis geneem

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.1.5 Die Sinode neem kennis van terugvoer- en gespreksgeleenthede wat plaasgevind het tydens vergaderings van die ringe van Lichtenburg, Middelburg, Potgietersrus en Kimberley.

4.2 *DIE BOODSKAPPER*

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.2.1 Die Sinode neem kennis van 'n hele aantal artikels betreffende sending en evangelisasie wat reeds in *Die Boodskapper* verskyn het.

4.3 STATUS EN BEROEPING VAN SENDELINGE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3.1 Die Sinode besluit dat 'n studiestuk met aanbevelings oor die plek, beroeping, bevestiging, opsig en tug oor sendelinge in die AP kerkverband opgestel moet word. Die KSE moet hierdie verslag opstel met insette vanuit ander kommissies.

5. SLOT – Kennis geneem

105. VERSLAG: KURATORIUM (KUR) EN AP AKADEMIE (Kyk *Sakelys 2017* bl. 268)

Ds. CR Vermaak hou die verslag voor.

INLEIDING – Kennis geneem

106. VERSLAG: KURATORIUM (KUR) EN AP AKADEMIE. AFDELING A: KURATORIUM (Kyk *Sakelys 2017* bl. 268)

1. PERSONEEL – Kennis geneem

1.1 LEDE VAN DIE KURATORIUM – Kennis geneem

1.2 VERANDERINGE IN DOSEERPERSONEEL – Kennis geneem

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

1.2.1 Die Sinode beveel aan dat die Kieskollege, sodra moontlik en in ooreenstemming met die ooreenkoms met die Raad van die AP Akademie, die vyfde leerstoel *vul*. *Die Sinode spreek sy dank uit teenoor proff. FAH van Staden en R Marè vir jare lange toegewyde en voortreflike diens gelewer* (Kyk *Handelinge 2017*, bl.392)

2. VERGADERINGS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

2.1 Die Sinode neem kennis van die aantal kere wat die Kuratorium vergader het.

2.2 Die Sinode neem kennis van die Kieskollege wat vergader het.

2.3 Die Sinode besluit dat daar in die begroting ruimte gemaak moet word dat die Kuratorium kwartaalliks kan vergader.

3. DAGBESTUUR – Kennis geneem

4. AANSOEKE OM PREDIKANTSTATUS

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode bid die *predikante* wat toegelaat en beroepbaar gestel is, t.w. ds. Arno Nieuwhof *en dr. Stephan Hoffman*,

die seën van die Here met hul bediening toe.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.2 Die Sinode neem kennis van die aansoeke wat onsuksesvol was.

4.3 Die Sinode besluit dat daar in die toekoms van alle aansoekers verwag gaan word om 'n oorbruggingskursus by die AP Akademie voor toelating te voltooi.

4.4 Die Sinode besluit dat die Kuratorium van 'n aansoeker kan verwag om 'n psigometriese toets af te lê.

4.5 Die Sinode besluit dat die koste van die toets vanuit die Kuratorium se begroting betaal word.

4.6 Die Sinode neem kennis van die eenvormige wyse waarop aansoeke hanteer word.

T.o.v. van die lys met name van leraars wat uit die bediening is, kyk die besluit wat hier geneem is, maar as punt 4.3.2 van die SKK verslag (*Handelinge 2017*, bl. 344) genotuleer is.

5. BEHOUD VAN STATUS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.1. Die Sinode neem kennis van die behoud van status wat deur die Kuratorium toegeken is.

5.2. Die Sinode neem kennis van die omstandighede waaronder prof. dr. SD Nel sy status as leraar behou het.

6. TEOLOGIESE STUDENTE VAN DIE AP AKADEMIE GELEGITIMEER

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode neem kennis van die legitimasiereëlings wat getref is.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

6.2 Die Sinode neem kennis van die studente wat gelegitimeer is *met die byvoeging van ds. J Verdoes se naam en die regstelling van ds. GM Blom se naam.*

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.3 Die Sinode bid hierdie predikante die seën van die Here toe op hulle bediening.

Die Sinode sing die predikante wat onlangs tot die bediening toegelaat is, die seënbede van Ps. 134:4 toe.

7. VERLIES VAN STATUS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die broeders wat status verloor het.

7.2 Die Sinode besluit dat die Kuratorium verder aandag moet gee aan huweliksverrykingskursusse vir leraars.

7.3 Die Sinode versoek kerkrade en lidmate om daadwerklik vir hulle pastoriepare se huwelike te bid.

7.4 Die Sinode besluit dat die Kuratorium saam met die GKK na maniere moet soek om die huweliksverrykingskursusse te finansier.

7.5 Die Sinode moedig kerkrade aan om te help met die finansiering van huweliksverrykingskursusse vir leraarspare.

7.6 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor ds. AM Appelgryn en mev. Susan Grobler vir die kursus wat aangebied is en moedig gemeentes aan om van hulle gebruik te maak vir die aanbied van huweliksverrykingskursusse.

8. SKAKELING MET DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verteenwoordiging van die Kuratorium op die Raad en die skakeling wat die kerkverband met die Akademie het by wyse van die Kuratorium.

8.2 Die Sinode neem kennis van die reëling dat die Kuratorium as waarnemers by die eksamens teenwoordig is.

9. SKAKELING MET TEOLOGIESE DOSENTE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

9.1 Die Sinode neem met dank kennis dat al die dosente, asook die AP Akademie self, as suiwere gereformeerde instelling aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen.

9.2 Die Sinode betuig opnuut sy dank en waardering vir die werk wat die dosente by die AP Akademie doen.

9.3 Die Sinode neem kennis van die werkswyse wat gevolg word indien 'n tydelike dosent gebruik word en moedig die gebruik van sulke persone aan.

10. OMSENDBRIEF AAN EMERITI

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

10.1 Die Sinode neem met dank kennis van di. MJ Hartzenberg en DJ Malan wat bereid was om die omsendbrief te hanteer.

11. TEOLOGIESE BEGELEIDING VAN STUDENTE EN VOOGSKAPPE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

11.1 Die Sinode neem met dank kennis van die voortgesette skakeling tussen die Kuratorium en studente.

11.2 Die Sinode besluit dat die Kuratorium versoek word om, sover moontlik, voorsiening te maak in die begroting vir maksimale betrokkenheid by en skakeling met die teologiese studente.

11.3 Die Sinode neem kennis van die werkswyse van die Kuratorium rakende voogde en mentors van die teologiese studente.

11.4 Die Sinode neem kennis van die ondersoek wat gedoen is om 'n geskikte persoonsontwikkelingskursus saam te stel vir studente.

11.5 Die Sinode besluit dat die Kuratorium in samewerking met die GKK ondersoek moet instel na die finansiering van 'n persoonsontwikkelingskursus.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

11.6 Die Sinode besluit dat die Kuratorium van voornemende teologiese studente kan verwag om psigometriese *toetse* af te lê en dat die Kuratorium daarvoor sal begroot.

12. VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN PREDIKANTE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

12.1 Die Sinode keur goed dat die VTO-toekennings en sertifikate geïmplementeer word, met inagneming van die AP Akademie se ontwikkeling van die B.Div.-program.

12.2 Die Sinode neem met dank kennis van die geleenthede vir verdere teologiese opleiding wat in die kerkverband bestaan.

13. PREDIKANTEKONFERENSIE OF -VERGADERING

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

13.1 Die Sinode neem met dank kennis van die geleenthede wat gereël word wat predikante op 'n vrywillige basis kan bywoon.

AANBEVELING KENNIS GENEEM (BESTAANDE SINODEBESLUIT):

13.2 Die Sinode dra dit aan kerkrade en predikante op om gebruik te maak van die geleenthede en versoek kerkrade om dit vir hulle predikante moontlik te maak om VTO-geleenthede by te woon.

14. WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS (WLTSF)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

14.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes en indiwidue wat oor baie jare heen gehelp het om die WLTSF daar te stel (kyk Bylae KUR1).

AANBEVELINGS KENNIS GENEEM (BESTAANDE SINODEBESLUIT):

14.2 Die Sinode versoek kerkrade en gemeentes om, afgesien van die naaste Sondag aan die datum van kerkstigting, naamlik 27 Junie, ook tydens Pinkster op 'n wyse soos deur die kerkraad besluit, 'n kollekte vir die WLTSF te hou.

14.3 Die Sinode versoek lidmate om by wyse van erflatings die WLTSF aan te vul.

15. SUBKOMMISSIE: BEURSE EN LENINGS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

15.1 Die Sinode neem met dank kennis van die beurse en lenings wat uitbetaal is.

15.2 Die Sinode neem met dank kennis van die hulp wat aan studente gegee word om die *LOGOS*-program aan te koop.

15.3 Die Sinode neem kennis dat die WLTSF self die risiko dra vir geldelike verliese sou 'n student dalk afsterwe.

15.4 Die Sinode neem met leedwese kennis daarvan dat daar predikante is wat versuim om hul ereplig na te kom deur nie hul uitstaande lenings te betaal nie.

15.5 Die Sinode besluit dat die Kuratorium kerkrade se hulp kan vra om uitstaande leningskuld in te vorder.

15.6 Die Sinode besluit dat studente kontraktueel verplig kan word om verantwoordelikheid te aanvaar vir die totale subsidie asook lenings wat hulle ontvang het, sou hulle binne 'n bepaalde tyd die bediening verlaat en versoek die GKK om sodanige kontrakte op te stel.

16. ADVIESE GEVRA

AANBEVELINGS *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

16.1 Die Sinode neem kennis dat sommige predikante hulle aan tentmakerbediening skuldig maak en dat kerkrade en ringe onwillig is om die oortreding daarvan te beëindig *en gee aan die Kuratorium opdrag om in sulke gevalle in terme van die bepalings van die Kerkorde en hul lasgewing op te tree.*
AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

16.2 Die Sinode neem kennis dat die KKS se advies duidelik daarop dui dat die Kuratorium nie by magte is om binne drie jaar 'n aansoek om herstel van status van 'n predikant wat status a.g.v. egskeiding verloor het, te oorweeg nie.

16.3 Die Sinode neem kennis dat die KKS se advies oor 'n predikant wat status a.g.v. egskeiding verloor het, daarop dui dat indien 'n predikant binne drie jaar nadat status verloor is, wil aansoek doen om herstel van status, dit slegs by 'n sinodesitting kan plaasvind en wel deur middel van 'n beswaarskrif.

17. HERDENKING VAN DIE REFORMASIE – Kennis geneem

18. DIE OOREENKOMS TUSSEN DIE AP AKADEMIE EN GKK – Kennis geneem

19. BESKRYWINGSPUNT – Kennis geneem

20. BESWAARSKRIFTE – Kennis geneem

21. SLOT – Kennis geneem

107. VERSLAG: KURATORIUM (KUR) EN AP AKADEMIE. AFDELING B: DIE AP AKADEMIE (Kyk *Sakelys 2017* bl. 277)

1. INLEIDING – Kennis geneem

2. PRIVAAT TERSIÊRE INSTITUUT – Kennis geneem

3. MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK – Kennis geneem

4. REGSPERSOON – Kennis geneem

5. SAMESTELLING VAN DIE RAAD – Kennis geneem

6. KANSELIER – Kennis geneem

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode betuig sy dank en waardering aan ds. IP du Preez vir die twee ampstermyne as Kanselier van die Raad van die Afrikaanse Protestantse Akademie.

6.2 Die Sinode gee graag erkenning aan ds. IP du Preez vir die besondere bydrae tot die AP Akademie en wyse waarop hy die Akademie verteenwoordig het.

7. VISE-KANSELIER/REKTOR

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.1 Die Sinode spreek besondere dank uit teenoor prof. dr. JAE Adendorff vir die werk as rektor en dosent aan die AP Akademie.

7.2 Die Sinode wens prof. dr. JAE Adendorff geluk met sy aanwysing as rektor en vise-kanselier vir 'n tweede termyn van vyf jaar.

8. FAKULTEITE EN PROGRAMME

8.1 LETTERE EN WYSBEGEERTE (B.A. en B.Psig.)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1.1 Die Sinode neem kennis dat die B.A.-graad by die Germiston-kampus (ICP) uitfaseer word en dat die uitfasering teen einde 2019 afgehandel moet wees.

8.1.2 Die Sinode neem kennis van die werksladingsanalise wat van alle akademiese en administratiewe personeel – tydelik, deeltyds en voltyds – gedoen is.

8.1.3 Die Sinode neem kennis dat die werksladingsanalise aangetoon het dat veral die voltydse teologiese dosente se werkslas te groot is.

8.1.4 Die Sinode neem kennis van die besluit van die Senaat dat die teologiese dosente se betrokkenheid hoofsaaklik teologiese opleiding is en dat die aanbieding van B.A.-vakke met ingang van 2016 drasties verminder is.

8.1.5 Die Sinode neem kennis van die versoek dat die teologiese dosente op nie meer as een permanente kommissie van die kerkverband dien nie.

8.1.6 Die Sinode neem kennis van die B.Psig.-graad wat teen einde 2019 uitgefaseer moet wees.

8.2 LETTERE EN WYSBEGEERTE – NGOS (Nagraadse Gevorderde Onderwyssertifikaat vir die Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding) (PGCE – Post Graduate Ceritificate in Education in Senior Phase and Further Education and Training)

AANBEVELINGS *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

8.2.1 Die Sinode dank ons hemelse Vader vir die verhoring van talle gebede en die akkreditering van 'n *NGOS*-kwalifikasie aan die AP Akademie deur die onderwysowerhede.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.2.2 Die Sinode betuig sy dank aan alle personeel van die AP Akademie en medewerkers vir die moeite, tyd en werk aan die daarstel van 'n onderwyskwalifikasie aan die AP Akademie.

8.2.3 Die Sinode neem met dank kennis van die implementering van die onderwysprogram vanaf 1 Januarie 2018.

8.3 TEOLOGIE – B.DIV. – Kennis geneem

8.3.1 AGTERGROND – Kennis geneem

8.3.2 VERANDERDE GRAADSTRUKTURE: 'N NASIONALE EN INTERNASIONALE VERGELYKING – Kennis geneem

8.3.3 VERGELYKING MET VROEËR – Kennis geneem

8.3.4 'N UNIEKE BENADERING – Kennis geneem

8.3.5 VOORGESTELDE 4-JARIGE B.Div. – Kennis geneem

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.3.5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat reeds gedoen is aan die daarstel van 'n nuwe teologiese kwalifikasie in lyn met die HEQSF (Higher Education Sub-Framework / Hoër Onderwys Kwalifikasie-raamwerk).

8.3.5.2 Die Sinode neem kennis dat die Kuratorium deurgaans geken en op hoogte gehou is tydens die proses van die ontwikkeling van die nuwe teologiese kwalifikasie.

8.3.5.3 Die Sinode besluit dat daar volstaan word met 'n sesjarige teologiese opleiding ongeag die uitslag van die aansoek om akkreditering van die beoogde B.Div.-program of ander programme vir die vyfde en sesde jaar van opleiding, aangesien die Sinode meer besorg is oor die inhoud van die teologiese opleiding as die naam van 'n sertifikaat wat verwerf kan word.

8.3.5.4 Die Sinode neem kennis van die konsep vir die nuwe struktuur van teologiese opleiding.

8.3.5.5 Die Sinode spreek sy waardering uit vir die teologiese dosente en die Kuratorium se werk om binne die steeds veranderende onderwysomgewing, teologiese opleiding van die hoogste standaard te bly lewer en selfs te verbeter.

8.4 LANDBOUKWALIFIKASIE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

8.4.1 Die Sinode neem met dank kennis van die besluit van die Raad van die AP Akademie om 'n landboukwalifikasie te ontwikkel.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

8.4.2 Die Sinode betuig sy dank en waardering teenoor almal wat betrokke was en groot werk gedoen het in die proses om die landboukwalifikasie *tot dusver* te ontwikkel.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.4.3 Die Sinode neem met groot dank en erkenning teenoor ons hemelse Vader kennis van die uitbreiding ten opsigte van programme by die AP Akademie.

8.4.4 Die Sinode verseker die AP Akademie van volgehoue gebede en ondersteuning vir die ontwikkeling van die programme op klassiek-gereformeerde grondslag van waaruit die Bybels-Skriftuurlike begronding beter in hoër onderwys in Suid-Afrika gevestig en uitgebou kan word.

9. STUDENTEGETALLE (2014 – 2017)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

9.1 Die Sinode neem met dank kennis van die konstante toename in studentegetalle by die AP Akademie.

9.2 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die dalende getal teologiese studente vanaf die B.A.-jare, veral die jare 2013, 2014 en 2015, aangesien dit die beskikbaarheid van predikante in die AP kerkverband direk raak.

9.3 Die Sinode neem met groot dank kennis van die feit dat daar sedert 2016 weer 'n toename in teologiese studente is.

10. DEKANE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

10.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die teologiese dosente wat vir baie jare as dekane van fakulteite opgetree het.

10.2 Die Sinode bedank prof. dr. GDS Smit wat sedert 2009 opgetree het as dekaan vir die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

10.3 Die Sinode bedank prof. dr. R Marè wat vanaf 2009 tot en met sy uittrede aan die einde van 2015 as dekaan van die Fakulteit Teologie opgetree het.

10.4 Die Sinode bedank prof. dr. J Bosman wat vir 'n gedeelte van 2016 as dekaan van die Fakulteit Teologie opgetree het.

10.5 Die Sinode bedank prof. dr. CA Swanepoel wat sedert Oktober 2016 as waarnemende dekaan van die Fakulteit Teologie opgetree het.

11. INSTITUUT VIR CHRISTELIKE SIELKUNDE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

11.1 Die Sinode neem kennis van die verwikkelinge rondom die Germiston-kampus.

11.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor prof. dr. Nicolene Joubert en die ICP vir die ongeveer 16 jaar se samewerking wat tussen die AP Akademie en die ICP bestaan het.

11.3 Die Sinode bid dat die uitfaseringsproses wat DV einde 2019 ten einde loop, glad sal verloop in die beste belang van die AP Akademie en die ICP.

11.4 Die Sinode spreek sy vertroue uit dat die Raad op besondere wyse en met groot verantwoordelikheid sal besin oor enige samewerking met die ICP ná 2019.

12. TEOLOGIESE DEPARTEMENTE, CURRICULA EN PERSONEEL (2017)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

12.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat prof. dr. FAH van Staden 31 Maart 2015 uitgetree het.

AANBEVELINGS KENNIS GENEEM (die beginsel hiervan is reeds goedgekeur by aanbeveling 1.2.1, *Handelinge 2017*, bl. 386):

12.2 Die Sinode betuig besondere dank aan prof. dr. FAH van Staden vir sy onbaatsugtige en toegewyde werk eers by die Teologiese Skool en daarna met die aansoek om registrasie van die AP Akademie by die onderwysowerhede en die gepaardgaande akkreditasie van programme by die onderwysowerhede.

12.3 Die Sinode betuig besondere dank aan prof. dr. FAH van Staden vir jare se werk aan die uitbou van die AP Akademie en besonderlik die vestiging van die FAH van Staden-biblioteek.

12.4 Die Sinode neem kennis daarvan dat prof. dr. R Marè einde Desember 2015 finaal uitgetree het.

12.5 Die Sinode betuig besondere dank aan prof. dr. R Marè as een van die eerste geslag dosente van die aanvanklike Teologiese Skool vir die teologiese opleiding van predikante vir die AP Kerk.

12.6 Die Sinode betuig besondere dank aan prof. dr. R Marè vir sy harde werk en toewyding aan die saak van hoër onderwysopleiding aan die AP Akademie.

12.7 Die Sinode betuig besondere dank aan proff. FAH van Staden en R. Marè vir hulle inisiatief met die B.A.-graad en hulle betrokkenheid in die program vir baie jare.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

12.8 Die Sinode neem kennis dat daar in 2014 aanvanklik 'n tydelike ooreenkoms met die AP Kerk Gordonia gesluit is ten einde ds. JL Schütte se dienste te bekom vir werk in die Departement Ekklesiologie tydens prof. dr. FAH van Staden se ongesteldheid.

12.9 Die Sinode bedank ds. JL Schütte en die AP Kerk Gordonia daarvoor dat ds. Schütte in 2015 op tydelike basis by die AP Akademie gekontrakteer kon word.

12.10 Die Sinode neem kennis dat ds. JL Schütte in 2015 benoem is as teologiese dosent in die plek van prof. dr. FAH van Staden met ingang van 1 Oktober 2015.

12.11 Die Sinode neem kennis daarvan dat dr. CA Swanepoel in 2015 benoem is as teologiese dosent in die plek van prof. dr. R Marè met ingang 1 Januarie 2016.

12.12 Die Sinode wens prof. dr. CA Swanepoel geluk met sy benoeming en bevestiging asook sy professorale intreerede in Januarie 2017 en bid hom die ryke seën van die Here toe.

12.13 Die Sinode neem kennis daarvan dat prof. dr. SD Nel sy werk in die Fakulteit Teologie in 2016 beëindig het.

12.14 Die Sinode neem kennis dat prof. JL Schütte in 2016 die benoeming as Direkteur van Kerkadministrasie met ingang 1 Januarie 2017 ontvang en opgevolg het.

12.15 Die Sinode neem kennis dat die Raad van die AP Akademie, in oorleg met die Kuratorium van die AP Kerk en die GKK, 'n ooreenkoms gesluit het vir die voortgesette betrokkenheid van ds. JL Schütte by die teologiese opleiding totdat 'n geskikte kandidaat vir voltydse aanstelling bekom kan word.

12.16 Die Sinode betuig sy dank aan ds. JL Schütte vir die tyd wat hy as dosent aan die AP Akademie gewerk het en ook vir die voortgesette betrokkenheid by die AP Akademie.

13. PRAKTIESE OPLEIDING – Kennis geneem

13.1 HOMILETIEK PRAKTIES – Kennis geneem

13.2 PRAKTIESE WERK IN 'N PLAASLIKE KERK – Kennis geneem

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

13.7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die gehalte studente wat by die Akademie opgelei word.

13.7.2 Die Sinode betuig, soos in die verlede, sy volle vertroue in die teologiese dosente, hulle suiwer Skrifbeskouing, hulle onderskrywing en handhawing van die belydenisskrifte, hulle diepe teologiese kennis, die hoë standaard van gereformeerd-teologiese opleiding wat hulle aan die teologiese studente bied en die gehalte student wat aan die kerkverband as predikante gelewer word.

14. ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

14.1 Die Sinode betuig sy dank en waardering aan alle administratiewe personeel vir die administratiewe werk wat by die AP Akademie gedoen word.

14.2 Die Sinode spreek sy waardering uit teenoor die Registrateur, prof. dr. SD Nel, vir die harde werk en goeie leiding wat hy t.o.v. die administratiewe werk aan die AP Akademie lewer.

14.3 Die Sinode versoek die Raad om, indien dit finansieel haalbaar is, te kyk na personeeluitbreiding.

15. TERREIN EN GEBOUE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

15.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die GKK en veral mnr. Leon Korkie vir die jarelange betrokkenheid by en werk aan die Jeugtuiste wat studenteverblyf vir studente aan die AP Akademie verskaf het.

15.2 Die Sinode neem met dank kennis van pogings en ondersoeke na die verskuiwing van die AP Akademie en betuig sy dank teenoor die Rektor en GKK vir die moeite en tyd aan dié saak bestee.

15.3 Die Sinode neem kennis van die beplanning rondom eiendom vir die AP Akademie.

16. DOSENTE EN VAKKE VAN DIE B.A.-PROGRAM

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

16.1 Die Sinode neem kennis van die akademiese personeel in die B.A.-program en versoek dat 'n besondere woord van dank aan alle dosente betrokke by die B.A.-program oorgedra word.

17. ONDERRIGFOOIE – Kennis geneem

18. SKENKINGS EN FONDSE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

18.1 Die Sinode neem met dank kennis van die nougesette beheer en administrasie van die Raadsfondse en die totstandkoming van die APA Studentefonds, die APA Navorsingsfonds en die APA Ondersteuningsfonds.

18.2 Die Sinode wil graag sy dank boekstaaf teenoor die donateurs vir hulle belangstelling in en spontane finansiële ondersteuning aan die AP Akademie

18.3 Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om voortdurend skenkings aan die AP Akademie te doen by wyse van erflatings, donasies en bemakings.

18.4 Die Sinode versoek dat spesifieke bekendmaking van die belastingvrystelling wat donasies aan die AP Akademie geniet, ook by wyse van 'n artikel in *Die Boodskapper* gedoen kan word.

19. VERSELFSTANDIGING VAN DIE AP AKADEMIE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

19.1 Die Sinode neem kennis van die administratiewe en finansiële skeiding tussen die AP Akademie en die GKK.

19.2 Die Sinode betuig sy dank teenoor die GKK en in besonder die personeel in die gemeenskaplike kerkkantoor wat vir baie jare en met groot sorg die administratiewe en finansiële sake van die AP Akademie hanteer het.

19.3 Die Sinode bedank die rekenmeester, mnr. GJ Jansen van Rensburg, vir sy jarelange diens aan die AP Akademie en die werk wat hy met groot onderskeiding gedoen het om dié instelling te help vestig en uitbou.

19.4 Die Sinode is dankbaar dat, afgesien van die AP Kerk wat deur die beskikking van die Here tot stand gekom het, daar vanuit die kerk nog 'n selfstandige instelling soos die AP Akademie ontstaan en ontwikkel het.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR (Daar is reeds 'n bestaande besluit)

19.5 Die Sinode herbesin oor die manier waarop daar oor die werksaamhede van die AP Akademie verslag gedoen word.

20. OOREENKOMSTE MET ANDER INSTANSIES EN PARTYE

20.1 JECA (Jonathan Edwards Centre Africa)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

20.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die kortstondige ooreenkoms met die Jonathan Edwards Centre Africa aan die Universiteit van die Vrystaat.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

20.1.2 Die Sinode neem kennis van die AP Akademie se soeke na bande met *geesgenootlike nasionale en* internasionale instellings.

20.2 GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES (GHG)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

20.2.1 Die Sinode neem kennis van die ooreenkoms met die GHG.

21. BEMARKING – Kennis geneem

21.1 Doel – Kennis geneem

21.2 Produk – Kennis geneem

21.3 Teikenmark – Kennis geneem

21.4 Bemarkingsmedia

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (numerering gewysig):

21.4.1 Die Sinode neem kennis van die AP Akademie se bemarkingsinisiatiewe en moedig kerkrade aan om daaraan mee te werk.

21.4.2 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die lening wat die GKK aan die AP Akademie toegestaan het spesifiek met die oog op bemarking.

22. FINANSIES (KYK BYLAE KUR2) – Kennis geneem

23. SLOT – Kennis geneem

108. AFKONDIGINGS

Die Ondervoorsitter doen enkele afkondigings.

109. NOMINASIES VIR DIE RAAD VAN DIE APA

Die Ondervoorsitter versoek die vergadering om nominasies in te dien vir die Raad van die APA waarna die vergadering vir teetyd verdaag.

110. SAMESANG

Ds. OG van Rooyen (jr.) lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

111. AFKONDIGINGS

Die Ondervoorsitter doen enkele afkondigings.

112. WISSELING VAN VOORSITTER

Die Ondervoorsitter oorhandig weer die voorsitterstoel aan die Voorsitter.

113. VERSLAG: *AD HOC*-KOMMISSIE VIR DIE HERSKRYF VAN DIE VERBONDSONDERRIGBOEKE EN –HANDLEIDINGS [Kyk *Sakelys 2017* bl. 316]

Prof. CA Swanepoel hou die verslag voor.

1. INLEIDEND – Kennis geneem

1.1 HERSKRYWE VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE – Kennis geneem

1.2 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE – Kennis geneem

2. PERSONEEL – Kennis geneem

3. GOEDGEKEURDE LEERPLAN VIR GRAAD 4-9 – Kennis geneem

4. KURRIKULUM VIR GRAAD 10-11 – Kennis geneem

5. WERKSBEPLANNING – Kennis geneem

6. AANBEVELINGS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode bespreek die materiaal wat na die gemeentes toe deurgestuur is.

6.2 Die Sinode keur die verslag van die *ad hoc*-kommissie goed.

6.3 Die Sinode benoem di. OG van Rooyen (jr.) en JH Bisschoff op die *ad hoc*-kommissie in die plek van die eertydse ds. A Hough en prof. dr. J Bosman.

6.4 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die *ad hoc*-kommissie om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en –handleidings en dit so gou moontlik ná voorlegging aan en goedkeuring deur die SKK, PK en KJV te implementeer.

6.5 Die Sinode herbevestig sy vorige besluit dat die *ad hoc*-kommissie opvoedkundiges/onderwyskundiges moet koöpteer en ander lede mag koöpteer wat hiermee behulpsaam kan wees, met dien verstande dat die goedgekeurde begroting nie oorskry word nie.

6.6 Die Sinode dra dit aan die KFL op om in samewerking met die PK ondersoek in te stel na moontlike veranderinge aan die Kortbegrip van die Heidelbergse Katekismus. Kundiges kan gekoöpteer word om hiermee te help.

114. VERWELKOMING: BYBELGENOOTSKAP

Die Voorsitter verwelkom die afvaardiging van die Bybelgenootskap by die vergadering, t.w. prof. Bernard Combrink, dr. Kalman Papp en ds. Dirk Gevers.

115. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [Kyk *Sakelys 2017* bl. 29]

Prof. Bernard Combrink spreek die vergadering toe oor die vertaalprojek aan die nuwe Direkte Vertaling.

8. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (Bylae SKK6)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1 Daar word met waardering kennis geneem van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap word opnuut verseker van die AP Kerk se voorbidding en ondersteuning.

8.2 Dank word uitgespreek teenoor alle kerke, kerklike instansies, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.

8.3 Kerkrade word versoek om toe te sien dat Bybels by gemeentelike kolporteurs beskikbaar is.

8.4 Kerkrade word versoek om alles in hulle vermoë te doen om die bedrag wat deur die Bybelgenootskap benodig word om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel (R50.00 vir 2017), jaarliks per lidmaat direk aan die Bybelgenootskap oor te betaal.

8.5 Sustersaksies, Verbondsonderriggroepe, sakeondernemings en individue word aangemoedig om by te dra vir Bybelverspreiding.

8.6 Kerke word aangemoedig om die Bybelgenootskap se promosiemateriaal en hulpmiddels, wat gratis by die Bybelgenootskap beskikbaar is, te gebruik om die Bybelgenootskap bekend te stel en fondse daarvoor in te samel.

8.7 Die Sinode neem met dank kennis dat 'n verdere bedrag van R17 000 (15/10/2014) bestee is aan Bybelverspreiding en R10 000 p.j. vir die afgelope twee jaar vir die Stap-vir-Bybels-projek geskenk is vanuit die AP Kerk se fondse vir Bybelverspreiding.

8.8 Die Sinode besluit dat die Kuratorium 'n leraar se aansoek om behoud van status volgens Art. 17.3.1 gunstig moet oorweeg indien dit in die toekoms gebeur dat die Bybelgenootskap 'n leraarspos vir die AP kerkverband beskikbaar stel.

Ds. Dirk Gevers neem 'n spreekbeurt waar.

Dr. Kalman Papp neem 'n spreekbeurt waar.

'n Braille-Bybel word aan teologiese student David Nel oorhandig.

'n Hebreeuse Ou Testament en Griekse Nuwe Testament word aan elke teologiese student oorhandig.

Aan die Voorsitter word 'n unieke luukse-uitgawe van Die Bybel oorhandig vir gebruik in die kantoor van die AP kerkverband.

Die Voorsitter bedank die lede van die Bybelgenootskap vir hulle teenwoordigheid en bid hulle die seën van die Here toe.

Die Voorsitter reël dat die vergadering ds. Kalman Papp Ges. 97:1 toesing.

116. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

117. TAFELGEBED

Ds. HSW Strauss doen die tafelgebed en die vergadering verdaag om 13:04 vir middagete.

118. SAMESANG

Ds. OG van Rooyen (sr.) lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

119. AFKONDIGINGS

Die Ondervoorsitter doen enkele afkondigings.

120. TYDELIKE KOMMISSIE GELOOFSBRIEWE (TKG 5)

Ds. JH Bisschoff hou die verslag voor.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

1. Die Sinode keur die volgende personeelwisselings goed:

Groblersdal
Oudl. Gerhardus Lodewikus Fourie word vervang deur oudl. David Stephanus Aucamp

Marble Hall
Oudl. Martin Anthony Hattingh word vervang deur oudl. Jan Hermanus Fouché

Roedtan
Oudl. Roelof Jacobus Rauch word vervang deur oudl. Philippus Jacobus de Beer

Vaalwater
Oudl. Jacobus Johannes Hendrik Du Toit word vervang deur oudl. Johan Coenraad Weilbach

2. Die Sinode aanvaar die verskonings wat aangebied is.

3. Die Sinode handhaaf 'n oomblik van stilte uit meegevoel met br. SW Grobler (Groblersdal) wat sy seun aan die dood afgestaan het.

121. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KOMMISSIES (TKK 1)

Ds. A Boshoff hou die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem

2. **Werkswyse** – Kennis geneem

3. AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die volgende permanente kommissies goed.

3.1 Kommissie vir Kerkargief (KKA)
(3 primarii, 5 sekundi.)

Primarii:
Ds. LD Greyling
Ds. NJ Grobler
Ds. HJ Kok

Sekundi:
Oudl. HFF Grobbelaar (Waterberg)
Oudl. FP Naude (Bethlehem)
Ds. A Swart
Ds. WJ van der Westhuizen
Ds. A van Zyl

3.2 Kommissie vir Formuliere en Liturgie (KFL) (3 primarii, 3 sekundi)

Primarii:
Ds. AJ Ferreira
Ds. JA Jacobs
Ds. AS Kruger

Sekundi:
Ds. GM Blom
Ds. LP Stoltz
Ds. WJ Theron

3.3 Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (KJV) (7 primarii, 7 sekundi)

Primarii:
Ds. JS Coetzee
Ds. F de Bruin
Ds. JHE du Plessis
Ds. JA Jacobs
Ds. F Pretorius
Ds. A Swart
Ds. OG van Rooyen (sr.)

Sekundi:
Ds. AM Appelgryn
Oudl. JP de la Rey (Klerksdorp)
Oudl. LJ du Preez (Potchefstroom)
Oudl. GL Fourie (Groblersdal)
Ds. NJ Grobler
Ds. RF Smit
Ds. W van Zyl

3.4 Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) (6 primarii, 7 sekundi)

Primarii:
Ds. RK Combrink
Ds. HLJ Erasmus
Ds. MJL Jordaan
Ds. MJ Mattheus
Oudl. NF Nel (Verwoerdburg)
Ds. RJ Pretorius

Sekundi:
Ds. CJ Denysschen
Ds. HJ Jones
Ds. LAF Kirstein
Ds. SA Roets
Prof. dr. GDS Smit (Adviserend)
Oudl. AS van Niekerk (Carolina)
Ds. OG van Rooyen (sr.)

3.5 Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) (6 primarii, 9 sekundi)

Primarii:
Ds. A Boshoff
Dr. JH Breytenbach
Ds. H Scherman
Oudl. GP van Rhyn (Mosselbaai)
Ds. OG van Rooyen (jr.)
Ds. WJA van Schalkwyk

Sekundi:
Ds. JH Bisschoff
Ds. AP Boshoff
Ds. RH Botes
Oudl. SF Botha (Roodepoort)
Ds. AJ Ferreira
Oudl. JJ Jacobs (Trans-Magalies)
Ds. GJH Kruger
Ds. L Lubbe
Ds. JL Schütte (Adviserend)

3.6 Kommissie vir Onderwys en Opleiding (KOO) (7 primarii, 6 sekundi)

Primarii:
Ds. AM Appelgryn
Ds. RK Combrink
Oudl. HW Davel (Witbank)
Oudl. MJ Louw (Wonderboom)
Ds. K Myburgh
Ds. LE Prinsloo
Ds. J Verdoes

Sekundi:
Ds. JD Fourie
Oudl. DB Pretorius (Lebombo)
Oudl. RSR Rex (Bloemfontein)
Ds. A Swart
Oudl. DS van Wyk (Arnot-Hendrina)
Ds. CR Vermaak

3.7 Kuratorium (KUR) (11 primarii, 5 sekundi)

Primarii:
Ds. JH Bisschoff
Ds. MR Burger
Ds. WA Burger
Ds. DFM Cronje
Ds. P Janse van Rensburg
Ds. MJL Jordaan
Ds. MJ Mattheus
Ds. PJ Möller
Ds. RJ Pretorius
Ds. GCD Stoltz
Ds. WJA van Schalkwyk

Sekundi:
Ds. JCG Janse van Vuuren
Ds. H Scherman
Ds. HSW Strauss
Ds. WJ Theron
Ds. OG van Rooyen (jr.)
Ds. OG van Rooyen (sr.)

3.8 Publikasiekommissie (PK) (4 primarii, 7 sekundi)

Primarii:
Ds. HJ Dafel
Ds. LD Greyling
Ds. L Lubbe
Ds. A Nieuwhof

Sekundi:
Ds. AP Boshoff
Ds. PR Buitendag
Ds. MR Burger
Ds. AQ Campbell
Oudl. THG Fourie (Koster)
Ds. LE Prinsloo
Oudl. JJH van Staden (Ellisras)

3.9 Sentrale Kerkekommissie (SKK) (5 primarii, 4 sekundi)

Primarii:
Ds. JH Bisschoff
Ds. A Boshoff
Oudl. EF Celliers (Pretoria-Oos)
Ds. PJ Möller
Ds. HSW Strauss

Sekundi:
Prof. dr. JAE Adendorff (Adviserend)
Dr. JH Breytenbach
Ds. JC Gericke
Prof. dr. SD Nel (Adviserend)

3.10 Kommissie vir Sending en Evangelisasie (KSE) (5 primarii, 4 sekundi)

Primarii:
Ds. P Janse van Rensburg
Ds. SA Roets

Ds. GCD Stoltz
Ds. NJ Swart
Ds. JB Trollip

Sekundi:
Prof. dr. J. Bosman (Adviserend)
Ds. WJ Malan
Ds. CF Meiring
Ds. F Pretorius

3.11 Verteenwoordigers by Bybelgenootskap:

3.11.1 Algemene Jaarvergadering:

Primarii:
Prof. dr. JAE Adendorff
Oudl. MD Maree (Johannesburg)

Sekundi:
Prof. dr. GDS Smit
Oudl. SF Botha (Roodepoort)

3.11.2 Streekverteenwoordigers:

3.11.2.1 Noordelike Streek:

Primarii:
Ds. WA Burger
Oudl. PW Möller (Grootfontein)

Sekundi:
Ds. HJ Dafel
Oudl. TJ Gericke (Wesmoot)

3.11.2.2 Sentrale Streek:

Primarii:
Oudl. WJ de Clerck (Bloemfontein)
Ds. H Scherman

Sekundi:
Ds. JA Jacobs
Oudl. CA Verwoerd (Bainsvlei)

3.11.2.3 Oostelike Streek:

Primarii:
Ds. HLJ Erasmus
Oudl. FP de Villiers (Vryheid)

Sekundi:
Ds. CJ Janse van Rensburg
Oudl. J van Straaten (Hluhluwe)

3.11.2.4 Suid-Oostelike Streek:

Primarii:
Ds. LD Greyling
Oudl. CR de Beer (Port Elizabeth)

Sekundi:
Ds. BJA Wiese
Oudl. BD Bothma (Jeffreysbaai)

3.11.2.5 Westelike Streek:

Primarii:
Ds. RH Botes
Oudl. A van der Westhuizen (Tygerberg)

Sekundi:
Dr. JH Ellis
Oudl. JM Fouche (Gansbaai)

3.11.3 Verteenwoordigers op Kerklike Advieskomitee (KABA)

Primarii:
Prof. dr. JAE Adendorff
Dr. JH Breytenbach

Sekundi:
Prof. dr. CA Swanepoel
Prof. dr. GDS Smit

3.12 *Ad hoc*-kommissie vir Sondagsviering

Ds. WJA van Schalkwyk, dr. JH Breytenbach en die Teologiese dosente van die AP Akademie.

3.13 *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling

Primarii:
Proff. JAE Adendorff, GDS Smit, Di. OG van Rooyen (jr.), WA Burger (jr.), dr. Stephan Hoffman.

Sekundi:
Ds. K Myburgh, dr. JH Breytenbach, proff. CA Swanepoel, J Bosman

3.14 *Ad hoc*-kommissie vir Verbondsonderrighandboeke

Soos goedgekeur tydens verslag van *ad hoc*-kommissie (punt 6.3).

122. VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING [Kyk *Sakelys 2017* bl. 326]

Ds. S Hoffman hou die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem
2. **VERGADERINGS** – Kennis geneem
3. **SINODALE OPDRAGTE**

3.1 DVD: DIE TOESTAND VAN ONDERWYS IN SUID-AFRIKA – Kennis geneem

4. CHRISTELIKE VOLKSEIE ONDERWYS

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode roep elke ouer, gemeente en ouderlingeraad op om binne elkeen se unieke omstandighede hulle te beywer daarvoor dat die kinders onder hulle opsig, behoorlike Christelike, volkseie onderwys en opleiding ontvang. Verbondsouers het in dié verband 'n verantwoordelikheid t.o.v. hul doopbelofte. Daar moet toegesien word dat hierdie belofte nagekom word.

4.2 Christelik-volkseie onderwys en opleiding behoort 'n staande agendapunt te wees by ouderlingeraad- en ringsvergaderings, sodat die aangeleentheid behoorlik aandag kry en konstruktief resultate lewer.

5. BESKRYWINGSPUNT:

5.1 RING VAN MIDDELBURG: CHRISTELIKE VOLKSEIE ONDERRIG

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.1.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt formeel ontvanklik is.

ORDEMOSIE GOEDGEKEUR:

Punt 5.1.2 – 5.1.12 word terugverwys na die kommissie sodat die kommissie as deel van sy lasgewing daaraan uitvoering kan gee.

Prof. dr. GDS Smit

5.1.2 Die Sinode besluit om 'n taakspan saam te stel uit kundiges wat alle ouderlingrade, kerkrade en gemeentes van die AP kerke sal inlig: a) oor die ideaal van Christelik-volkseie skole en die AP Kerk se beleid daaroor (*Handelinge 2001*, bl. 433, 16.1); b) oor die gevare wat onderrig in staatskole vir die verbondskinders inhou.

5.1.3 Die Sinode wys die volgende persone as taakspan aan: prof. dr. R. Marè (sameroeper), dr. JH Breytenbach, di. PJ Möller, WJA van Schalkwyk, RK Combrink.

5.1.4 Die Sinode besluit dat die taakspan opvoedkundiges mag koöpteer.

5.1.5 Die Sinode versoek ringe om 'n verteenwoordiger(s) vanuit die taakspan te nooi om die inligting tydens ringsvergaderings oor te dra en dat die koste vir sulke besoeke deur die betrokke ring gedra word.

5.1.6 Die Sinode versoek die taakspan om ondersoek in te stel na ander moontlike maniere om die inligting deur te gee.

5.1.7 Die Sinode dra dit aan ouderlingerade en kerkrade op om Christelike skole in hulle dorpe wat aan die AP Kerk se standpunte oor onderwys voldoen (kyk Handelinge *2001*, bl. 433, 16.1), daadwerklik te ondersteun.

5.1.8 Die Sinode besluit dat die KOO 'n opname moet maak van steun wat aan sulke skole gegee word met verslag aan die volgende Sinode.

5.1.9 Die Sinode besluit dat die KOO ondersoek moet instel na moontlike maniere waarop gelowige onderwysers toegerus en van die nodige hulpmiddels voorsien kan word om Christelike onderwys te gee en te bevorder.

5.1.10 Die Sinode besluit dat kerkrade, in dorpe of gemeenskappe waar daar nie 'n Christelike skool is wat aan die AP Kerk se standpunte oor onderwys voldoen nie, die moontlikheid sal ondersoek vir die stigting van so 'n skool.

5.1.11 Die Sinode versoek dat kerkrade, in dorpe of gemeenskappe waar daar nie 'n Christelike skool is of gestig kan word nie, maniere sal ondersoek om verbondskinders na sodanige skool te stuur. Dit kan onder meer deur daaglikse vervoer of die oprig van 'n koshuis geskied.

5.1.12 Die Sinode versoek alle leraars en kerkraadslede om betrokke te wees by Christelik-volkseie onderwys en Christelike skole, die skole te promoveer en onder lidmate te propageer.

Motivering – Kennis geneem

6. AFSLUITING – Kennis geneem

123. VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (Kyk *Sakelys 2017* bl. 335)

Ds. AS Kruger hou die verslag voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem

1.1 PERSONEELWYSIGINGS/WISSELING – Kennis geneem

1.2 KOMMISSIE SEDERT OKTOBER 2015 – Kennis geneem

2. VERGADERINGS – Kennis geneem

3. SINODALE OPDRAG

3.1 VERTALING VAN KATEGISMUS (*Handelinge 2013*, bl. 311, pt. 6.4)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.1.1 Die Sinode neem daarvan kennis dat die vertaling van die Heidelbergse Kategismus in 'n Afrikaans wat vir die kind verstaanbaar is, nie gedoen is nie.

AANBEVELING *GEWYSIG* GOEDGEKEUR:

3.1.2 Die Sinode besluit dat die twee publikasies van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Die Heidelbergse Kategismus *Boek 1* en Die Heidelbergse Kategismus *Boek 2* deur gemeentes by die Administratiewe Buro van die GKSA *of Die Boekwinkel van die AP Kerk* aangekoop kan word en waar nodig ter toeligting van die Kategismus gebruik kan word.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.1.3 Die Sinode versoek die PK om met die GKSA te onderhandel rakende die gebruik van hierdie publikasies veral met die oog op moontlike hersiening en herdrukke in die toekoms.

124. BOEKBEKENDSTELLING

Ds. HSW Strauss, afdelingshoof: Publikasies, stel enkele publikasies aan die Sinode bekend.

125. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings waarna die vergadering vir koffie verdaag.

126. SAMESANG

Ds. NJ Rautenbach lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

127. VERKIESING: GKK-LEDE

Die Sinode word versoek om te stem vir vier van die volgende genomineerdes:

Oudle. ML Bosch (Kleinfontein); AQ Campbell (Tzaneen); JHE du Plessis (Pretoria-Oos); GL Fourie (Groblersdal); JJ Jacobs (Trans-Magalies); GL Maritz (Brits); PW Möller (Grootfontein Tvl); RSR Rex (Bloemfontein); SCW van Schalkwyk (Grootfontein Tvl); A van der Westhuizen (Tygerberg); JL Visagie (Potgietersrus)

128. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES (TKF 1)

Ds. AJ Ferreira hou die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem

2. **OPDRAG** – Kennis geneem

3. AANBEVELINGS m.b.t. PUNT 7.4 VAN DIE GKK VERSLAG GOEDGEKEUR (Kyk *Handelinge 2017*, bl. 367):

3.1 Die Sinode keur punte 7.4.2; 7.4.3 en 7.4.4 goed.

3.2 Die Sinode besluit om die volgende amendement by 7.4.5 goed te keur:

Die Sinode besluit die subsidie word beperk tot die Klassieke Spaarplan van Discovery Health <u>se waarde</u> óf 'n gelykstaande bedrag sou die lid 'n ander plankeuse uitoefen.

3.3 Die Sinode besluit om punte 7.4.6 – 7.4.11 goed te keur.

3.4 Die Sinode besluit dat indien die veranderinge onvoldoende blyk te wees, oudl. Van Schalkwyk se voorstel deur die GKK oorweeg moet word vir voorlegging aan die volgende sinode.

3.5 Die Sinode herbevestig die besluit van 2010 dat die GKK jaarliks die subsidie aan afgetredenes heroorweeg.

129. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS 3 en 4)

Ds. WJA van Schalkwyk hou die verslae voor.

TKKS 3

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem

2. **OPDRAG** – Kennis geneem

4. AANBEVELING m.b.t. PUNT 4.2.3 VAN DIE GKK VERSLAG (Kyk *Handelinge 2017*, bl. 364) GOEDGEKEUR:

Twee sake is van belang:

Die persoon wat Koffiefontein en Jagersfontein/Fauresmith gebruik vir prediking is as dominee deur die gemeente De Deur – 'n Vrye Gereformeerde Kerk, bevestig. Sy opleiding voldoen nie aan die vereistes soos deur die AP Kerke gestel nie. Hy het begin om sy studies aan die APA voort te sit, maar is egter nou onwillig om sy studies te voltooi. Verder aanvaar hy ook nie *Die Kerkorde* van die AP Kerk in sy volheid nie.

Die tweede saak is dat daar 'n bedieningsnood in Koffiefontein en Jagersfontein/ Fauresmith bestaan. Die kerkverbandelike hulp wat aangebied is, was tot dusver vir Koffiefontein en Jagersfontein/Fauresmith onaanvaarbaar, ingesluit om die betrokke broeder se opleiding tot voltooiing te bring.

Advies vanaf die KKS aan die GKK het gestel dat indien die gemeente nie hulself neerlê by *Die Kerkorde* en in die besonder Bylae 1 van *Die Kerkorde* nie, sy haarself buite kerkverband stel.

Daarom maak die TKKS die volgende aanbevelings aan die Sinode:

4.1 Die Sinode neem met hartseer kennis dat Koffiefontein en Jagersfontein/Fauresmith hulself buite kerkverband gestel het deur hulle eie volhardende optrede.

4.2 Die Sinode gee opdrag aan die SKK om weer met Koffiefontein en Jagersfontein/Fauresmith in gesprek te tree

indien hulle by die bediening van die Suid-Vrystaat sal inskakel, volgens gemeenskaplike akkoord.

TKKS 4

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem

2. **OPDRAG** – Kennis geneem

3. AANBEVELINGS m.b.t. PUNT 3.1 VAN DIE KKS VERSLAG GOEDGEKEUR (kyk *Handelinge 2017*, pt. 92, bl. 376):

3.1 Die TKKS maak die aanbeveling dat die bewoording verander word in die voorgestelde vorm van die attestaat van "Onlangse optrede van die ouderlingeraad ten opsigte van opsig en tug" na "Onafgehandelde optrede van die ouderlingeraad ten opsigte van opsig en tug".

Daarmee word die KKS aanbeveling 3.1 dus gewysig goedgekeur.

3.2 Ná afhandeling van die gesprek met ds. DJ Malan, oordeel die TKKS dat ds. DJ Malan se beswaar teen Bylae 1 nie gehandhaaf word nie.

130. SUIWERING VAN VERGADERING

Die Voorsitter suiwer die vergadering.

131. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS 5)

Ds. WJA van Schalkwyk hou die verslag voor.

1. **PERSONEEL** – Kennis geneem

2. **OPDRAG** – Kennis geneem

3. AANBEVELING m.b.t. PUNT 5.1 VAN DIE KKS VERSLAG *GEWYSIG* GOEDGEKEUR (Kyk ook *Handelinge 2017*, pt 95, bl. 381):

Die beginsel is dat die sinode (kerke in kerkverband) onderhewig is aan haar eie kerkorde, aangesien *Die Kerkorde* die ooreenkomste met mekaar verwoord en daarom as 'n gemene akkoord dien. Volgens die ooreenkomste is die Kuratorium die liggaam wat alle aansoeke om status moet hanteer. Art. 59.3.4 laat nie toe dat iemand by die sinode aansoek om status kan doen nie. Die Kuratorium is egter gebind aan 'n tydperk van drie jaar volgens die Sinodebesluit, daarom kan die Kuratorium nie die aansoek ter tafel neem nie.

Gegewe die besondere aanloop wat die saak van br. AE van den Berg, in noue oorleg en samewerking met die Kuratorium en KKS, gehad het (*Sakelys* punt 5.1 bl. 246-248; 16.3 bl. 276), *gee* die Sinode *opdrag aan* die Kuratorium om in hierdie spesifieke geval 'n uitsondering te maak en die aansoek ter tafel te neem – met verslapping van die drie jaar beperking.

Die Sinode versoek die Kuratorium om spoedeisend aan die saak aandag te gee.

132. OOPSTEL VAN VERGADERING

Die Voorsitter stel weer die vergadering oop.

133. VERKIESING: GKK-LEDE

Oudle. JHE du Plessis (Pretoria-Oos) en PW Möller (Grootfontein Tvl) is verkies.

Die Voorsitter versoek die vergadering om vir nog twee lede vir die GKK te stem uit:

ML Bosch (Kleinfontein); AQ Campbell (Tzaneen); JJ Jacobs (Trans-Magalies); GL Maritz (Brits); RSR Rex (Bloemfontein); SCW van Schalkwyk (Grootfontein Tvl); JL Visagie (Potgietersrus)

134. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM 2)

Ds. A Boshoff hou die verslag voor.

1. **Personeel** – Kennis geneem

2. **Verslag 5 September:**

2.1. Die Sinode keur die volgende aanbevelings goed om aan die media bekend gestel te word:

2.1.28 Die Sinode bevestig die belangrikheid van die *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*, die kerk se amptelike blad, om geestelike toerusting, kerknuus en inligting te versprei om lidmate weerbaar te maak. Ouers word opgeroep om kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en die inhoud van artikels as gesinne te bespreek. *Die Bood-*

***skapper* en *Die Jeugboodskapper* is digitaal beskikbaar by www.apk.co.za.**

2.1.29 Die bewaring van kerklike argiefstukke kan nooit genoeg beklemtoon word met die oog op die toekoms nie. Argiefstukke kan nou ook digitaal bewaar word om makliker toegang tot inligting te gee in navorsing van gemeente- en selfs familiegeskiedenis. Alle kerklike registers en notules, insluitend die kerklike huweliksregisters, gaan in die toekoms baie belangrike inligting vir navorsing ontsluit.

2.1.30 Die Sinode het met vreugde kennis geneem van die entoesiasme waarmee die jaarlikse Bybelkenniseksamen deur doop- en belydende lidmate geskryf word. Die Sinode roep lidmate en dooplidmate op om te verdiep in hulle kennis van die Woord.

2.1.31 Die Sinode het sy dank teenoor prof. IA Brink betuig vir die 11 jaar wat hy die kerkverband gedien het as Direkteur vir Kerkadministrasie tot by sy emeritering aan die einde van 2016. Die Sinode het groot waardering vir die gesindheid en toewyding waarmee hy sy roeping nagekom het. Prof. JL Schütte is vanaf 1 Januarie 2017 as Direkteur van Kerkadministrasie benoem en die Sinode bid hom die Here se seën op sy taak toe.

2.1.32 Die Sinode het met groot dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader kennis geneem *van die groei by die AP Akademie*.

2.1.33 Die Trustfonds van die AP Kerk voorsien in die behoeftes van emeriti wat baie van hulle pensioen verloor het *met hulle oorgang na* die AP Kerk. Gemeentes word opgeroep om getrou te wees in hierdie ere-liefdestaak van die kerkverband.

2.1.34 Die Sinode het met dankbaarheid teenoor die Here kennis geneem van sy beskikking oor eiendomme op presies die regte tyd. Die Sentrale Kerkkantoor het 'n nuwe gebou betrek te Makoustraat 516 in Monumentpark X2. Die AP Akademie was ook in staat om nuwe eiendomme te bekom om in die groeiende behoefte van die Akademie te voorsien.

2.1.35 Die Sinode het volstaan met sy vorige besluite dat tentmakerbediening nie in die AP Kerk aanvaar word nie.

2.1.36 Die Sinode het sy dank uitgespreek teenoor prof. R. Marè vir die opstel van 'n kerkregwoordeboek waarin kerkregtelike begrippe en beginsels verduidelik word. Die Kerkregwoordeboek sal binnekort aan die kerkverband beskikbaar gestel word.

2.1.36 Die Sinode volstaan by besluite wat die erns van egskeiding aanspreek.

135. VERKIESING: GKK-LEDE

Oudle. ML Bosch (Kleinfontein) en SCW van Schalkwyk (Grootfontein Tvl.) is verkies.

As *sekundi* is verkies: Oudle. AQ Campbell (Tzaneen) en GL Maritz (Brits)

136. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KOMMISSIES (TKK 2)

Ds. A Boshoff hou die verslag voor.

Voorgestelde wysigings aan die kommissies word aangeteken by punt 121 van die notule.

137. VERKIESING: RAAD VAN DIE APA

Die Voorsitter versoek die Sinode om vier lede te kies uit:

Oudle. CT Botha (Trans-Magalies); JHE du Plessis (Pretoria-Oos); JJ Jacobs (Trans-Magalies); HR Lemmer (Wonderboom); PJ Scholtz (Hoëveldrif); ST Schoeman (Mosselbaai); JH Venter (Bethal)

138. KONSTITUERING PERMANENTE KOMMISSIES

Die Voorsitter versoek die kommissies om tydens etenstyd te konstitueer.

139. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV 9)

Ds. MR Burger hou die verslag voor.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word goedgekeur:

Grobler, JM 15:45	Warmbad 06/09/2017
Fouché, JD 15:45	Warmbad 06/09/2017

Möller, LJ	Potgietersrus
16:00	06/09/2017

140. TAFELGEBED

Ds. RH Botes doen die tafelgebed en die vergadering verdaag vir aandete.

141. SAMESANG

Ds. WJA van Schalkwyk lei die samesang. Ds. F de Bruin neem die orrelbegeleiding waar.

142. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

143. VERKIESING: RAAD VAN DIE APA

Die volgende persone is tot die Raad van die APA verkies:

Primarii
Oudl. CT Botha (Trans-Magalies)
Oudl. HR Lemmer (Wonderboom)
Oudl. ST Schoeman (Mosselbaai)
Oudl. JH Venter (Bethal)

Sekundi
Oudl. JHE du Plessis (Pretoria-Oos)
Oudl. JJ Jacobs (Trans-Magalies)

144. GOEDKEURING VAN NOTULE

Die notule van dag 1 sessie 4 tot dag 2 sessie 4 word met enkele redaksionele wysigings goedgekeur.

145. REVISIE PK VERSLAG *Sakelys 2017* pt. 10, bl. 72 (Kyk ook *Handelinge 2017*, pt. 43, bl. 355)

Die Sinode gee toestemming tot revisie.

BESLUIT GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat revisie t.o.v. pt. 10 van die *Sakelys 2017* bl. 72, toegestaan word.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

1. Dat dit voortaan nie nodig is om die persoonlike inligting van leraars in die Kerkjaarboek te bind nie.

2. Dat die name en statistiek van die gemeentes waaruit die AP kerkverband (vgl. KO Art. 1.1) saamgestel is, steeds in die Kerkjaarboek gebind sal word.

3. Alle gemeentelike statistiek en persoonlike inligting van die gemeentes waaruit die kerkverband saamgestel is, asook die besonderhede van die leraars moet op die inteken-gedeelte van die webblad gepubliseer word.

4. Die Sinode wys die KKS daarop dat bogenoemde besluit die bewoording van Artikel 1.1 in die Kerkorde gaan beïnvloed en versoek hulle om die Artikel soos volg te wysig:

Die Kerkorde is die gemeenskaplike akkoord deur die plaaslike kerke (gemeentes), soos vervat op die amptelike webwerf van die AP Kerk, wat in die kerkverband met mekaar saamlewe, gegrond op die eenheid in Skrif en Belydenis.

5. Die Sinode laat dit aan die PK oor om oor die mees geskikte formaat vir die gemeentelike statistiek in die Kerkjaarboek te besluit.

6. Die Sinode laat dit aan die PK oor om te besluit of daar ook Kerkjaarboeke gedruk moet word wat nie die statistiek bevat nie, en só bemark word.

146. REVISIE KKCE VERSLAG *Sakelys 2017* pt. 3.2.2 en daaropvolgende punte, bl. 189 (Kyk ook *Handelinge 2017*, pt. 86, bl. 371)

Die Sinode gee toestemming tot revisie.

BESLUIT GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat revisie t.o.v. pt. 3.2.2 en daaropvolgende punte van die *Sakelys 2017* bl. 189, toegestaan word.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

3.2.2 Die Sinode neem kennis van die KKCE se studiestuk oor kinderkerk en besluit dat kinderkerke nie wenslik is nie.

Die Sinode neem slegs kennis van 3.2.3.1 – 3.2.3.3.

Punte 3.2.3.4 – 3.2.3.6 word nie goedgekeur nie.

Motivering:

Met hierdie besluit sluit ons aan by 'n vorige Sinode se besluit oor verassing en begrafnis. Die Sinode spreek hom uit ten gunste van begrafnis, maar verketter nie die persone wat ten gunste van verassing is nie.

147. APPÈLLE

Geen.

148. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM 3)

Ds. A Boshoff hou die verslag voor.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

2.1.38 Die AP Kerk is betrokke by sendingprojekte in die buiteland, onder meer in Botswana. Die kerk doen ook sending onder ons eie mense deur organisasies soos bv. Kinders van die Lig. Die Sinode vra gemeentes om sendingprojekte te ondersteun met finansiële bydraes en gebede en ook om hul eie sendingprojekte te identifiseer.

2.1.39 Die Sinode moedig lidmate aan om gebruik te maak van huweliksverrykingskursusse wat in die kerk vir eg-pare aangebied word. Sodoende word sterk huwelike en gesinne bevestig in 'n tyd waar ons blootgestel is aan ongekende gesinsverbrokkeling.

2.1.40 Die AP Akademie het akkreditering ontvang om NGOS ('n onderwysdiploma) vanaf Januarie 2018 aan te bied, wat beteken dat Gr. 7 tot Gr. 12 onderwysers aan die AP Akademie kan kwalifiseer.

2.1.41 Die Sinode spreek ernstige kommer uit oor die gevaar wat 'n humanistiese wêreldbeskouing vir verbondskinders in die samelewing inhou. Die aanslag op verbondskinders vanuit die staatskurrikulum in skole is reusagtig en verbondsouers word opgeroep om baie ernstig kennis daarvan te neem.

149. CENSURA MORUM

150. BEDANKINGS

Die Voorsitter en Ondervoorsitter behartig die bedankings, by name:

1. Die Voorsitter
2. Ondervoorsitter
3. Die skribaat
4. Die Aktuarius
5. Professore van die APA wat advies gegee het
6. Personeel van die APA
7. Personeel van die Sentrale Kerkkantoor en die *Boekwinkel*
8. Br. Evert en sr. Sandra Rodriques
9. Kommissies, voorsitters en skribas
10. Leraars teenwoordig
11. Afgevaardigdes wat verlof moes neem om die Sinode by te woon
12. Studente
13. AP Kerk Wonderboom

151. AFSLUITING

Die Voorsitter lees 1 Kor. 15:1-28. Hy herinner die Sinode daaraan dat Christus die Eersteling uit die dode is. Sy opstanding is die begin van die nuwe skepping. Sy opstanding beteken dat ons wederbaar kan word. Gelowiges hoop op die groot opstanding tot die ewige lewe. As gelowiges en as geloofsgemeenskap deel ons hierdie hoop. Die nuutheid van die nuwe skepping moet neerslag vind in ons handel en wandel, naamlik 'n lewe van dankbaarheid en diensbaarheid tot eer van God. In die lig van wat die kerk is, die nuwe skepping van God, behoort ons kerk te wees. Sodoende kan die AP Kerk werklik lig in duisternis wees.

Die Voorsitter doen 'n gebed en die Sinode sing Ges. 95.

Die Sinode verdaag.

In die naam van
die Vader en die Seun
en die Heilige Gees
GEGROET
Mag die God van die Bybel
hierdie sinode dra en
genadig wees tot eer
van sy naam en uitbreiding
van sy koninkryk.
Seën in Jesus naam.
APK Philippolis

Afrikaanse Protestantse Kerk

Tel 081 363 4280 (Skriba)

POSBUS 56
ORKNEY
2620

28 Augustus 2017

Die AP Kerk Orkney wil die Sinode verseker van ons voorbidding vir die vergadering besprekings en besluite wat geneem word.

Ons is bewus daarvan dat die Kerk van Jesus Christus in die tye te make het met baie aanslae van buite en van binne. Dit is daarom te meer dat ons harte na u uitgaan om gehoorsaam en getrou aan die onvervalste Woord van God te bly.

Mag die onmisbare teenwoordigheid en nabyheid van die Here met u wees en mag die seën van die Here op die Sinodesitting wees in alles wat nog gebeur.

Broederlike groete

....

VOORSITTER SKRIBA

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

Dirk van der Hoffgebou, Jeff Masemolastraat 224, Pretoria 0002; Posbus 2368, Pretoria 0001
Tel 012 322 8885 / 086 544 9235 (faks), wouter@nhk.co.za
Sekretaris: Kommunikasie: Dr WC van Wyk

21 Augustus 2017

Prof. I.A. Brink
Direkteur van Kerkadministrasie
Afrikaanse Protestantse Kerk

Per e-posadres: direkteur@apk.co.za

Geagte prof Brink, broeders en susters,

Groeteboodskap aan die Afrikaanse Protestantse Kerk ten tyde van die 15de Sinodesitting, 3-6 September 2017, Pretoria

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) het sy wortels in die kerk wat sedert die Nederlandse vestiging aan die Kaap hier te lande ontstaan het. Na die Groot Trek het die Voortrekkers wat hulle noord van die Vaalrivier in die ou Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gevestig het, predikante uit Nederland beroep, en het die NHKA tot met die Anglo-Boereoorlog as die staatskerk van die ZAR gefunksioneer.

Die NHKA het oor die jare heen noue kontak gehandhaaf met die Nederduitste Gereformeerde Kerk (NGK) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Die NHKA was in 1948 'n stigterslid van die Wêreldraad van Kerke (WRK), en ook lid van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerk (WBGK). Die NHKA het aan hierdie internasionale ekumeniese liggame onttrek weens hulle kritiek op die beleid van apartheid in Suid-Afrika, en daarna kerklik toenemend in isolasie verkeer.

Dit het verander na die Algemene Kerkvergadering (AKV) van die NHKA se besluite in 2010 en 2011 om die Kerk se vroeëre teologiese regverdiging vir die beleid van apartheid terug te trek. Die Hervormde Kerk het mettertyd besef watter skade die kerklike isolasie meebring, en dat die belydenis dat ons glo in die "een heilige, algemene kerk" van kardinale belang is vir die roeping en diensbaarheid van die kerk. Wanneer verskillende kerklike denominasies van mekaar verskil, word ons nogtans deur die een Here van die een Christelike kerk op aarde geroepe om na mekaar te luister en te soek na 'n gemeenskaplike getuienis teenoor die wêreld.

Teen hierdie agtergrond het die 71ste AKV in 2016 die volgende beskrywingspunt aanvaar:

> *BESKRYWINGSPUNT 68: RING VAN KLERKSDORP*
> *VERBAND MET AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*
> *Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tree in gesprek met die Afrikaanse Protestante Kerk (waar kontak ± 26 jaar gelede opgehou het) met die oog op beter begrip en respek vir mekaar se oortuigings en onderlinge samewerking en ondersteuning.*

Die Hervormde Kerk wil daarom graag uitreik na die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) en u uitnooi om met ons in gesprek te tree. Ons sou graag beter begrip wou vorm van die APK se oortuigings, kerklike prioriteite en uitdagings. Beter wedersydse begrip kan bydra tot waardering van elkeen se eiesoortigheid, en kan moontlik wys waar daar geleenthede vir samewerking en ondersteuning bestaan.

Die Hervormde Kerk wens u daarom seën toe vir u vyftiende sinodesitting, en bid dat die Here u wysheid en leiding sal gee by die oorweging van die talle moeilike sake waarmee die kerk van Christus in hierdie dae moet worstel. Mag die sinode die werk en getuienis van u gemeentes en lidmate in ons land dien. *Mag die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees met u wees.*

In Christus se voetspore

Beste wense,

Dr WC van Wyk
Namens Skriba: Ds WJJ Kok

In Christus se voetspore

1966-2016

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

GEMEENTE KLERKSDORP –WILKOPPIES

Predikant:	Ds. MA Müller	Posbus 7224
	084 789 2208	Flamwood
	michael.arnoldus@outlook.com	Klerksdorp
Kerkkantoor:	Tel 018 468 7008	2572
Marie Swanepoel	Faks 086 274 3730	
	E-pos: nhkwilkoppies@telkomsa.net	
Skriba: Oudl. JJ Daffue	083 458 3190	

Lêerverwysing: 3.8.3.3

16 Augustus 2017

Die Voorsitter
Vyftiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk

Geagte voorsitter en lede van die vergadering

Groeteboodskap: Vyftiende Sinode van die APK

Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Klerksdorp- Wilkoppies wat reeds noú saamwerk met die Afrikaanse Protestantse Kerk, Orkney, met betrekking tot jeugwerk en ondersteuning van mekaar se aktiwiteite neem in opvolging van 'n besluit geneem deur die Kerkraad van Klerksdorp- Wilkoppies by sy vergadering gehou 8 Augustus 2017, die vrymoedigheid om u die seën van die Heer van die Kerk toe te bid met u Sinodesitting se besprekings en besluite DV 3 tot 6 September 2017 te Pretoria.

Ons glo en vertrou dat u 'n baie vrugbare vergadering sal beleef tot eer en verheerliking van Jesus Christus, ons Here.

Hartlike groete en seënwense.

Oudl JJ (Koos) Daffue
Skriba

RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar

Bergheimer Str. 147 | 69115 Heidelberg | Tel.: 06221/7191534 | E-Mail: info@rtsonline.de | Internet: www.rtsonline.de

RTS – Bergheimer Str. 147 – 69115 Heidelberg

29 Julie 2017

Vyftiende Sinode van die AP Kerk
p/a Direkteur van Kerkadministrasie
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

Geagte voorsitter van en afgevaardigdes na die 15de Sinode van die AP Kerk, geloofsgenote in ons Here Jesus Christus

Saam met u gedenk ons met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader in Christus sy genade deurdat Hy 500 jare gelede in die duisternis van die nag die Lig van sy evangelie laat deurbreek het met die Reformasie. Mag u as kerk in gehoorsaamheid aan Christus, ons hoogste Profeet en Leraar (Heidelbergse Kategismus, vr./ant. 31), as instrumente in sy hand sy Woord uitdra, ook in u terugblik op die afgelope 30 jare.

Die *RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar* in Heidelberg, Duitsland, is 'n gereformeerde teologiese skool / seminarium wat weliswaar nog klein en beskeie is, maar ons het 'n heerlike en groot taak, naamlik die opleiding en toerusting van jong manne broeders om sendelinge, predikers, evangeliste, predikante te word. As teologiese skool wil ons met hierdie groeteboodskap u die seën en leiding van ons Here deur sy Gees en Woord toewens, in die besonder by hierdie historiese Vyftiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

Ons is oortuig daarvan dat die Reformasie deur die genadige leiding van die Heilige Gees die kerk nie net teruggevoer het na die Woord nie – en só na Christus toe – maar terselfdertyd ook die grootste klem gelê het op die uitdra van die Woord, getrou aan Jesus Christus. Hy het naamlik sendingwerk aan alle mense as belangrikste taak aan sy dissipels opgedra, direk voor sy hemelvaart, naamlik om getuies te wees teenoor alle mense "... tot aan die uiterste van die aarde" (Handelinge 1:8).

Teen hierdie agtergrond, ook in ooreenstemming met ons geliefde en gewaardeerde Nederlandse Geloofsbelydenis, waar ons in artikel 29 die "suiwer" prediking van die "evangelie" as kenmerk van die ware kerk bely, bid ons dat u kerk hieraan trou sal bly, die suiwer prediking plaaslik aan almal, in Suid-Afrika aan almal, in Afrika aan almal, in die wêreld aan almal, ja, "... tot aan die uiterste van die aarde" aan almal.

Met hartlike groete,

in Christus

Dr. Victor E. d'Assonville
RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar, Heidelberg
vicdas@rtsonline.de

GRAPKAS

Gereformeerde Afrikaanse Protestantse
Kinderaksie Samekoms
"Laat die kindertjies na my toe kom..." (Lukas 18:16)

A.P. Kerk Middelburg, Posbus 7453, Middelburg, 1050
grapkas.apk@gmail.com

03 September 2017

Sinode

GROETE EN SEëNWENSE

GRAPKAS (die jeugaksie van APKerk Middelburg) wil graag van die geleentheid gebruik maak om groete oor te dra aan die Vyftiende Sinode.

Ons bid God se rykste seën toe oor die besprekings en besluite waar daar geneem moet word.

Grapkasgroete

ANTONIE VAN STADEN
GRAPKAS-KOMMISSIE VOORSITTER

BYLAE 2: AFGEVAARDIGDES WAT OM 09:00 GEREGISTREER WAS

Gemeente	Titel	Van	Naam
Aberdeen	Ds	Van Vuuren	Johan Hendrik
Aberdeen	Oudl	Erasmus	Pieter Jacobus
Alfa	Oudl	Smith	William Evan
Amajuba	Ds	Coetzee	Nicolaas Jacobus
Amajuba	Oudl	Oosthuizen	Cornelius Cloete
Arnot/Hendrina	Ds	Appelgryn	Adriaan Marthinus
Arnot/Hendrina	Oudl	Van Wyk	Daniël Salomon
Arnot/Hendrina	Oudl	Powell	Abraham Christiaan
Bainsvlei	Ds	Jacobs	Johannes Albrecht
Bainsvlei	Oudl	Verwoerd	Christiaan Andries
Bainsvlei	Oudl	Fourie	David Stefanus
Belfast	Oudl	Grobler	Stefanus Albertus
Benoni	Ds	Dafel	Henning Johannes
Benoni	Oudl	De Vries	Jacobus Johannes
Benoni	Oudl	Swanepoel	Frederick Jacobus Cornelius
Bethal	Oudl	Venter	Jan Hendrik
Bethlehem	Ds	Combrink	Ruan Kruger
Bethlehem	Oudl	Naude	Francois Paul
Bethlehem	Oudl	Groenewald	Dirk Johannes
Biesiesvlei	Ds	Steyn	Pieter Schalk
Biesiesvlei	Oudl	Fleetwood	Petrus Cornelius Johannes
Bloemfontein	Ds	Scherman	Henri
Bloemfontein	Oudl	De Clerck	Willem Johannes
Bloemfontein	Oudl	Rex	Ralph Stephen Ronald
Bloemfontein-Noord	Oudl	Van den Berg	André Etienne
Bloemfontein-Noord	Oudl	Van Eeden	Frederik Jacobus
Bothaville	Oudl	Ludick	Gerhardus Cornelius Marthinus
Brakpan	Oudl	Durrheim	Theo Robert
Brakpan	Oudl	Herselman	Johannes Mattheus
Brakrivier	Oudl	Boshoff	Albertus Christiaan
Brandfort	Ds	Stoltz	Lucas Petrus
Brandfort	Oudl	Niemand	Karel Christiaan
Brits	Ds	Van Rooyen	Olof Greyling
Brits	Oudl	Maritz	Gerrit Lourens
Brits	Oudl	Roos	Daniel Johannes
Bronkhorstspruit	Oudl	Van Wyk	Christo
Carletonville	Oudl	Roberts	Arthur Percival Roy
Carolina	Oudl	Van Niekerk	Adriaan Smuts
Christiana	Ds	Blom	Gerhard Matthys
Christiana	Oudl	Keyser	Frans Wessels
Christiana	Oudl	Marais	Marthinus Wessel
Coligny	Ds	Malan	Daniël Jacobus
Coligny	Oudl	Hamman	Petrus Johannes Theobaltus
Coligny	Oudl	Martin	Frederick Osborn
Cullinan-Rayton	Prof	Marè	Roelof
Cullinan-Rayton	Oudl	Pretorius	Barend Daniel
Cullinan-Rayton	Oudl	Bekker	Hendrik Nicolaas
Delareyville	Oudl	De Villiers	Daniël Johannes Cornelius
Delareyville	Oudl	Hough	Jacobus Albertus
Dendron	Ds	Janse van Rensburg	Petrus
Dendron	Oudl	Eagar	Charles Owen
Dendron	Oudl	Bezuidenhout	Nicolaas Jacobus
Derby	Oudl	Botes	Leon
Ellisras	Ds	Nieuwhof	Arnoldus
Ellisras	Oudl	Kruger	Andries Jacobus

Ellisras	Oudl	Van Staden	Jan Jacobus Haywood
Ermelo	Ds	Smit	Roelof Frederik
Ermelo	Oudl	Volschenk	Casparus Johannes
Ermelo	Oudl	Struthers	Martin Michael
Fonteine	Ds	Campbell	Allan Quentin
Frankfort	Oudl	Viljoen	Andries Petrus
Frankfort	Oudl	Viljoen	Jacques
Gansbaai	Oudl	Venter	Jan Andries
Gansbaai	Oudl	Fouché	John Martin
George	Ds	Jones	Johannes Hendrik
George	Oudl	Mouton	Willem Johannes
Gordonia	Ds	Bisschoff	Jan Hendrik
Gordonia	Oudl	Kalp	Johannes Frederik Lodewikus
Gordonia	Oudl	Slabbert	Anton Johannes
Griekwastad	Oudl	Brits	Hendrik Christiaan
Groblersdal	Ds	Möller	Paul Jacobus
Groblersdal	Oudl	Fourie	Gerhardus Lodewikus
Grootfontein TvL	Ds	Strauss	Hendrik Schalk Willem
Grootfontein Tvl	Oudl	Van Schalkwyk	Schalk Carel Willem
Grootfontein Tvl	Oudl	Möller	Pieter Willem
Hardeveld	Ds	Fourie	Jan Daniël
Harrismith	Oudl	Bezuidenhout	Johannes Hendrik
Hartbeespoort	Prof	Nel	Salmon Dannhauser
Heidelberg	Ds	Rautenbach	Cornelius
Heidelberg	Oudl	Booysen	Herman John
Heidelberg	Oudl	Cronje	Christoffel Jacobus
Heilbron	Ds	Van Schalkwyk	Willem Jacobus Albertus
Hennenman	Oudl	Oosthuysen	Christiaan De Wet
Hertzogville	Oudl	De Villiers	Martin Reynard
Hluhluwe	Ds	Erasmus	Hermanus Lodewikus Johannes
Hoedspruit	Oudl	Harding	Jacobus Petrus Francois
Hoëveld Ermelo	Ds	Du Plessis	Johannes Hendrikus Ernst
Hoëveld Ermelo	Oudl	Joubert	Willem Johannes Frederick
Hoëveld Ermelo	Oudl	Van Niekerk	Gerhardus Joshua
Hoëveldrif	Ds	Pretorius	Riaan Johannes
Hoëveldrif	Oudl	Nel	Louis Johannes
Hoëveldrif	Oudl	Scholtz	Pieter Johannes
Hoopstad	Ds	Kruger	Andreas Stephanus
Hoopstad	Oudl	Snyman	Ignatius Micheal
Hopetown	Oudl	Schutte	Marthinus Bekker
Hugenote-Vallei	Ds	Botes	Richard Henry
Jeffreysbaai	Ds	Le Roux	Gabriël Gideon
Jeffreysbaai	Oudl	Bothma	Barend Daniël
Johannesburg	Oudl	Maree	Michiel David
Kakamas	Ds	Wiid	Louis André
Kareedouw	Ds	Kruger	Gerhardus Johannes Hercules
Kathu	Ds	Trollip	Johann Brinsley
Kempton Park	Oudl	Steyn	Willem Daniël
Kemptonpark	Oudl	Bierman	Leonardus Johannes
Kimberley-Die Kruis	Ds	Stoltz	Gabriël Coenraad Daniel
Kimberley-Die Kruis	Oudl	Ras	Johannes Nicolaas
Kimberley-Die Kruis	Oudl	Rawlinson	Godfrey Charles
Kimberley Moedergem	Ds	Roets	Sarel Arnoldus
Kimberley Moedergem	Oudl	Bezuidenhout	Jeremia Jesaja
Kimberley Moedergem	Oudl	Deetlefs	Stephanus Johannes
Kleinfontein	Ds	Hartzenberg	Marius Johannes
Kleinfontein	Oudl	Bosch	Marius Ludolf
Kleinfontein	Oudl	Swanevelder	Johannes Lodewyk
Klerksdorp	Ds	Van Rooyen (Snr)	Olof Greyling

Klerksdorp	Oudl	Van der Merwe	Douw Gerbrand
Klerksdorp	Oudl	Müller	Johann André
Koedoesrand	Oudl	Somon	Nicolaas Christiaan Johannes
Koster	Ds	Denysschen	Chrisjan Johannes
Koster	Oudl	Fourie	Theodorus Hermanus Gerhardus
Kroonstad	Ds	Kok	Hermanus Jacobus
Kroonstad	Oudl	Enslin	Hugh Augustus
Kroonstad	Oudl	Du Plessis	Izak
Krugersdorp	Ds	Burger	Willem Andries
Lebombo	Oudl	Kruger	Willem
Lebombo	Oudl	Pretorius	Daniël Barend
Leonardville	Ds	Boshoff	Albertus Petrus
Leonardville	Oudl	Jansen	Pieter Johannes
Leonardville	Oudl	Cornelissen	Benjamin Momberg
Lichtenburg	Ds	Meiring	Casper Francois
Lichtenburg	Oudl	Stoman	Dawid Matthys Christoffel
Louis Trichardt	Ds	Van der Westhuizen	Wynand Johannes
Louis Trichardt	Oudl	Otto	Michael Albertus
Louis Trichardt	Oudl	Olivier	Hendrik Johannes Van Eck
Lydenburg	Ds	Vermaak	Carl Rudolph
Lydenburg	Oudl	Van der Wal	Willem Andries
Lydenburg	Oudl	Van Antwerpen	Cornelius Gerhardus
Magaliesburg	Oudl	Swanepoel	Jacobus Petrus
Marble Hall	Oudl	Van der Lith	Jacobus Francois
Marble Hall	Oudl	Hattingh	Martin Anthony
Middelburg	Ds	Swart	Nico Johan
Middelburg	Ds	Van Zyl	Armand
Middelburg	Oudl	Smook	Cronje
Moot-Sentraal	Ds	Lubbe	Leon
Moot-Sentraal	Oudl	Scheuer	Georg Ernst Alexander
Moot-Sentraal	Oudl	Hollis	Thomas Lovell
Morgenzon	Oudl	Fischer	Adriaan
Mosselbaai	Ds	Pretorius	Dawid Engelbert
Mosselbaai	Oudl	Schoeman	Samuel Tertius
Mosselbaai	Oudl	Van Rhyn	Gerhardus Petrus
Murraysburg	Oudl	Nel	Lieb Swiegers
Naboomspruit	Oudl	Nel	Theunis Christiaan Stefanus
Naboomspruit	Oudl	Van der Merwe	Hendrik Josephus
Nelspruit	Ds	Kirstein	Louis Abraham Francois
Olifantshoek	Ds	Verdoes	Johan
Oos-Rand	Oudl	Du Plessis	Jan Daniel Leonard
Orania	Ds	Hoffman	Stephanus
Orkney	Oudl	Byleveldt	Abraham Jacobus
Orkney	Oudl	Hills	Ockert Johannes
Parys	Oudl	Schlebusch	David Christian
Paul Roux	Oudl	Crause	Hermanus Johannes Petrus
Philippolis	Oudl	Cilliers	Jan Abraham
Pietersburg	Ds	Malan	Wickus Jordaan
Pietersburg	Oudl	Horn	Gordon
Pietersburg	Oudl	Oosthuizen	Charles Rhodes
Piet Retief	Ds	Aucamp	Petrus
Piet Retief	Oudl	Grobler	Nicolaas Johannes
Port Elizabeth	Ds	Greyling	Louis Daniël
Port Elizabeth	Oudl	Kok	Anton Louwrens
Postmasburg	Oudl	Prinsloo	Fredrik Jacobus
Potchefstroom	Ds	Gericke	Johan Christiaan
Potchefstroom	Ds	Pretorius	Fredry
Potchefstroom	Oudl	Van Rensburg	Jan Lodewikus
Potchefstroom	Oudl	Du Preez	Lourens Johannes

Potgietersrus	Ds	Buitendag	Philippus Rudolph
Potgietersrus	Oudl	Visagie	Jaco
Potgietersrus	Oudl	Möller	Lambertus Johannes
Pretoria-Oos	Prof	Adendorff	Jacobus Augustus Erdzard
Pretoria-Oos	Ds	Boshoff	Adam
Pretoria-Oos	Oudl	Du Plessis	Johannes Hendrikus Ernst
Pretoria-Oos	Oudl	Celliers	Edward Fredrick
Riversdal	Ds	Cronje	Dewald Francois Marthinus
Roodepoort	Ds	Janse van Vuuren	Johannes Cornelius Godfried
Roodepoort	Oudl	Botha	Samuel Frederik
Roodepoort	Oudl	Bothma	Stephanus Jacobus
Rustenburg	Ds	Grobler	Nicolaas Johannes
Rustenburg	Oudl	Coetzee	Daniël Joachim
Rustenburg	Oudl	Keyter	Wilhelmus Johannes
Sanddrift	Ds	Swart	Adriaan
Sanddrift	Oudl	Du Plessis	Johannes Jacobus Petrus
Sanddrift	Oudl	Brits	Andries Petrus Stephanus
Sannieshof	Oudl	Bouwer	Daniël Jacobus
Schweizer-Reneke	Oudl	Koegelenberg	Willem Johannes
Senekal	Ds	Coetzee	Johannes Stefanus
Senekal	Oudl	Bester	Constant
Senekal	Oudl	Van Schalkwyk	Daniel Casparus
Standerton	Ds	Jordaan	Martin Johannes Lodewyk
Standerton	Oudl	Mertz	Riaan
Suidkus	Oudl	Stadler	Carel Pieter Cronje
Thabazimbi	Oudl	Grimes	William Spencer
Thabazimbi	Oudl	Strydom	Nicolaas Jacobus
Trans-Magalies	Oudl	Botha	Christoffel Theunis
Trans-Magalies	Oudl	Jacobs	Jan Josef
Tuinplaas	Ds	Van Schalkwyk	Michael Johannes
Tuinplaas	Oudl	Du Plessis	Willem Jacobus
Tygerberg	Oudl	Lategan	Hendrik de Wet
Tygerberg	Oudl	Van der Westhuizen	Anton
Tzaneen	Ds	Mattheus	Markus Johannes
Tzaneen	Oudl	Campbell	Allan Quentin
Tzaneen	Oudl	Bergmann	Johann van Reenen
Vaalwater	Oudl	Grové	Johannes
Ventersdorp	Oudl	Grové	Francois Petrus
Verwoerdburg	Ds	Van Zyl	Wynand
Verwoerdburg	Oudl	Brink	Andries Jacob
Verwoerdburg	Oudl	Nel	Nicolaas Francois
Viljoenskroon	Ds	Burger	Matthys Rinus
Viljoenskroon	Oudl	Uys	Johan Petrus
Vrede	Ds	De Bruin	Francois
Vrede	Oudl	Riekert	Johannes Petrus van der Merwe
Vryburg	Oudl	Breytenbach	Stephanus Jacobus
Vryburg	Oudl	Van der Merwe	Josias Johannes
Vryheid	Ds	Ferreira	Andries Joubert
Warmbad	Ds	Malan	Pieter Johannes
Warmbad	Oudl	Fourie	Johan Dawid
Warmbad	Oudl	Grobler	Stephanus Marthinus
Waterberg	Ds	Prinsloo	Lourens Erasmus
Waterberg	Oudl	Grobbelaar	Hendrik Frederik Ferdinandes
Waterberg	Oudl	Olivier	Nicolaas Gerrit
Wesmoot	Ds	Rautenbach	Nicolaas Jacobus
Wesmoot	Oudl	Gericke	Theunis Johannes
Wesmoot	Oudl	Labuschagne	Daniel Sarel
Winburg	Ds	De Lange	Lambertus Lochner Eksteen
Windhoek	Ds	Theron	Willem Johannes
Windhoek	Oudl	Van Zyl	Paul Hendrik

Witbank	Dr	Breytenbach	Johan Hendrik
Witbank	Oudl	Botha	Hendrik Josephus
Witbank	Oudl	Davel	Hendrik Willem
Wonderboom	Prof	Smit	Gerrit Daniël Stephanus
Wonderboom	Oudl	Lemmer	Hermanus Richard
Wonderboom	Oudl	Louw	Marius Johannes
Zeerust	Oudl	Du Plessis	Jan-Harm

BYLAE 3

Broederlike gesprek: *Semper reformanda*

Skriflesing: Sag. 7

Inleiding

Geliefde broeders en susters van ons Here, Jesus Christus, in Suid-Afrika is geloofwaardigheid en integriteit nou nie juis deugde wat vreeslik hoog op mense se prioriteitslys is nie. Verkiesing ná verkiesing lees 'n mens van lamppaal tot lamppaal al die verskillende politieke partye se verkiesingsbeloftes. Aangesien die regerende party in die beste posisie van al die ander partye is om sy verkiesingsbeloftes na te kom, is dit ironies hoe min daarvan al gerealiseer het. Op een van die ANC se vorige verkiesingsplakkate word daar onder meer werksgeleenthede, vrede en vryheid belowe en natuurlik die belofte dat almal in Suid-Afrika 'n beter lewe onder die ANC-regering sal hê.

Ons hoef maar net teen hierdie beloftes te klop om uit te vind hoe hol en leeg hulle is. Die werkloosheidskoers staan tans op 27,7% terwyl die uitgebreide werkloosheidskoers op bykans 38% staan. Die rookwolke van woedende betogers en ongelukkige burgers hang soos rookseine in die lug, terwyl die bloedvlekke van onskuldige boere hulle geboortegrond besmeer. Die enigste vryheid wat daar in hierdie land is, is sekere groeperinge se "vryheid" om ander se vryhede in te perk. Ook vir die kerk is die donderwolke van staatsregulering en inmenging op die horison terwyl die donderslae duideliker en duideliker gehoor kan word soos wat die storm naderkom.

In 'n vuisvoos samelewing waar mense geneig is om alle samelewingstrukture te wantrou, is die gevaar groot dat die kerk ook sy integriteit en geloofwaardigheid kan verloor. Die kerk is beslis nie 'n politieke party nie, maar ons hamerslae weerklink ook soos Martin Luther s'n wanneer ons die stellings wat óns definieer teen ons kerkdeure vasspyker. Uit die nadere reformasie was daar veral een slagspreuk wat só sterk na vore getree het dat dit onlosmaaklik deel van enige gereformeerde kerk se identiteit geword het. Dit is die slagspreuk: *Semper Reformanda* – altyd reformerend. Dit is natuurlik 'n geweldige gewigtige uitspraak wat na my beskeie mening heeltemal te veel ydellik gebruik word. Dit is 'n uitspraak wat baie meer integriteit en geloofwaardigheid vereis as om enersyds bloot te verander ter wille van die tydsgees en andersyds om slegs aan te toon dat 'n kerk gefundeer is op die ekumeniese belydenisse en die drie formuliere van eenheid. Tereg waarsku Carl Trueman dat hierdie slagspreuk die gevaar loop om slegs sentimenteel te wees sonder dat dit werklik inhoud het.

In die lig daarvan dat ons vanjaar die 500-jarige herdenking van die reformasie vier en die AP Kerk haarself in lyn met die reformatoriese grondslag wil posisioneer, is dit nodig dat ons grondig sal besin oor 'n uitspraak soos *Semper Reformanda* en die implikasies daarvan ook vir ons kerkverband, sodat ons nie net die deuntjie so vaagweg sal ken nie, maar in staat sal wees om self die musiek daarvan te maak.

1. Misbruik van die slagspreuk

Die ydellike gebruik van die slagspreuk *ecclesia reformata, semper reformanda,* oftewel 'n gereformeerde kerk reformeer altyd, val hoofsaak binne een van twee strome:

1.1 Verandering ter wille van verandering

In sy boek, *Praktiese Teologie – kerkwees in die 21ste eeu*, begin prof. Wim Dreyer sy betoog deur die krisis in die kerk aan te dui. Hy verwys onder meer na 'n ondersoek wat deur die Barna-groep in die VSA gedoen is. Hierdie ondersoek toon dat 40% van jongmense tussen die ouderdom van 16 en 29 hulself as "unchristian" beskou. Die hoofrede vir hulle afvalligheid is die persepsie dat die kerk nie vertrou kan word nie, 'n gebrek aan integriteit vertoon en nie aan die kerk se eintlike doel beantwoord nie. Vanuit hierdie perspektief het die kerklike instituut self daaraan skuld dat mense nie net die kerk nie, maar ook die Christelike geloof verlaat.

Prof. Dreyer wil graag op hierdie probleem antwoord. Hy begin deur 'n goeie oorsig oor die betekenis en herkoms van die slagspreuk, *semper reformanda*, te gee. Hoewel hy die wortels van die uitspraak gaan oopgrawe, skryf hy die prominensie daarvan hoofsaaklik toe aan Karl Barth se gebruik daarvan. Dreyer toon aan hoedat dit vir Barth veral daaroor gegaan het dat die kerk met *integriteit* kerk behoort te wees. "In ander woorde: *Ecclesia semper reformanda* dui op deurlopende kerkhervorming met die doel dat die kerk waarlik kerk moet wees; kerk in ooreenstemming met God se bedoeling", skryf Dreyer.

Wanneer Dreyer uiteindelik na die kerklike praktyk beweeg en voorstelle tot reformasie aan die hand doen waarvolgens hy reken die kerk weer met integriteit kerk kan wees, is dit teleurstellend dat sy oplossings hoofsaaklik gefokus is op die hervorming van die georganiseerde kerklike praktyk. Hy gaan dus uit van die veronderstelling dat die probleem vir die integriteitloosheid van die kerk daaraan toegeskryf moet word dat die kerk in sy organisatoriese of institusionele vorm, nie geloofwaardig of in ooreenstemming met God se bedoeling is nie en daarom in lyn gebring moet word. Hierdie oplossing sluit aan by JP Oberholzer en Nelus Niemandt se kritiek. Volgens Oberholzer is die kerk met baie dinge besig sonder om werklik kerk te wees. Oberholzer pleit daarvoor dat 'n uitgediende *model van kerkwees* met 'n meer prinsipiële eietydse een vervang word. Prof. Nelus Niemandt sluit hierby aan wanneer hy sê dat *tradisionele* kerke en denominasies nie enige kans in die postmoderne wêreld het nie – hulle ry selfs die koninkryk van God in die wiele.

Prof. Dreyer skryf tereg: "Ons moet egter besef: *Kerkhervorming is gehoorsaamheid aan God.* Dit is wesenlik dat die kerk voortdurend, op grond van die Woord, sal transformeer en hervorm. Dit word nie gemotiveer deur pragmatiese oorwegings ter wille van oorlewing nie." Kort hierna kritiseer hy egter kerke se "onvermoë om nuwe *geloofspraktyke* te vestig". As kerkhervorming beteken *gehoorsaamheid aan God* en daardie gehoorsaamheid gedefinieer word as die vestiging van *nuwe geloofspraktyke*, kan 'n mens nie help om tot die

gevolgtrekking te kom nie dat *ecclesia semper reformata* maar net 'n oproep word om voortdurend ou "vorms" van kerkwees met nuwe "vorms", wat tred hou met die tydsgees, te vervang.

Selfs prof. Amie van Wyk van die GKSA slaan hierdie rigting in. In die artikel *Die ou Hervorming moet steeds nuut wees* in *Die Kerkblad* van Augustus 2017, voer hy vier redes aan waarom hy reken die kerk voortdurend moet reformeer. Die derde rede is dat die Skrif telkens nuut verstaan behoort te word. As voorbeeld oor hoe die Skrif in ons tyd nuut verstaan behoort te word, verwys hy na die, volgens hom, insiggewende besluit van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (in Nederland) se besluit ten gunste van die vrou in die amp. Weer eens is die onderliggende voorveronderstelling dat die kerk in sekere aspekte van haar institusionele vorm, naamlik haar verstaan van die ampte, hervorming of eerder verandering, nodig het.

Verandering ter wille van verandering, broers en susters, vervlak die slagspreuk *semper reformanda* bloot tot die oproep dat die kerk voortdurend behoort te verander. Die *integriteit* van die kerk is dus te vinde in sy aanpassingsvermoë. Uiteindelik sluit die "vorms" wat moet verander, ook die leerstellige "vorms" in – sake soos die vrou in die amp, die aanvaarding van homoseksuele verhoudings, die ontkenning van Skrifgesag, ensovoorts.

1.2 Behoud van die tradisionele bloot t.w.v. bewaring

Die keersy van verandering bloot ter wille van verandering, is die bewaring van die tradisionele bloot ter wille van bewaring. Volgens hierdie standpunt moet die uitspraak *semper reformanda* vertolk word as 'n oproep om bloot die tradisionele waardes te bewaar. Die ou "vorms" moet behou word selfs al weet ons lankal nie meer wat die oorsprong, betekenis en Bybelse begronding van hierdie vorms is nie.

Kom ons neem die gebruik van 'n orrel as begeleidingsinstrument tydens 'n gereformeerde erediens as voorbeeld. Vir baie van ons is dit vandag ondenkbaar dat 'n konserwatiewe kerk dit kan oorweeg om enigsins van 'n ander instrument as 'n orrel gebruik te maak. Enige pogings om van die orrel ontslae te raak of ook ander instrumente naas die orrel in die erediens te gebruik, word as 'n bedreiging van tradisionele waardes of selfs as "ongereformeerd" beskou aangesien dit strydig met die gereformeerde tradisie is. Tog is dit interessant dat orrels eers rondom die 13de eeu as kerklike begeleidingsinstrument aanvaar is. Met die aanbreek van die Reformasie in die 16de eeu het baie protestantse kerke in Europa besluit om weg te doen met die orrel.

In sy artikel oor die orrel-kontroversie tot en met 1640, wys Henry Bruinsma daarop dat die weerstand in gereformeerde kringe teen die gebruik van die orrel in lande soos Frankryk en Switserland plek-plek so hewig was dat orrels vernietig en uit kerke verwyder is. Bruinsma merk op dat Calvyn, hoewel hy 'n voorstander van musiek tydens die erediens was, gekant was teen enige iets Rooms en daarom was hy ook van mening dat die mens se stem die beste

instrument is waardeur die gelowige God kan verheerlik. Die orrel is as 'n sekulêre instrument beskou sodat die Sinode van Dordrecht in 1574 verklaar: "Aangaande die speel van die orrel in die kerk, is dit ons standpunt dat dit geheel en al afgeskaf moet word." Tydens 1578 verklaar die Sinode van Dordrecht dat "die orrels wat vir 'n tyd lank geduld is, ten alle koste uit die kerk verwyder moet word."

Broeders en susters, ek probeer nie hierdeur betoog vir die verwydering van die orrel vanuit die gereformeerde erediens nie, maar dit is nodig dat ons eerlik genoeg daaroor sal wees dat gelowiges binne die gereformeerde tradisie dikwels geneig is om te bewaar slegs ter wille van bewaring. Ons kies vir 'n spesifieke vorm sonder om eerlik genoeg na die oorsprong daarvan of die Bybelse begronding daarvoor te gaan soek. Sodoende kan dit so maklik gebeur dat ons iets bewaar omdat dit na ons mening konserwatief en gereformeerd is, terwyl ons gereformeerde voorouers dit as liberaal en Rooms beskou het.

Wanneer ons beide groepe se misbruik van *semper reformanda* bestudeer, kom ons agter dat dit vir beide bloot oor die vorm gaan. Die een wil voortdurend die vorm verander en die ander wil ten alle koste die vorm behou. Wat ons egter miskyk, is dat jy beide kan doen en steeds nie reg laat geskied aan 'n slagspreuk soos *semper reformanda* nie. Die Presbiteriaanse teoloog, Anne Case-Winters, merk heel tereg op dat die slagspreuk twee kante het: "Our Reformed motto, rightly understood, challenges both the conservative and the liberal impulses that characterize our diverse body today. For it does not bless either preservation for preservation's sake, or change for change's sake."

Die vraag is nou wat dan met "die regte verstaan" van hierdie slagspreuk bedoel word? Hiervoor is dit nodig dat ons die slagspreuk vanuit die oorspronklike konteks en ooreenkomstig die oorspronklike bedoeling daarvan sal interpreteer. As ons egter nie nog verder gaan en kan aantoon dat hierdie oorspronklike bedoeling in ooreenstemming met die Skrif is nie, loop ons gevaar om die slagspreuk in 'n fopspeen te verander – dit bied valse troos, maar het in sigself geen krag om verandering te bewerk nie.

2. Oorsprong en ware betekenis van die slagspreuk

Volgens navorsers is daar grootliks eenstemmigheid dat die slagspreuk *semper reformanda*, of selfs die meer uitgebreide *ecclesia reformata semper reformanda*, nie vanuit die vroeëre Reformasie afkomstig is nie. Dit het eers gedurende die nadere Reformasie na vore getree. Volgens Michael Horton is die volledige uitspraak die eerste keer deur die Nederlandse predikant Jodocus van Lodenstein rondom 1674 gebruik: *Ecclesia reformata semper reformanda secundum verbi Dei* – 'n gereformeerde kerk is altyd besig om te reformeer ooreenkomstig die Woord van God.

Wat opvallend is, is dat hierdie uitspraak bykans 'n 150 jaar ná die aanvang van die Reformasie gemaak is. Dit is 'n baie belangrike waarneming, aangesien die Reformatoriese

beginsels en leerstellings teen daardie tyd reeds goed gevestig binne die gereformeerde kerkfamilie was. Kevin de Young help ons wanneer hy op twee belangrike bedoelings van Van Lodenstein se uitspraak wys. Dit was in die eerste plek Van Lodenstein se begeerte dat die kerk nie net in wat sy leerstellings betref, gereformeerd behoort te wees nie, maar uiteindelik behoort die kerk en sy lidmate ook daarop ingestel te wees dat hulle lewens en kerklike praktyk in ooreenstemming is met die leerstellige waarhede wat deur die Reformasie gevestig is. In die tweede plek pleit hy daarvoor dat die kerk nie die Reformasie as 'n afgehandelde gebeurtenis sal beskou nie. Die gereformeerde leer behoort ook voortdurend verder ontgin te word soos wat dit deur die Woord van God belig word.

Wim Dreyer voeg by: "[Van Lodenstein] het kerkhervorming as noodsaaklik beskou (soos Calvyn), maar was van mening dat die hervorming ook op die Christelike lewe moet fokus en nie tot leersuiwerheid beperk mag word nie." Van Lodenstein waarsku teen die gevaar van 'n oorbeklemtoning van die gereformeerde ortodoksie wat selfs erger en meer fundamentalisties as die Roomse leer kan wees.

Wanneer na hierdie interpretasie van Van Lodenstein se uitspraak gekyk word, is dit duidelik teenstrydig met die meer liberale gevolgtrekking dat *semper reformanda* bloot roep om voortdurende verandering van die vorm, maar dit staan ook teenoor die meer konserwatiewe benadering waarvolgens die Reformasie as 'n afgeslote gebeure beskou word sodat ons nou maar net die vorms in stand moet hou.

Wanneer die AP Kerk ná 500 jaar terugkyk oor haar reformatoriese herkoms en ook haar eie geskiedenis van die afgelope 30 jaar onder die loep neem, behoort ons na my mening juis by Van Lodenstein se bedoeling van *semper reformanda* aansluiting te vind. So 'n interpretasie van *semper reformanda* is wesenlik deel van die kerk se roeping en duidelik op die Skrif self gefundeer.

3. Vormgodsdiens

Tot hierdie begronding spreek Sagaría 7 baie duidelik tot ons. Sagaría het as profeet opgetree nadat 'n groot gedeelte van God se volk uit ballingskap uit teruggekeer het. In vers 2 lees ons dat daar 'n afvaardiging uit Bet-el besoek afgelê het by die tempelpriesters in Jerusalem. Verklaarders is onseker of die afvaardiging afkomstig was van die dorpie Bet-el, 'n paar kilometer noord van Jerusalem en of hulle 'n afvaardiging was uit die Jode wat in Babilonië agtergebly het.

Waar hulle vandaan gekom het, is egter minder belangrik as die navraag wat hulle gehad het. Volgens vers 2 en 3 wou hulle weet of hulle nog in die vyfde maand moes ween en vas soos wat hulle nou al vir soveel jare gedoen het. Dié spesifieke vastyd is deur die Jode ingestel nadat die tempel en Jerusalem verwoes en die volk in ballingskap weggevoer is. Mettertyd het hierdie vastyd maar net nog 'n gebruik geword. Verder is die ballingskap ook nou iets van die

verlede. Eenvormigheid in hulle godsdiens was egter vir die Jode belangrik – of jy nou uit Betel gekom het of nog in Babilonië agtergebly het. Hulle stuur dus hulle afvaardiging om seker te maak hulle gebruike en rituele, hulle "vorms" kom ooreen met Jerusalem s'n.

Wanneer 'n mens egter verder aan in die hoofstuk lees, is dit duidelik dat die volk in 'n soort vormgodsdiens verval het. Dit was vir hulle baie belangrik om, wat hulle godsdienstige rituele betref, al die regte dinge te doen en seker te maak dat die manier waarop hulle hul erediens inrig, ooreenkom met Jerusalem, maar hulle alledaagse optrede het hierdie heilige rituele van hulle weerspreek.

Broers en susters, hierdie gevaar van 'n ongeloofwaardige optrede is steeds 'n wesenlike gevaar vir die kerk. As ons nie versigtig is nie en as ons nie bereid is om onsself gereeld krities in die lig van die Woord te evalueer nie, kan ons baie maklik in die slaggat trap dat sinodes maar net vir ons die geleentheid bied om ons eie afvaardiging te stuur om uit te vind of ons darem nog eenvormig is wat ons rituele betref terwyl ons nie eens besef dat ons rituele miskien leeg en inhoudloos geword het nie.

In ons kerkverband is daar byvoorbeeld al sedert ons ontstaan 'n hewige debat aan die gang oor watter bronteks en Bybelvertaling ons behoort te gebruik. Natuurlik is dit nie 'n onbelangrike debat nie, maar dit het geen waarde as ons van sinode ná sinode stry oor watter Bybelvertaling die korrekte een is, maar ons laat na om te doen wat *in* die Bybel staan nie. Hoeveel keer sê mense nie: "Man, ek hou van julle kerk, want julle staan nog op die beginsels van die Woord, maar die rede waarom ek nie meer by julle is of na julle toe wil kom nie, is omdat julle so onder mekaar baklei." Dan help dit niks 'n mens staan kastig vir die regte beginsels, maar daardie beginsels beheers nie jou optrede nie!

Luister byvoorbeeld watter kriteria ons gebruik waaraan ons 'n kerk se behoudendheid meet: Is die liturgiese orde elke Sondag dieselfde? Staan die mans darem nog as daar gebid word? Word daar net Psalms en Gesange gesing? Het die kerk 'n orrel of het hulle 'n orkes? Dra die kerkraad darem nog swart pakke en wit dasse en preek die dominee darem nog met sy toga? Vorm, vorm, vorm.

Selfs meer charismatiese kerke loop gevaar om in die slaggat van vormgodsdiens te trap. By hulle lyk die "vorms" net 'n bietjie anders. Daar moet 'n orkes wees, daar moet "praise and worship" wees, daar moet hande geklap en "amen" uitgeroep word – anders, glo hulle, verloor die kerk sy aantrekkingskrag en is aanbidding nie "eg" nie. Die punt is egter dat jy ook al hierdie dinge kan doen, maar wanneer jou alledaagse lewenswandel en jou optrede as kerk nie in ooreenstemming met God se Woord is nie, sal mense ook só 'n aanbiddingswyse as vormgodsdiens beleef.

Geliefdes, God stel dit onomwonde in hierdie gedeelte dat Hy nie belangstel in heilige rituele wat nie ook bevestig word deur 'n heilige lewenswandel nie.

4. Heilige lewenswandel

In antwoord op hulle navraag, konfronteer God die volk met 'n baie belangrike vraag in vers 5: *As julle, nou sewentig jaar lank, in die vyfde en in die sewende maand gevas en getreur het, het julle toe werklik ter wille van My gevas?* Dit is belangrik om raak te sien dat God nie noodwendig die volk se rituele kritiseer nie. Hy wys ook nie die navraag na die korrekte vorm af asof die behoud van 'n bepaalde vorm verkeerd is nie, maar Hy bevraagteken wel hulle opregtheid. *Het julle dit ter wille van My gedoen*?

Geliefdes, in vers 9 en 10 noem Sagaría 'n paar van die dinge wat die volk gedoen het wat hulle uiterlike rituele en godsdienstige gebruike weerspreek en hulle ongeloofwaardig gemaak het. Die volk was inkonsekwent in hulle regspraak, liefde en barmhartigheid onder mekaar het ontbreek, die kwesbares in die gemeenskap is nie versorg nie en hulle het kwaad teenoor mekaar bedink.

Wanneer ons na die AP Kerk se statistieke gaan kyk, is dit kommerwekkend dat ons getalle van bykans 40 000 belydende lidmate rondom die jaar 2000 afgeneem het tot die huidige ongeveer 26 000 lidmate. Wys die afname in ons getalle nie dalk dat mense ons as ongeloofwaardig beleef nie? Is dit nie dalk só dat mense by ons vreeslike heilige rituele waarneem terwyl dit nie ook deur 'n heilige lewenswandel bevestig word nie?

Tereg dwing die Here ons ook vandag om Hom in die oë te kyk en te antwoord op die vraag: Het julle dit ter wille van My gedoen? Is Tim Keller nie dalk reg dat leerstellige korrektheid ons afgod geword het nie? Ons ken dalk al die gereformeerde leerstellings op die punte van ons vingers, maar wat help dit as daardie leerstellings nie ook ons harte raak sodat ons voete in beweging kan kom nie? Is dit nie juis insiggewend dat Petrus in 2 Petrus 1:5 skryf: "En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis …" Let op die volgorde – eers die deug en dan die kennis!

Op 12 Februarie 2014 skryf prof. Izak Brink 'n insiggewende artikel met die titel: "Gelukkig is ek gereformeerd". Daarin wys hy uit: "In ons eie kerkverband weeg gereformeerde voelhorings ook swaar. Dit word geëer, geleer en dien as norm om ander standpunte te kan beoordeel. Ons kan afwykinge wat oor ons pad kom met redelike gemak uitwys en beoordeel vanuit ons gereformeerde sensitiwiteite. Kortom: Ons is gloeiend oor ons gereformeerde grammatika wat getuig van 'n bepaalde geloofsoortuiging." Dan vra hy 'n indringende vraag; dieselfde vraag as wat Van Lodenstein gevra het: "Is dit egter genoeg? Dit is natuurlik 'n goeie begin om Bybelgetrou te kan antwoord en formuleer. Maar leer gaan saam met lewe. Dit is 'n ope vraag of kennis enige waarde het as dit nie geleef word nie."

Broeders en susters, as ons in die AP Kerk werklik wil uitroep: *Ecclesia reformata, semper reformanda secundum verbi Dei*, moet ons kerk se etiek voortspruit uit ons geloofsoortuigings anders is ons skynheilig. Die kerkverband se lewenswandel, maar ook die lewenswandel van elke individuele gelowige word hierdeur geraak. Ons oggend-en-aandpraatjies moet ooreenkom. Ons kan nie bekostig om 'n dualistiese bestaan te voer waarin ons voete in 'n ander rigting loop as waarin ons monde praat nie.

Ons kinders hoor ons Sondag vir Sondag preek: Liefde, sagmoedigheid, geduld, vrede, vergifnis, maar hulle sien kwaadwilligheid, afguns, onverdraagsaamheid, oneerlikheid en hoe ons uit vergaderings storm of dreig om te bedank as ons nie ons sin kry nie. Waar is ons geloofwaardigheid as ons as kerke in kerkverband sekere besluite neem, maar wanneer ons uit die sinode stap ignoreer ons daardie besluite sonder dat ons noodwendig 'n gewetensbeswaar daarteen het? Waar is ons geloofwaardigheid as ons daarop roem dat ons darem nog die tug toepas, maar dan is ons só inkonsekwent daarmee dat ons dit net sowel kan los? Lees jy prof. Roelof Marè se artikel in die Hervormingsuitgawe van *Die Boodskapper* van 2014 met die titel: *Moet ons nie ook reformeer nie?* word hierdie lys sommer vinnig langer.

Ek noem hierdie optrede van ons gereformeerde liberalisme – met ons lippe bely ons die heilige gereformeerde leer, maar met ons lewenswandel is ons kniediep vasgevang in die dryfsand van ongebondenheid. En dan wonder ons nog waarom ons kinders die kerk verlaat wanneer hulle klaar belydenis van geloof afgelê het?

Wat help dit, broers en susters, dat die AP Kerk se sendingbeleid geprys word as een van die suiwerste sendingbeleide, maar as daar tydens visitasie gevra word na 'n gemeente se betrokkenheid by sending en evangelisasie, is die antwoord: Ons dominee is darem by die ouetehuis betrokke! As ons onsself werklik as kerk van Jesus Christus beskou, waarom is ons meer bekommerd oor 'n wysiging aan artikel 3 van *Die Kerkorde* as wat ons is oor die hoë egskeidingsyfer onder leraars en ampsdraers?

Broeders en susters, 'n kerk wat in die ware sin van die woord uitroep *semper reformanda*, kan nie ná vier jaar se arbeid 'n sinodesakelys in behandeling neem wat binne drie dae afgehandel word terwyl die moontlike verandering aan predikante se mediese voordele een van die mees kontensieuse sake op die agenda is nie! Dit getuig daarvan dat ons eintlik maar net hier byeen is om die ou vorms te bevestig.

Uiteindelik, broeders en susters, reken ek dit is nodig dat ons in die AP Kerk ook grondig sal besin oor ons siening van wat dit beteken om werklik "kerk van Jesus Christus" te wees. Is dit genoeg om net op 'n Sondag 'n erediens te hê en dalk so af en toe 'n huisbesoek te kry? Behoort 'n kerk se hooffokus sy jaarlikse basaar te wees sodat die dominee darem betaal kan word? As dit is hoe ver die roeping van die kerk volgens ons strek, kan ons dan werklik saam met Calvyn uitroep: *Soli Deo Gloria?*

'n Kerk wat *semper reformanda* verstaan as die oproep om voortdurend op die Christelike lewe te fokus en dit in lyn met God se Woord te bring, is 'n kerk wat sy eie swakhede en tekortkominge erken. Dit is 'n kerk wat rekening hou met die gevalle en onvolmaakte toestand waarin ons hier op aarde verkeer. Om daardie rede sal so 'n kerk ook nooit ophou nadink oor die beginsels en waarhede van God se Woord asof sy alle wysheid in pag het nie. Nee, 'n kerk wat uitroep *semper reformanda* sal voortdurend dieselfde gees as die manne van Beréa in Handelinge 17 openbaar deur elke dag die Skrifte te ondersoek sodat ons al hoe meer kante van die diamant kan ontdek.

In die hoofstuk: *It ain't over until the fat lady sings* van sy boek *Minority Report*, herinner Carl Trueman ons juis daaraan dat konfessionele Protestantisme 'n ryk geskiedenis het en nog altyd die geskiedenis ernstig opgeneem het. Dit gee nie sy ryke tradisie prys ter wille van die tydsgees nie, maar neem dit wat die kerk oor die eeue heen van die Bybel gesê het, ernstig op. Daarom, broeders dominees, durf ons onsself nie teologies en intellektueel te verarm deur te reken die Christendom het eers in 1517 aangebreek nie. Luister na Trueman: "If you hold to Reformed Orthodoxy, you can quite legitimately interact with and appropriate the best theology, West and East, from the Apostolic Fathers down to the present day, in your articulation of a truly catholic (algemene) orthodoxy."

Broeders en susters, 'n kerk wat nie op hierdie wyse reformeer nie, moet God se waarskuwing in die laaste verse van Sagaría 7 baie ernstig opneem.

5. Ernstige waarskuwing

Hy herinner die volk wat met hulle voorvaders gebeur het omdat hulle heilige rituele nie bevestig is deur 'n geloofwaardige lewenswandel nie. Die besnydenis van die vlees was vir hulle belangriker as die besnydenis van die hart. Dit het gelei tot die vernietiging van die volk en alles wat vir hulle belangrik was. Dit is die gevolg, geliefdes. 'n Ongeloofwaardige lewenswandel het die potensiaal om kerke te vernietig en selfs kerkverbande te gronde te laat gaan. God se kerk sal nooit tot niet gaan nie, maar dit beteken nie dat sekere kerke en kerkverbande nie vernietig sal word omdat hulle nie geloofwaardig is nie.

6. Slot

Geliefdes, ons moet versigtig wees dat die AP Kerk nie minder geloofwaardig as Jacob Zuma of die ANC-regering word nie. Dit gebeur wanneer ons *semper reformanda* vervlak tot verandering bloot ter wille van verandering of bewaring bloot ter wille van bewaring. *Semper reformanda* roep om meer. Langenhoven het dit mooi raakgevat toe hy gesê het: "Die man wat ek na soek, is nie dié wat die minste foute maak nie, maar dié wat die meeste foute regmaak". Ons kan dit ook anders stel: Die kerk wat ons soek, is nie die een wat die minste foute maak nie, maar die een wat die meeste foute bely en in die krag van die Gees regmaak.

Dit is nie ’n maklike taak nie, inteendeel, dit is eintlik buite ons bereik tensy ons, soos prof. Marè in sy artikel, erken dat die enigste manier om dit reg te kry, nie in eie krag is nie, maar in die krag van Christus. *Semper reformanda* is slegs moontlik wanneer ons ingeplant is by die fontein van lewende water wat uit die tempel van God voortvloei. ’n Kerk wat langs hierdie stroom geplant is se blare verwelk nie en sy vrugte raak nooit op nie. Só ’n kerk dra nie net God se Woord as ’n voorhoofsband tussen sy oë of as teken op sy hand nie; só ’n kerk skryf dit nie net op sy deurposte nie, maar dra dit in sy hart!

BYLAE 4: LAAT REGISTRASIE TOT EN MET 12:00

Gemeente	Titel	Van	Naam
Newcastle	Ds	Janse van Rensburg	Coenraad Jacobus
Outjo/Grootfontein	Ds	Groenewald	Nicolaas Jacobus
Reitz	Ds	Botha	Pieter Willem
Roedtan	Oudl	Rauch	Roelof Jacobus

ALFABETIESE SAKEREGISTER

30

30-Jarige bestaan van die AP Kerk..... 338, 373

A

Aanlyn Boekwinkel.....*Kyk* Multimedia
Afgevaardigdes vir Sinode 2017 .. 339, 407
Afrikanermuseum 346, 375
Afsluiting 407
Afsnydatum vir sinodestukke 340
Ampsdraers van die Sinode 374
AP Akademie..... 343, 347, 354, 364, 365, 373, 386, 387, 388, 389, 390, 391, 392, 393, 394, 399, 404, 407
- B.Div.-graad 390
- Dekane..... 391
- Doseerpersoneel 386
- Dosente..... 393
- Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.... 390, 391
- Fakulteit Teologie 391
- Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) 394
- Instituut vir Christelike Sielkunde (ICP) 390, 391
- Jonathan Edwards Centre Africa (JECA) 394
- Kanselier 389
- Landboukwalifikasie 391
- Nagraadse Gevorderde Onderwyssertifikaat (NGOS) 390, 407
- Ooreenkoms GKK en AP Akademie.. 364
- Personeel..... 391, 393
- Skenkings en fondse..... 393
- Studentegetalle..... 391
- Terrein en geboue 393
- Verselfstandiging..... 393
- Vise-kanselier/Rektor..... 389

Arbeidsonrus 345, 374
Argief..... 344, 359, 360, 361, 397, 404
- Aanstel van kerkargiefassistent..... 359
- Afskrifte van doop- en lidmateregisters 360
- Argivarispos 361
- ATA-vergadering 359
- Digitale verslae 360
- Foto's 360
- Geouditeerde finansiële state 360
- Huweliksregister..... 360
- Notules..... 360
- Opleiding..... 359
- Ringsdokumente 360
- Statistiek 359
- Visitasieverslae 360
- Webwerf..... 359

Artikel 3 .....*Kyk* Kerkorde (boek)
Ateljee ..... *Kyk* Multimedia
Attestaat .....*Kyk* Kerkorde (boek)

B

B.Div.-graad .....*Kyk* AP Akademie
Basuingeklank ..... *Kyk* Multimedia
Bedankings 407
Bedieningshulp 340
Begeleiding by losmaking.....347
Beurse en lenings *Kyk* Teologiese studente
Blanke verarming ..... *Kyk* Diens van Barmhartigheid
Broederlike gesprek 355, 376, 420
Buite kerkverband gestel 402
Bybel Direkte Vertaling (BDV) ..... *Kyk* Bybelgenootskap
Bybelgenootskap
- *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling399
- Bybel Direkte Vertaling (BDV).....346
- Bybelverspreiding 396
- Jaarlikse bydrae per lidmaat 396
- Kerklike Advieskomitee (KABA).....346, 375, 399
- Promosiemateriaal 396
- Verteenwoordigers.....399
- Verteenwoordigers op Kerklike Advieskomitee (KABA).....399

Bybelkennis.....349
- Bestek van eksamen 349
- Bevordering onder die jeug.....361
- Eksamen 361, 404

Bybel-Media 352

C

Censura morum 407
Christelike Volkseie Onderwys 400

D

Dekane.....*Kyk* AP Akademie
Die Boodskapper.349, 350, 358, 359, 366, 379, 393, 403, 427
- *Die Jeugboodskapper* 358, 359, 403
- Elektroniese formaat.....349
- Koste 358
- Verspreiding van *DB* en *DJB*....350, 358
- Vestiging van leeskultuur.....358

Die Boodskapper aanlyn ... *Kyk* Multimedia
Die JeugboodskapperKyk Die Boodskapper
Diens van barmhartigheid 347, 375
Werkverskaffingsprojekte 347
Direkteur van Kerkadministrasie 404
Prosedure by benoeming 363
Discovery Health 367, 402
Dosente ..... *Kyk* AP Akademie
Droogtehulp 347, 375

E

Eeufeesviering Vrouemonument . 346, 375
Egskeiding 381, 389
Eiendom 366
Eiendomskomitee 363
Elektroniese preekbank 351, 375
Elkeen oral gestuurde 343, 349
Emeriti..... *Kyk* Leraars
Emeritus hulpfonds..... 345
Engelse weergawe *Skriflig op Kerk en Volk* 349, 375
Ergerlike sondes..... 373
Evolusieleer 371

F

Facebook-blad..... *Kyk* Multimedia
Fakulteit Teologie ..... *Kyk* AP Akademie
Formaat van die *Kerkjaarboek* 355

G

Gay Children, Straight Parents 351, 376
Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG)..... *Kyk* Kerke
Gemeentes
Afwesig sonder verskoning 356
Gemeentes en leraars wat nie verpligtinge teenoor die kerkverband nakom nie 364
Gestig en ontbind 344
Hulpaansoeke 348
Hulpbehoewend..... 345, 382
Praktiese hulp aan 340
Statistiek..... 344
Gereformeerde gespreksforum 345, 374
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) ..... *Kyk* Kerke
Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan ..... *Kyk* Kerke
Gesprekke met ander Christelike kerke 341, 374
Gevangenisbearbeiding..... 346
Goedkeuring van notule 366, 406
Gratis publikasies en hulpbronne ..... *Kyk* Multimedia
Groeteboodskappe 338, 342, 343, 374
Grondherverdelingsprogram..... 345
Grondteks Nuwe Testament 371

H

Haatmisdaad 345
Haatspraak 345
Hulpaansoeke..... *Kyk* Gemeentes
Huweliksverrykingskursusse 407

I

Instituut vir Christelike Sielkunde (ICP) ..... *Kyk* AP Akademie

J

Jagersfontein..... 364, 402
Jeug en verbondsonderrigstrategie 362
Jonathan Edwards Centre Africa (JECA) ..... *Kyk* AP Akademie
Jou roeping in die Koninkryk 343

K

Kanselier ..... *Kyk* AP Akademie
Kategorieë en beoordeling van publikasies 353
Kerke
Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) 342, 394
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) 341, 351, 352, 371, 401
Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan (GPK) 341
Konferensie van Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (KGKSA) 341
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)..... 341, 347, 371, 374
Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk/NGK)..... 341, 347, 371, 374
Reformed Church of the North Shore 342
Verhouding met NGK en NHKA..... 371
Vrye Gereformeerde Kerk De Deur ... 402
Vrye Gereformeerde Kerk Randburg 342
Kerklike Advieskomitee (KABA) ..... *Kyk* Bybelgenootskap
Kerknuus ..... *Kyk* Mediaskakeling
Kerkorde (boek)
Artikel 1.1..... 406
Artikel 3 383
Artikel 4.3..... 377

Artikel 10.6 378
Artikel 10.7 378
Artikel 13 378
Artikel 17.2 378
Artikel 19.1 en 19.2 379
Artikel 19.3 379
Artikel 19.3.1 379
Artikel 19.3.2 379
Artikel 19.7 379
Artikel 31 379
Artikel 36.1 380
Artikel 37.3 380
Artikel 37.6 380
Artikel 38.2 366
Artikel 38.3 380
Artikel 57.4.2 en 57.4.3 380
Artikel 58.1, 58.2.1 en 58.2.2 381
Attestaat 376, 403
Bepaling 4F 377
Bepaling 13A 378
Bepaling 13B 378
Bepaling 14E 378
Bepaling 37J 380
Bepaling 37K 380
Bepaling 53E (Nuut) 380
Beroepsbriefwysiging 367
Bylae 1, punt 1.3 en 1.4 382
KKS lasgewing punt 3 381
Kerkregwoordeboek 377, 383, 404
KGKSA ..... *Kyk* Konferensie van Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (KGKSA)
Kinderkerk 370, 371, 406
Kleuterkerk ..... *Kyk* Kinderkerk
Koffiefontein 364, 402
Koffietafelgesprekke ..... *Kyk* Multimedia
Kolporteurs 350, 353, 376
Kolporteurstelsel 353
Kommentaar ..... *Kyk* Multimedia
Kommissie vir kommissies ..... *Kyk* Kommissies
Kommissies
Ad hoc-kommissie vir Bybelvertaling 372, 399
Ad hoc-kommissie vir die herskryf van Verbondsonderrighandboeke 395, 399
Ad hoc-kommissie vir Sondagsviering 370, 399
Advies en leiding 345
Benoeming van tydelike kommissies 340
Kommissie vir kommissies 348, 383
Lasgewing van permanente sinodale kommissies 373
Permanente kommissies 397
Permanente kommissies, konstituering 404
Samestelling van sinodale kommissies 382
Tydelike kommissie vir finansies 367, 402
Tydelike kommissie vir geloofsbriewe 338, 355, 362, 397
Tydelike kommissie vir kerkregtelike sake 339, 344, 356, 364, 376, 381, 402, 403
Tydelike kommissie vir kommissies 397, 404
Tydelike kommissie vir mediaskakeling 373, 403, 407
Tydelike kommissie vir verlofaansoeke 356, 368, 383, 385, 404
Verteenwoordigers by die Bybelgenootskap 399
Verteenwoordigers op Kerklike Advieskomitee (KABA) 399
Wisseling van lede op sinodale kommissies 383
Konferensies
Predikantekonferensie 347, 388
Susterskonferensie 347
Konkordansie van die Psalms en Gesange vir die AP Kerk 349, 375
Konsep-memorandum 341
Konstituering 338, 404
Konvent van reformatoriese kerke 340
Koop en verkoop van kerklike eiendom 366
Koördinering van sendingaksies 385
Korrespondensie ..... *Kyk* Mediaskakeling
Kortbegrip 395
Kuratorium
Aansoek om status AE van den Berg 403
Omsendbrief aan emeriti 388
Skakeling met AP Akademie 387
Skakeling met teologiese dosente 387
Kworum, bepaling van 382

L

Landboukwalifikasie ..... *Kyk* AP Akademie
Law Commission 345
Leraars 374
Aansoek om status 386
Behoud van status 387
Emeriteer sedert 2013 344
Emeriti 367, 374, 381, 382, 388, 404
Oorlede 344
Reisende diens 345
Toegelaat en tans in diens 344
Traktementskale 364
Uit die bediening 344
Verlies van status 387
Voortgesette teologiese opleiding 388

Lidmate in buiteland 340
Lig in Duisternis-prys 353

M

Mediaskakeling 346
Ander radiostasies 346, 375
Kerknuus 346, 358, 375, 403
Korrespondensie 346
Pretoria FM 346, 354, 375, 376
SKK Verklarings 346, 354
Mediese fonds 367
Klassieke Spaarplan 367, 402
Misdaad 374
Missionale gespreksgeleenthede 386
Multimedia 353
Aanlyn Boekwinkel 353, 354, 376
Ateljee 355
Basuingeklank 354, 376
Die Boodskapper aanlyn 354
Facebook-blad 355, 376
Gratis publikasies en hulpbronne ... 354
Koffietafelgesprekke 353, 376
Kommentaarartikels 354, 376
Redakteursforum 354, 376
SKK verklarings 354, 375
Video-opnames 353, 376
Vraag en antwoord 354
Webwerf . 340, 349, 350, 351, 353, 354, 355, 359, 374, 375, 376, 406
YouTube-kanaal 355, 374, 376
Musiekfees 338

N

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) ..... *Kyk* Kerke
Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk/NGK) ..... *Kyk* Kerke
NGOS ..... *Kyk* AP Akademie

O

Ooreenkoms GKK en AP Akademie *Kyk* AP Akademie
Openbare vakansiedae 345
Opening 338
Openingsrede by sinode 343
Ordereëlings 339
Owerheid 345, 374

P

Pamflette 351, 375
Permanente kommissies . *Kyk* Kommissies, Permanente kommissies
Plaasmoorde 345
Praktiese werk in 'n plaaslike kerk ..... *Kyk* Teologiese studente
Predikantekonferensie ... *Kyk* Konferensies
Pretoria FM ..... *Kyk* Mediaskakeling
Psalms en Gesange vir die AP Kerk
CCLI lisensiegelde 352
Herdruk 351
Totius-berymings 352
Publikasies . 350, 351, 353, 357, 358, 364, 369, 375, 376, 401
Beplande publikasies 351
Diverse Publikasies sedert 2013 351
Publikasies van ander uitgewers 351

R

Redakteursforum ..... *Kyk* Multimedia
Reël van sinode 340, 344
Reformasie 500 ..... 338, 343, 373
Reiskoste 382
Reiskostetarief 364
Revisie 355, 371, 406
Ringe
Samesmelting Groblershoop en Olifantshoek 348

S

Salarisskale van personeel en dosente . 364
Samestelling GKK 366
Sendelinge, status en beroeping van ... 386
Sendingprojekte 407
Sinodale publikasies sedert 2013
Kerkjaarboek 2014-2017 350
Kerkorde 2014 350
Sinode van Dordrecht 343, 423
Skakeling met die regering 345
SKK verklarings .... *Kyk* Mediaskakeling en Multimedia
Skole 375, 400, 407
Skriba van die sinode 348
Skryfkursusse 351
Slimfoontoepassing 351, 376
Sondagsviering 349, 369, 370, 399
Stand van sending in die AP Kerkverband 385
Statistiek 359
Stemopnemers en -tellers 339
Stemreg 339, 362
Stemreg Warmbad 339, 344
Studentegetalle ..... *Kyk* AP Akademie
Studiestukke, publikasie van 349, 375
Subsidie aan emeriti . *Kyk* Leraars, Emeriti
Suid-Vrystaat 340, 403
Susterskonferensie ..... *Kyk* Konferensies

T

Tentmakerbediening.....373, 389, 404
Teologiese studente
Begeleiding en voogdyskappe 388
Beurse en lenings 389
Gelegitimeer 387
Praktiese werk in 'n plaaslike kerk ..392
TLU SA 345, 374
Toelating van lidmate uit ander kerke 344, 371
Totius-beryming ...*Kyk* Psalms en Gesange vir die AP Kerk
Traktementskale ..... *Kyk* Leraars
Trustfonds 404
Trustfondstoelaes.....364
Tussenkerklike raad.....341
Tydelike kommissies .....*Kyk* Kommissies

V

Verbondsonderrighandboeke 349, 350, 371, 395, 399
Verbondsonderrigkursus 361
Verbondsonderrigpublikasies.....350
Verkiesing
Aktuarius..... 345, 347, 348, 351, 352
GKK-lede.....361, 403, 404
Hulpskriba.....358, 359, 361
Ondervoorsitter 343, 344, 345
Raad van die APA 404, 406
Skriba 352, 355, 356
Voorsitter..... 340, 341, 342, 343
Verklarings.....*Kyk* Mediaskakeling
Verlies van status ..... *Kyk* Leraars
Verootmoedigingsdae 346, 375
Verskonings 338
Vertaling Heidelbergse Kategismus in Afrikaans.....401
Vertroulikheid van kerkraadsverslae en dokumente 361
Verwelkoming.....338, 395
Video-opnames ..... *Kyk* Multimedia
Vise-kanselier/Rektor ....*Kyk* AP Akademie
Voedselsekerheid 345, 374
Voortgesette teologiese opleiding ..... *Kyk* Leraars
Vraag en antwoord..... *Kyk* Multimedia

W

Waarborgstelling ten bate van AP Akademie.....364
Webwerf ..... *Kyk* Multimedia
Willie Lubbe Teologiese Studiefonds (WLTSF).....388, 389
Woordeboek vir die Afrikaanse taal (WAT) 346, 375

Y

YouTube-kanaal ..... *Kyk* Multimedia